# PAV LYSTINGSKOMITEE

REDAKTEUR: SCHALK LE ROUX

## PLEKKE EN GEBOUE VAN PRETORIA VOLUME EEN



# PLEKKE EN GEBOUE VAN PRETORIA

‘n OORSIG VAN HULLE ARGITEKTONIESE EN STEDELIKE BELANG

## VOLUME EEN

## REDAKTEUR: SCHALK LE ROUX

PUBLISEER DEUR DIE PRETORIA ARGITEKTUURVERENIGING
GEDRUK DEUR DIE STADSRAAD VAN PRETORIA
SEPTEMBER 1992

Kopiereg @ 1990 PAV

Eerste uitgawe, eerste druk 1990
Omslagontwerp deur Nico Botes
na 'n tekening deur Gerrit Jordaan
Gedruk en gebind deur Stadsraad
van Pretoria Posbus 408 Pretoria

ISBN 0 620 14593 5

Tweede druk 1992

Hierdie publikasie is saamgestel en versorg deur Schalk le Roux en Nico Botes met die hulp van Thomas Honiball, Mauritz Naudé en Hugo de Wet. Foto's is ontwikkel en gedruk deur Frik Dreyer van NASKO. Historiese foto's verskaf deur die Stadsraad van Pretoria

## ERRATA EN TOEVOEGINGS

Die lys is vir die doeleindes van hierdie publikasie nie hersien nie. Dit sal gedoen word tydens die herondersoek van die gebied, wat eersdaags deur die geskiedenis konsultant begin word. Sommige moontlike foute of weglatings wat onder ons aandag gekom het, word hier aangedui. Behalwe waar anders vermeld is hierdie toevoegings ontleen aan die ongepubliseerde lys van argitekte van voor 1945, wat tans deur die RGN saamgestel word.

Bladsy 51: "morê" moet lees "môre".
Bladsy 61: Die argitekte van die hoofposkantoor was Tulley Waters en Cleland.
Bladsy 76: J. Ralston was ook by die ontwerp van die Capitolteater betrokke.
Bladsy 83: J.B. Wyers kon Velrahuis in 1934 moontlik saam met Burg ontwerp het.
Bladsy 84: Gordon Ellis het Burlington House saam met sy vennoot Powers (Cowin Powers Ellis) ontwerp.
Bladsy 101: Fatti's is in 1936 deur Cowin en Ellis ontwerp.
Bladsy 110: Vir 'n hele lys van wie almal by die ontwerp en veranderinge van St Alban's betrokke was, kyk genoemde lys.
Bladsy 122: Aubrey Nunn het skynbaar die leeue aandeel in die ontwerp van Eaton Hall gehad. Die gebou is in 1939 voltooi?
Bladsy 126: Die H.V. Bird-gebou is deur A.F. Laurie ontwerp en dateer vanaf 1936.

## VOORWOORD BY DIE EERSTE HERDRUK

Dit is goed dat dit nodig geword het om hierdie werksdokument, met al sy foute en lakunes, te herdruk. Dit beteken dat dit gebruik word en dat alle Pretorianers besig is om BEWUS TE WORD van hulle omgewing en die rolle wat hulle daarin te speel het.

Sedert die eerste publikasie van hierdie lys van plekke en geboue van Pretoria het die Stadsraad ook meer betrokke by die bewaring van die stadsomgewing geraak.

Konsultante is aangestel om die werk wat deur die Pretoriase Argitektuurvereniging begin is, voort te sit. ‘n Tweede volume wat die noordelike helfte van die middestad ondersoek het in 1991 verskyn. Hierdie werk gaan voort en ‘n derde deel - die suidwestelike kwadrant - is in voorbereiding.

Terselfdertyd word die historiese onderbou deur ‘n onafhanklike konsultant nageloop met die doel om die inligting reeds beskikbaar te verryk en die konteks daarvan te verbreed.

‘n Komitee vir nouer skakeling tussen bewaringsorganisasies en die Stadsraad is op inisiatief van die Raad in die lewe geroep.

SCHALK LE ROUX
SCHALK LE ROUX UYS KRUGER ARGITEKTE
September 1992

## VOORWOORD

Die bestuur van die Pretoria Argitektuurvereniging het in 1984 besluit om daadwerklik by bewaring in die stad betrokke te raak. ‘n Lystingskomitee is gevolglik in hierdie jaar as ‘n subkomitee van die PAV gestig met die hoofdoel om ‘n lys van die bewaringswaardige geboue in Pretoria en omgewing op te stel. Deur hierdie aksie sou ons terselfdertyd ons stad beter leer ken en sou die inligting beskikbaar gestel kon word aan die RNG, die Stadsraad van Pretoria of enige instansie en ontwikkelaar om dit sinvol te kan implimenteer.

Weens die omvang van die werk het die Lystingskomitee dadelik tot die besef gekom dat die taak nie alleen gedoen kon word nie en is alle instansies met bewaringsbelange in Pretoria op uitnodiging hierby betrek. Met hierdie betrokkenheid het ons daarin geslaag om bewaringsbewuste persone saam om een tafel te kry. Hierdie samewerking is van kardinale belang vir ‘n lystingsaksie - nie net in Pretoria nie, maar ook die res van die land.

Die loodsingsvergadering het plaasgevind op die 5e Oktober 1984 en die volgende instansies het hulle hulp met groot entoesiasme aangebied:

Genootskap Oud-Pretoria
Nasionale Kultuurhistoriese en Opelugmuseum
Stigting Simon van der Stel
Stadsraad van Pretoria
Universiteit van Pretoria - Departement Argitektuur
Burqerlike Trust Pretoria
Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede
Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing
Beweging Red Kerkplein onder beskerming van “Federale Vroueraad Volksbelang”
Pretoria Argitektuurvereniging
TPA-Museumdienste
Departement Omgewingsake

Tydens die meer as vyf jaar wat die lystingskomitee werksaam was, het komiteelede gekom en gegaan. As voorsitter wil ek graag my dank betuig aan elkeen wat meegehelp het tot die opstel van die eerste lys. Sommige het veldwerk gedoen of geld ingesamel, of watter plig ookal verrig, maar almal het saamgewerk uit liefde vir die saak van bewaring - meestal na werk en oor naweke.

Die volgende persone en instansies verdien spesiale dank:

Pretoria Argitektuurvereniging - alle lede wat betrokke was en dikwels hul kantoorpersoneel ingespan het in krisistye.

Lede wat feitlik deurgaans betrokke was, is W.H.C. Kroger, Glaudine Kruger, Schalk le Roux, Lillibeth Moolman, Mauritz Naudé, Debbie Preller, Dotman Pretorius, Willem Punt, Deidre van der Berg, Tilly van der Merwe, Gerhard-Mark van der Waal, Molly Willmer en die Argitektuurstudente - Universiteit van Pretoria.

Vir kundige advies en ekstra werk gelewer;

| | |
|---|---|
| Glaudine Kruger | Stigting Simon van der Stel |
| Schalk le Roux | UP Departement Argitektuur & PAV |
| Mauritz Naudé | NASKO |
| Dotman Pretorius | Stigting Simon van der Stel |

Vir finansiële hulp en skenkings;

Erfeniskomitee - Transvaalse Provinsiale Instituut Van Argitekte
Stigting Simon van der Stel
Burgerlike Trust
Beweging Red Kerkplein
Stadsraad van Pretoria

Soos die lystingsproses gevorder het is meer besonderhede versamel as wat oorspronklik beplan is. Dit het meegebring dat die eindproduk nie maklik op ‘n deeltydse basis kon geskied nie. Danksy die Erfeniskomitee, wat verdere fondse beskikbaar gestel het, kon ons ‘n persoon op ‘n meer voltydse basis aanstel om die belangrike afrondingswerk van die eerste volume van die lys te doen.

Ten laaste moet die Stadsraad van Pretoria bedank word. Hulle betrokkenheid by die lysting en die besef van die noodsaaklikheid vir ‘n lys vir die vooruitbeplanning van die stad, het gelei tot die aanstelling van ‘n baie kundige persoon om op ‘n voltydse basis met die lysting voort te gaan. Dit is ‘n voortsetting van die PAV se inisiatief.

Dit is vandag moeilik om te glo dat die sloping van die Wesfasade van Kerkplein ‘n dekade gelede ter sprake was. Danksy die bewaringsbewuswording van die owerhede en publiek beleef ons nou ‘n era waarin die beeld en identiteit van ons dorpe en stede ‘n hoë prioriteit geniet. Bewaring en die uitbouing daarvan verbeter die stadskwaliteit en gee aan die inwoner daardie ekstra trots waarmee hy graag geïdentifiseer wil word.

Om te bewaar beteken nie dat ons negatief staan teenoor ontwikkeling nie, die teendeel is waar, want ons is besig met beplanning vir die toekoms. Ons glo dat hierdie publikasie ‘n groot bydrae sal lewer in die bewaringsaksie van Pretoria maar ook dat dit as aansporing sal dien vir bewaringsinstansies in ander sentra om saam te staan en soortgelyke waarderings van hul omgewings te doen.

THOMAS HONIBALL
Voorsitter - PAV - lystingskomitee
Pretoria

# INHOUD

Voorwoord: T Honiball iii
Inleiding vii

**HOOFSTUK 1**: LYSTING IN PRETORIA - AGTERGROND EN METODES

1.1 Inleiding 1
1.2 Die PAV-lystingskomitee 2
1.2.1 Metodes van die PAV 4
1.2.2 Die opname 5
1.3 Dokumentasieprojek van die Departement Argitektuur 6
1.3.1 Beredeneerde keuring 7
1.4 Samevatting 7

FIGUUR 1.1 Grense van die middestad soos bepaal vir die PAV lysting 9

FIGUUR 1.2 Grense van die middestad, ca 1890 10

FIGUUR 1.3 Voorbeeld van die oorspronklike PAV-lystingsvorm 11

FIGUUR 1.4 Kaart van 'n wyk 12

FIGUUR 1.5 Kaart met bloknommers 13

**HOOFSTUK 2**: LITERATUUROORSIG: REGISTERS

2.1 Inleiding 14
2.2 Registers 14
2.2.1 Inventarisering in Suid-Afrika 15
2.2.2 Belang en rol 17
2.2.3 Nasionale aard van Registers 18
2.2.4 Vaste kriteria 18
2.2.5 Teoretiese begrippe ontleed 20
2.2.6 Benadering van die RNG 22
2.3 Samevatting 23

**HOOFSTUK 3**: LITERATUUROORSIG: INLIGTING VIR REGISTERS EN LYSTE

3.1 Inleiding 26
3.2 Inligting uit Registers en lyste 26
3.2.1 Vergelykende inligting 26
3.2.2 Inligting verlang 27
3.2.3 Ooreenkomste en verskille 27
3.3 Inligting benodig vir lysting 28
3.3.1 Die PAV-lys 28
3.3.2 Die volledige opname 28
3.4 Kriteria vir lysting 29
3.5 Samevatting 33

TABEL 3.1 Opsomming van inligtingspunte uit Registers en lyste 35

**HOOFSTUK 4**: VYF ESSAYS

4.1 Die argitektuur van Pretoria - enkele karakteristieke van die middestad: Dr G-M van der Waal 40
4.2 'n Kultuurbeeld van Pretoria: M Naudé 42
4.3 Pretoria se fonteine-ingang vandag en môre: Prof D Holm 45
4.4 Pretoria se suid-oos kwadrant - bewaar en ontwikkel: G Jordaan 47
4.5 Die stad wat uitmunt in voortreflikheid: Prof 0J0 Ferreira 50

**HOOFSTUK 5**: LYS VAN GEBOUE EN PLEKKE 54

FIGUUR 5.1: Bloknommers 55

FIGUUR 5.2: Suid-oos kwadrant van die middestad 56

FIGUUR 5.3: Noordelike gedeelte van die suid-oos kwadrant 164

FIGUUR 5.4: Suidelike gedeelte van die suid-oos kwadrant 165

**BIBLIOGRAFIE** 166

BYLAE 1: Kriteria soos voorgestel deur die RGN 171

BYLAE 2: Datavorm van die RNG 172

# INLEIDING

Die PAV-lystingspoging van Pretoriase plekke van waarde het in 1984 ‘n aanvang geneem en verloop soos in hoofstuk 1 verduidelik word. Die poging is nie afgehandel nie en sal in werklikheid nooit wees nie - lysting is ‘n voortdurende en aaneenlopende proses, omdat ook die stad, wat ondersoek word, ‘n onvoltooide, groeiende, veranderende skepping is.

Die besluit om hierdie eerste volume van ‘n gedeelte van die middestad te publiseer is egter nie ligtelik geneem nie. Hierdie lys van die suidoostelike kwadrant van die stad, begrens deur Paul Krugerstraat, Kerkstraat en die Apiesrivier, is nie volmaak nie en die komitee is deeglik bewus daarvan - gebreke word in die lys self aangedui. Dit beteken nie dat daar gewag kan word tot die ideale toestand bereik word nie, iets wat elk geval per definisie nie moontlik is nie. Sedert die lystingspoging begin is, het vele geboue reeds verdwyn en selfs in hierdie lys is daar geboue wat intussen gesloop is. Hulle waarde het gevolglik akademies geword. Dit is nodig om ten spyte van selfs die meer opvallende gebreke, plekke van waarde so gou moontlik te identifiseer en onder die aandag van alle bewaringsbewustes en - onbewustes te bring – wat eintlik een van die mikpunte van ‘n bewaringslys is.

Dit is verder noodsaaklik om die werk wat tot dusver gedoen is vir kritiek oop te gooi sodat nodige aanpassings ingevoer kan word, prosesse verfyn en die benadering verskerp kan word om uiteindelik ‘n waardige en verantwoorde lys van die elemente wat die kwaliteit van die stad bepaal of frustreer daar te stel.

Die benadering is stedelik en argitektonies - gevolglik speel die visueel waarneembare die belangrikste rol terwyl die ewe belangrike historiese, sosiale en maatskaplike kriteria (dieper verberg en moeiliker bekombaar) nie altyd hulle regmatige plek volstaan nie. Hierdie benadering is nie doelbewus eksklusief nie, maar pragmaties en realisties ten opsigte van ‘n plek wat nie stilstaan nie maar sienderoe verander. Die genoemde kriteria is van groot belang en moet in die toekoms deur mense wat deeglik in die historiese dissipline onderlê is, ondersoek, bepaal en by die lys gevoeg word - maar dit beteken dat daar wel ‘n lys bestaan wat kritiseer, vergroot, gekrimp of verbeter kan word.

Dit dan ‘n derde rede vir die publikasie van hierdie eerste lys. Soveel moontlik mense moet by die poging betrek word en die lys dien hopelik as wekker vir alma1 wat nog altyd ‘n inset wou maak en veral vir daardie geleerde kritici wat presies weet hoe dit gedoen moet word, maar ongelukkig nog nooit die tyd daarvoor kon inruim nie. Almal word uitgenooi om die lys te kritiseer, om voorstelle vir verdere toevoegings of weglatings te maak, om inligting oor gelyste en ongelyste plekke te betwis of aan te bied, om betrokke te raak en om tot die besef te kom dat bewaring almal raak en alma1 ewe veel sê daarin behoort te hê. ‘n Klomp subjektiewe oordele, saamgetel met hierdie een, sal nie noodwendig tot objektiwiteit lei nie, maar minstens tot aanvaarbare en debatteerbare kompromieë.

Vierdens word daar gehoop dat persone of instansies wat ‘n werklike betekenisvolle bydrae kan maak - dit is die eienaars van gelyste eiendomme - hierdeur aangemoedig kan word om by bewaring betrokke te wees en saam met die PAV-lystingskomitee te besef dat die mikpunt van bewaring nie is om weg te draai vanaf groei en

ontwikkeling nie, maar dat ook hulle toekomstige besluite oor vernuwing die bewaring en verheffing van die kwaliteit van ons omgewing kan beïnvloed. Bewaring kan dan ook gesien word as die beplande kontrole van verandering in die kwaliteit van belewenis van ons omgewing - wat beteken dat ons deur 'n kunde van ons gegaarde skatte, noodsaaklike vernuwing met veel meer selfvertroue kan aanpak. Hierdie publikasie is vyfdens 'n bedanking aan vele mense wat oor 'n tydperk van vyf jaar hulle vrye tyd spandeer het om om te gee vir hulle omgewing en die suksesvolle toekoms van daardie omgewing te help verseker. En dit was nie verniet nie. Die Stadsraad van Pretoria het intussen die voortou geneem en lysting as een van die take van die Raad identifiseer. Die PAV se aksie word dus voortgesit, en nou, met die broodnodige fondse maar meer belangrik nog, met die nodige belangstelling.

In hoofstuk 2 word die wesentlike verskille tussen onder andere lyste en registers ondersoek en gestel. Dit is belangrik dat die onderskeid verstaan word.

In hoofstuk 3 word die belang van verantwoordelike kriteria ondersoek. Hoewel daar besluit is om plekke opgeneem in hierdie lys nie telkens teen kriteria te klassifiseer nie (iets wat in hierdie stadium teenproduktief kan, en eers na volledige dokumentering moontlik sal wees) is plekke met hierdie kriteria in die agterkop ondersoek en beskryf.

Hoofstuk 4 bestaan uit vyf essays oor aspekte van Pretoria soos gesien deur mense wat nie alleen nou gemoeid is met die kwaliteit van die stad nie, maar waarvan sommige ook betrokke is by die PAV-lystingspoging. Hierdie is persoonlike en ongeredigeerde sienings is daarom juis van belang.

Geen stad kan vir die toekoms beplan sonder die nodige kennis van die hede of verlede nie. Geen besluite is moontlik sonder 'n kennis van byvoorbeeld die beskikbaarheid van elektrisiteit, water of mannekrag nie. Net so is geen beplanning moontlik sonder 'n bewustheid van die kwaliteit van 'n plek nie. Die doel van toekomsbeplanning is tog sekerlik die verbetering van daardie kwaliteit.

Hierdie lys is 'n eerste poging om te probeer bepaal watter elemente hierdie kwaliteit help skep - wat uit die verlede die toekoms kan verryk en verduidelik.

Schalk le Roux
Departement Argitektuur
Universiteit van Pretoria
November 1989

# HOOFSTUK 1: LYSTING IN PRETORIA - AGTERGROND EN METODES

## 1 INLEIDING

Die toestand waar bewaringsbewustes altyd net betyds of net te laat is om die vernietiging van geboue en terreine te keer, kan onder andere toegeskryf word aan die gebrek van koördinasie en samewerking tussen liggame en individue. Amper belangriker en grootliks verontagsaam is die feit dat daar in Pretoria geen bewaringslys bestaan nie. Uitgesluit nasionale gedenkwaardighede is geen geboue, strukture of terreine identifiseer in ‘n deeglik nagevorsde en evaluerende, en bygesê, aanvaarde en erkende dokument nie. Bewaringspogings het dus meestal op ‘n ad-hoc basis en in reaksie teen aangekondigde slopingsplanne plaasgevind. Min is uit eie inisiatief deur organisasies gedoen om, lank voordat plekke in wesenlike gevaar verkeer om te verdwyn, reeds met planne of ‘n lewensvatbare strategie voor die dag te kom om hulle op ‘n praktiese, ekonomiese en stedelik sinvolle manier te red, te herbenut, te restoureer of in die ontwikkelende stadsweefsel in te vleg.

Sover vasgestel kon word, was daar in Pretoria wel drie vorige pogings om geboue na aanleiding van hulle argitektoniese waarde metodies te lys .of te katalogiseer [1].

In 1976 het die Studiegroep van Pretoriase Argitekte [2] daadwerklik die voortou geneem om bewaringswaardige geboue te lys. Dit is in samewerking met die Erfeniskomitee van die ISAA gedoen en die Studiegroep het een van die nege streekslystingsgroepe gevorm wat deur die Erfeniskomitee vir die Transvaal in die lewe geroep is (ISAA, 1977(a): 3).

Die poging was skynbaar [3] goed organiseer en alhoewel duidelike gebreke in die opnamevorm voorkom is waardevolle materiaal versamel, veral van geboue wat intussen gesloop is. Alleen geboue wat op die oog af oor bewaringswaardige kwaliteite beskik het, is gelys, wat aandui dat slegs kundiges dit moes of kon gedoen het [4]. Teen 1977 was 35 geboue gelys en is daar gehoop om die getal na 70 uit te brei (ISAA, 1977(a): 3). In die notules van die 23ste Februarie van dieselfde jaar word egter genoem dat 25 geboue gelys is (ISAA, 1977(b): 2).

Hierdie projek het later doodgeloop en geen metodies gebergte in,ligting kon opgespoor word nie. Die ISAA het later ‘n brosjure van erfenisgeboue in die Transvaal gepubliseer [5] - hierin word Pretoria nie eers genoem nie (ISAA Heritage Committee, s.a.).

Op 23 April 1987 het mnr Mauritz Naudé van NASKO ‘n lys van 83 geboue opgespoor wat saamgestel is deur die Studiegroep. Hierdie lys bestaan uit geïdentifiseerde plekke (meestal woonhuise) wat bewaringswaardig geag is. Slegs die adresse van plekke word genoem en die lys is ongedateer.

Philip van Rooyen, toe senior lektor aan die Departement Argitektuur en self betrokke by bogenoemde lysting, het in 1976 'n begin gemaak met die opstelling van 'n katalogus van ou foto's van Pretoria. Die beskikbare foto's is in groepe liasseer en in twee notaboeke katalogiseer. Dit is waardevolle, maar onvolledige inligting, steeds in besit van die Departement.

Die Departement Kunsgeskiedenis van PU vir GHO het in 1985 'n oorsiglys van geboue in die middestad van Pretoria gepubliseer. Die misleidende titel word in die teks gekwalifiseer tot 'n oorsiglys van geboue wat voor 1945 opgerig is (Kuijers, 1984, inl.). Hierdie voorlopige [ ? ] lysting bots nie met die van die PAV-lystingkomitee nie omdat dit reeds kwalifiserend (ten opsigte van oprigtingsdatums) is. Verder bevat dit ongelukkig slegs inligting [6] wat taamlik algemeen bekend is. Volledige inligting is wel vir sommige plekke beskikbaar, maar dan meestal vir die bekende staatsgeboue en erkende historiese plekke - dus die plekke wat alreeds nasionale gedenkwaardighede is of nie gevaar loop om gesloop te word nie. Anomalieë, soos die lysting van Strijdomplein, wat nie voor 1945 uitgelê is nie, kom voor. Die middestad is vaag gedefinieer en soms is inligting teen verkeerde punte ingeskryf. Dit bevat egter 'n baie deeglike literatuurlys. Die grootste belang van hierdie lys is egter dat dit bestaan, gekritiseer kan word, gewysig mag word en in die toekoms as waardevolle bron beskikbaar is.

Nie een van hierdie drie projekte is van veel nut vir die PAV-lystingskomitee nie, en kan slegs as aanvullende bronne van inligting gebruik word.

## 2 DIE PAV-LYSTINGSKOMITEE

Die PAV-lystingskomitee wat in Oktober 1984 gestig is, stel hom ten doel om beide koördinasie van liggame en individue en die opstel van 'n bewaringslys aan te pak en te probeer deurvoer. Die inisiatief is geneem deur die Pretoria Argitektuurvereniging (PAV) nadat hulle in skramse verband deur die Instituut van Argitekte genader is. Die versoek was om bewaringswaardige geboue in Pretoria te identifiseer - die PAV het egter die geleentheid gebruik om almal te betrek wat by bewaring betrokke is of wil wees. Dit het ook die moontlikheid geskep om, met die hulp van almal, die taak op 'n veel groter en meer omvattende skaal as wat oorspronklik deur die Instituut be-oog is, aan te pak.

> "Die langtermyndoelwit is die bewaring van geboue, terreine en strukture van historiese, estetiese en argitektoniese belang in en om Pretoria. 'n Mikpunt is die daarstelling van 'n nasionale bewaringslys wat deel sal vorm van die dokumentasie van 'n statutêre liggaam soos die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede. Maar om te begin is daar besluit om geboue, strukture en terreine van belang, veral vir verdere ondersoek, in en om Pretoria te identifiseer" (Le Roux, 1985(b): 16).

Die Stadsraad van Pretoria was nog nooit openlik geneë om by bewaring of beplanning vir bewaring in die stad betrokke te raak nie. Vroeg in 1987 het dit dan ook duidelik geword dat hierdie take vierkantig op die skouers van die onafhanklike bewaringsorganisasies rus en dat dit in die afsienbare toekoms so sal bly.

In ‘n memorandum voorgelê tydens ‘n vergadering van bewaringsorganisasies op 12 Maart 1987, stel die Raad dit onomwonde dat hulle doelbewus onbetrokke bly en dat hulle bydrae tot koördinering en advies beperk is (Honiball, 1987: 1-2).

> “1. Dat die Stadsraad, ten opsigte van die verkryging, behoud en restourasie van geboue, structure of verbeterings of bewaringsaksies wat daarmee gepaard gaan of verband hou, die volgende standpunte stel:
>
> 2. Dat die Stadsraad nie die verkryging, behoud en restourasie van geboue, strukture of verbeterings, of om bewaringsaksies van welke aard ook al te onderneem, as ‘n algemene of gewone plig of funksie van die Raad beskou nie.
>
> 3. Dat die Raad regtens nie oor die bevoeglikheid beskik om in ‘n leidende of beherende hoedanigheid, in samewerking met bewaringsinstansies gesaghebbende en afdwingbare bewaringsaksies soos ‘n bewaringsplan of bewaringstrategie vir Pretoria of ‘n restourasiebank, daar te stel of tot stand te bring en dit te implementeer nie.
>
> 4. Dat die Raad nie oor die nodige personeel, deskundig of andersins beskik om bewaringsaksies van enige formaat te onderneem nie.
>
> 5. Dat die Raad, weens die heersende finansiglе klimaat en met inagneming van noodsaaklike funksies en pligte wat verrig moet word en die beperking wat die Staat op munisipale besteding plaas, nie nou of binne afsienbare tyd enige prioriteit aan die finansiering van bewaringsaksies, insluitende die beskikbaarstelling van bestaande personeel of die aanstelling van bykomende personeel of die verkryging van eiendomme vir daardie doel, kan verleen nie.
>
> 6. Dat die Raad nietemin, soos in die verlede, waar moontlik en na die beste van sy vermoë, alle erkende bewaringsinstansies sal help om hulle bewaringswerk ten opsigte van verdienstelike spesifieke projekte in Pretoria, te verrig.
>
> 7. Dat die Raad van mening is dat al die erkende bewaringsinstansies hulle kragte saam behoort te snoer en self ‘n koördineerde beheerliggaam behoort aan te stel, waarin die Raad verteenwoordig kan word as hy wil, sodat die behoud, bewaring en restourasie van geskiedkundige reste op ‘n eenvormiger, doeltreffender, planmatiger en sterker grondslag kan geskied.
>
> 8. Dat die Stadsklerk nietemin, en met behoud van paragraaf 6 ondersoek instel na die moontlikheid om, op ten minste die grondslag van nouer skakeling en samewerking, die betrokke instansies met hulle bewaringsaksies behulpsaam te wees en om op ‘n later datum verslag daaromtrent aan die Bestuurskomitee te doen.”

Hierdie besliste onwilligheid van die Stadsraad van Pretoria om by bewaring en beplanning vir bewaring betrokke te raak, was heeltemaal uit pas met die benadering van ander stadsowerhede in Suid-Afrika. In Kaapstad, Durban, Port Elizabeth en Bloemfontein neem Stadsrade vandag die voortou met fondse en/of aktiewe deelname om die bewaringswaardighede van hulle stede minstens te identifiseer en vir die toekoms daarvan te beplan.

Die Stadsraad het gedurende die volgende maande wel daadwerklike aandag aan punte 6, 7 en 8 begin skenk. Die Komitee vir nouer skakeling tussen die Stadsraad en Bewaringsorganisasies is na In verkennende vergadering op 23 Junie 1987 in die lewe geroep. Die Stadsklerk tree self as voorsitter van die komitee op wat uit twaalf nasionale en plaaslike bewaringsorganisasies bestaan.

Die komitee het reeds verskeie kwartaallikse vergaderings gehou en dit wil voorkom asof dit ‘n positiewe toekoms het. Daar is ‘n stadige, maar sekere bewuswording dat 'n lys van bewaringswaardighede in Pretoria 'n noodsaaklikheid geword het om te verhoed dat alle bewaringsaksies ad-hoc plaasvind.

## 2.1 Metodes van die PAV

Die eerste stap was die samestelling van 'n permanente komitee waarop die verskillende nasionale en plaaslike bewaringsliggame sitting het. Aanvanklik het elf instansies hulleself bereidwillig verklaar om aktief aan die lysting deel te neem. Later het nog twee by die komitee aangesluit [7]. Die komitee dien onder voorsitterskap van die PAV-lid vir bewaring en vergader maandeliks om vordering, beplanning en probleme te bespreek.

Alhoewel die mikpunt die lysting van alle plekke in die stad en ouer voorstede is, is daar besluit om 'n aanvang te maak met die middestad self. Dit staan die grootste gevaar om bewaringswaardige plekke te verloor en is verder 'n duidelik definieerbare gebied.

Die grense van die middestad is na bestudering van kaarte en 'n ondersoek ter plaatse bepaal: Kyk Figure 1.1 en 1.2.

Hierdie grense sluit die historiese gebied wat meer as 'n eeu oud is, sowel as die spesifieke stadswyke [8] no's 5, 6 en 8 in. Die Apiesrivier vorm 'n natuurlike grens en die spoorlyn 'n definitiewe een. Terwyl die handelsgebied Sunnyside en Arcadia ingedring het, was hierdie ook vir lank die erkende grens tussen handels- en woongedeeltes van die stad. Alhoewel dit nie 'n deurslaggewende rol gespeel het in die vasstelling van die grense nie, sluit hulle ook 'n konsentrasie van vroeg geboue en plekke in.

Die volgende stap was die beplanning en empiriese toetsing van 'n metode van opname wat vinnig, effektief en maklik toegepas kan word: Die stad is verdeel in kleiner eenhede wat sonder probleme deur die verteenwoordigers van die verskillende groepe tydens opnames hanteer sou kon word. 'n Standaardvorm is sodanig ontwerp dat beide kundige en amateur [9] die noodsaaklikste inligting sal kan bekom en verskaf. Kyk figuur 1.3.

## 2.2 Die opname

Stadswyk no. 6 sluit die hele middestad noord van Kerkstraat in. Vir praktiese doeleindes is die wyk in dele A en B verdeel met Paul Krugerstraat die skeiding. Andriesstraat, suid van Kerkstraat, is die grens tussen wyke 5 en 8. Hierdie verdeling is eenvoudig en maklik definieerbaar.

Binne wyke is elke stadsblok genommer. Hierdie inligting - grense, wyksnommers en bloknommers - is op 'n kontrolekaart van die stad aangebring. Kaarte, waarop elke erfnommer aangedui is, is deur die Stadsraad verskaf.

Afhangende van die fisiese grootte van blokke is hulle in groepe van drie tot nege groepeer en saam met genoeg opnamevorms - een vir elke erfnommer plus ekstras - in boekies gebind. Op die buiteblad van elke boekie is die betrokke wyksnommer en bloknommers aangedui, op bladsy 1 is 'n kaart van die hele wyk en op bladsy 2 is 'n vergrote kaart van die betrokke blokke met erfnommers. Hierna volg die opnamevorms. Kyk Figure 1.3, 1.4 en 1.5.

'n Proefopname is deur komiteelede van blokke nommers 11, 12 en 17 in wyk 6B gedoen om probleme te identifiseer alvorens 'n vergadering met alle voornemende opnemers belê is. By hierdie vergadering is die rede, belang en metode van die lysting bespreek en die verlangde voltooiing van die opnamevorm puntsgewys en in detail verduidelik.

Opnameboekies, waarvan rekord gehou is, asook films, is aan die organisasies uitgedeel. Films is, sodra hulle geneem is, ingeneem en deur NASKO ontwikkel en metodies genommer. Die museum katalogiseer en bewaar die voltooide opnameboekies asook negatiewe en stel kontakafdrukke beskikbaar wat deur die opnemers teen versamelde inligting op opnamevorms geplak word.

Teen Maart 1985 is die eerste voltooide opnames ontvang en kon die komitee bepaal watter probleme ondervind word en watter aanpassings nodig was. Die opname van 'Langlys' in die middestad is teen Julie 1986 afgehandel waarna die komitee self gapings in die inligting uitgeskakel het.

Na aanleiding van die versamelde inligting, maar veral foto's is begin om plekke vir verdere en vollediger ondersoek te identifiseer, waaruit 'n 'Kortlys' saamgestel kan word. 'n Persoon is teen betaling aangestel om identifiseerde plekke verder te ondersoek, opnamevorms te voltooi en meer foto's en bibliografiese inligting te versamel. Die proses is steeds aan die gang. 'n Studie is van die metodes, suksesse en mislukkings gemaak wat tot aanpassings van die lysvorms en mikpunte gelei het (le Roux, 1987).

Intussen is daar besluit om 'n gedeelte van die versamelde inligting oor die middestad te publiseer. Redes hiervoor word in die inleiding aangedui. Elke plek in hierdie gebied is weereens ondersoek en beskryf ten opsigte van voorkoms, uitstaande kenmerke en skynbare belang .

Die volgende stap het die daarstelling van kriteria van bewaringswaardigheid behels. 'n Kleiner komitee, bestaande uit argitekte, verteenwoordigers van die RGN, die RNG, NASKO en 'n kultuurhistorikus was by die vaslegging van kriteria betrokke. Plekke op die PAV-lys moet uiteindelik aan hierdie kriteria onderworpe gemaak word.

## 3 DOKUMENTASIEPROJEK VAN DIE DEPARTEMENT ARGITEKTUUR

Die dokumentasieprojek van die Departement Argitektuur het in 1981 'n aanvang geneem. Dit behels die dokumentasie van plekke in en om Pretoria en vorm deel van 'n kursus in Suid-Afrikaanse argitektuur.

Die doel van die dokumentasie is uiteenlopend van aard. Ten eerste dien dit as afspringplek vir 'n inleidende kursus in bewaring en beplanning vir bewaring. Verder bied dit aan studente die kans om van bewaringswaardighede en historiese konteks in hulle onmiddellike omgewing bewus te word deur die akademies verantwoorde bestudering en evaluering van 'n plek daarin.

'n Derde doelwit poog om die gebrek aan lysting en dokumentering van plekke in Pretoria te oorkom deur die dokumentering van belangrike voorbeelde van Pretoriase argitektuur. Daar is gehoop en veronderstel dat die dokumentasies deur die RNG gebruik sal kan word om bewaringswaardighede in Pretoria te identifiseer en oor die verklarings daarvan tot nasionale gedenkwaardighede te besluit.

Dokumentasie kan beskou word as die finale stap wat nodig is alvorens 'n plek tot 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar of op 'n ander wyse statutêr beskerm kan word. Dit moet dus alle inligting bevat wat nodig is om die kriteria van die RNG te kan toepas. Omdat dit egter onmoontlik is om alle geboue te bewaar, te restoureer of te hersirkuleer (Harvey, 1972, p 1) is dit ook die finale stap van die sogenaamde "papier" - of "akademiese bewaring". Alle moontlike tegniese en historiese boukundige inligting van 'n plek word versamel, georden en evalueer in een dokument wat veral vir navorsingsdoeleindes van belang is [10].

Tot einde 1986 is geboue en parke, pleine en oop plekke op dié wyse gedokumenteer. Van hierdie dokumentasies is reeds gebruik deur die RNG (Kirkness-huis, 1985) die RGN (vir hulle navorsing van argitekte voor 1940), die Stadsraad van Pretoria (McIntoshhuis, 1983 en die Uniegeboutuin, 1985), die PAV (vir die lystingspogings en vir verslae aan die Stadsraad), en die Transvaalse Provinsiale Administrasie (Capitol-teater, 1984)

Verskeie kort artikels vir die PAV-nuusbrief is hieruit geneem en 'n artikel wat berus op 'n spesiale dokumentasie, dié van moskees in die Wes-Transvaal is in Architecture SA publiseer (Le Roux, 1987, pp 26-9). In sommige gevalle het hierdie dokumentasies belangrike argiefmateriaal geword aangesien hulle die enigste of die volledigste rekords is van geboue wat intussen gesloop is.

## 3.1 Beredeneerde keuring

Die rasionalisering van keuses vir plekke om te dokumenteer het 'n gebrek gebly, iets waarvoor daar in die begin geen voorsiening gemaak is nie. Plekke is meestal gedokumenteer omdat hulle 'interessant' of 'oud' gelyk het of wanneer dit bekend was dat hulle in gevaar verkeer om gesloop of verander te word. Behalwe dat laasgenoemde rede steeds 'n kriterium vir dokumentering bly, het die besef begin groei dat hierdie onwetenskaplike benadering nie te verantwoord was nie.

'n Metode om plekke vir dokumentering te keur en voorkeure te bepaal was nodig. Dit beteken eerstens kennisname en dus die identifisering en ondersoeking of lysting van alle plekke en tweedens kriteria vir besluitneming.

In die opset van dokumentasie as deel van 'n kursus in omgewingsgeskiedenis het die taak van lysting onwenslik en onmoontlik geblyk. Studente is betrokke by die kursus vir slegs een semester wat sou beteken dat die lysting alleen oor 'n paar jaar sou strek. Verder is die akademiese inhoud van lysting te bevraagteken. Om een of twee stadsblokke te lys is van waarde indien dit help om die doel en belang van lysting as noodsaaklike onderafdeling van bewaring te bevestig. Om die hele stad te lys sou slegs herhalende oefening van 'n eenvoudige begrip en metode beteken. Dokumentering, alhoewel nie verantwoordbaar sonder evalueerde lysting nie, is steeds wat die opleiding van studente betref, 'n belangriker taak met 'n veel groter leerinhoud.

Die PAV-lystingspoging het die kans gebied om uit hierdie dilemma te ontsnap. Alhoewel die studente die ruggraat van die lystingspoging is, het dit beteken dat elkeen slegs by die lysting van twee blokke betrokke is. As deel van die kursus in bewaring sal hulle in die toekoms voortgaan met lysting van die voorstede saam met ander lede van die PAV-lystingskomitee.

Teen die einde van 1985 was die komplementêre aard van die twee bewaringspogings duidelik omlyn. Terwyl die PAV die opname doen en beheer en 'n voorlopige lys van bewaringswaardige plekke sal publiseer, sal hierdie lys as toekomstige bron vir dokumentasie-keuring dien. Dit is dus een proses wat uiteindelik deur studente voltooi word. Beide die PAV-lys en die dokumentasies sal vir die RNG beskikbaar wees om die proses tot by statutêre beskerming te voer.

# 4 SAMEVATTING

1. Die bes beplande bewaringspogings mag doodloop. Daarom is berging van inligting van die grootste belang om te sorg dat dit later beskikbaar is vir verdere of hernieude pogings.

2. Dit is duidelik dat bewaringspogings soos die lysting van geboue in die afsienbare toekoms op die skouers van die organisasies wat deelneem aan die PAV-lystingspoging sal bly rus.

3. Die PAV mik na 'n identifiseerende en volledige opname. Hierdie lys is voorlopig en bepaal onder andere plekke van (moontlike) belang wat deur verdere ondersoek en die dokumentasie daarvan deur die Departement Argitektuur of wie ook al op 'n uiteindelike wetenskaplike fundeerde bewaringslys van Pretoriase plekke geplaas mag word.

ENDNOTAS

1. Dit sluit algemene bronne waarin Pretoriase geboue aangeraak word as deel van 'n wyer bespreking van die historiese of argitektoniese of as deel van gekwalifiseerde tydperke of style uit. Die vernaamstes is Picton-Seymour (1977), Allen (1971), Dunston (1975) en Meiring (1980).

2. Die Studiegroep is in werklikheid die PAV onder 'n ander naam. Gedurende die jare sewentig is die naam verander, maar in 1983 is die oorspronklike naam herstel na PAV, soos dit was by die stigting daarvan deur Norman Eaton in 1941 (Louw, 1986: 1).

3. Geen notules of verslae van die Studiegroep self is beskikbaar nie.

4. Opgespoorde vorms was taamlik onvolledig. Die opnemers was (duidelik) nie vertroud met die belang of aard van die inligting gevra nie.

5. Geen datum verskyn op hierdie brosjure nie, maar in die teks word van vyf jaar se werk gepraat. Dus het dit in ca 1980 verskyn.

6. Soos vereis deur die opname self: 1. Gebou/Struktuur; 2. Datums(s); 3. Argitek(te); 4. Aantekening; 5. Literatuurverwysing; 6. Negatiefnommer(s).

7. PAV, Departement Argitektuur (UP), NASKO, RNG, RGN, Stigting Simon van der Stel, Burgerlike Trust Pretoria, Genootskap Oud Pretoria, Transvaalse Provinsiale Instituut van Argitekte, Stadsraad van Pretoria, Beweging Red Kerkplein, Departement Omgewingsake, Museumdiens van die Transvaalse Provinsiale Raad.


8. Soos op 1 Januarie 1985. Die grense van stadswyke, bepaal vir Stadsraadverkiesings, mag natuurlik verander.

9. Nie alle individue wat betrokke is by die lysting is geskool in die argitektuur of kultuurgeskiedenis nie (Naudè, 1985: 12).

10. Na aanleiding van internasionale voorbeelde is 'n dokumentasievorm opgestel. Dit is getoets teen die vereistes van die RNG-datavorm en aangepas.




FIGUUR 1.1 - Grense van die middestad soos bepaal vir die PAV-Lysting




FIGUUR 1.2 - Grense van die middestad, ca 1890 (Stadsraad van Pretoria, 1952, p 57)

BLADSY NO

IDENTIFISEER DEUR: DEL ERASMUS ............... DATUM: Mei 1985


FILM NO: 3 .................... NEGATIEF/KONTAKAFDRUK NO'S: 2/3/4


BLOKNOMMER: 9

PRETORIA ARGITEKTUURVERENIGING POSBUS 28917 SUNNYSIDE 0132

KATEGORIE: 4

26 AUG 1985








1. VOORSTAD/DISTRIK: MIDDESTAD
2. STRAAT EN NOMMER: 113 Vermeulen St.
3. ERF/PLAAS NO/VERUITSING: 20/7
4. GEBOU/TERREIN/OBJEK: Gebou
5. AMPTELIKE/OMGANGSNAAM: Sinagoge, now place of business
6. DATUM VAN OPRIGTING: 1937
7. NASIONALE MONUMENT: JA ....... NEE X ... DATUM VAN VERKLARING: ..........
8. STYL: Elementary form Art Deco
9. ARGITEK/MAKER: ..........
10. HUIDIGE EIENAAR EN ADRES: City Council
11. HOUDING TEN OPSIGTE VAN BEWARING: Bewaring is nodig
12. UITSTAANDE ARGITEKTONIESE KENMERKE: Het elemente wat van argitektonies belang is bv. komposisie + materiale + styl.
13. KULTUURHISTORIESE BELANG: Een van ander sinagoges in Pretoria
14. BESTAANDE INLIGTING/BIBLIOGRAFIE: Hoofstad of Beeld 27 March 1985
15. VOLLEDIGE DOKUMENTASIE BESKIKBAAR BY: UP
16. TEGNIESE INLIGTING


| | MATERIALE: | TOESTAND: GOED | GEM. | SWAK |
|---|---|---|---|---|
| DAK : | Beton plat Dak | | | X |
| BUITEMURE: | Gepleisterde Steenmuur | | | X |
| VENSTERS : | Staal | | | X |
| BINNEMURE: | Gepleisterde Steen | | X | |
| PLAFONNE : | Gepleiste Staal | | X | |
| VLOERE : | Teël | | X | |
| INGEBOUDE MEUBLEMENT: | | | | |
| ANDER TOEBEHORE : | | | | |

*GAAN AGTEROP AAN INDIEN NODIG.

FIGUUR 1.3 - Voorbeeld (verklein) van die oorspronklike PAV-lystingsvorm soos gebruik in die middestad. Hierdie lys is voltooi vir die ou Sinagoge, Wyk 6B/Blok 9




FIGUUR 1.4 - Kaart van 'n wyk, in hierdie geval wyk 6B, soos dit in die opnameboekie voorkom. Nommers verwys na blokke wat in hierdie boekie gelys moet word




FIGUUR 1.5 - Kaart met bloknommers wat in een boekie gelys moet word. Dit volg na die kaart van die wyk (figuur 1.4) en voor die nodig aantal lysvorms (figuur 1.3)

# HOOFSTUK 2: LITERATUUROORSIG: REGISTERS

## 1 INLEIDING

Stelsels vir die identifisering, evaluering en dokumentering van bewaringswaardige plekke aan die hand van vaste kriteria is nie nuut of onverkend nie en vele "finale" voorstelle kom steeds na vore - in pamflette en publikasies van oral-oor.

Hierdie stelsels is dikwels nie toepaslik of van werklike nut in enige situasie nie omdat die mannekrag om dit deur te voer en bewaringspolitiek van land tot land en van plek tot plek verskil. Tog is die pogings om internasionaal aanvaarbare en toepaslike metodes daar te stel, nie sonder waarde vir die voornemende dokumenteerder nie. Beproefde stelsels is meestal baseer op eersterangse kennis van persone of instansies - wisselend van die amateur tot die professionele bewaarder - en veel kan uit die aanbevole prosesse, die ondervinding en die gekose strategieë geleen, verwerk en toegepas word by die opstelling van 'n spesifiek lokaliseerde stelsel soos vir die middestad van Pretoria.

## 2 REGISTERS

Om die vaste vereistes van 'n Register te bepaal is dit nodig om die aard en belang daarvan te verstaan. 'n Nasionale Inventaris of Register is 'n amptelike verantwoorde lys van nagevorsde en gedokumenteerde plekke wat na aanleiding van vaste kriteria as bewaringswaardig geag word. Die toevoeging van plekke tot 'n Nasionale Register impliseer op daardie tydstip 'n finale besluit oor die noodsaaklikheid van die bewaring daarvan en so 'n plek is hierna statutêr beskerm, alhoewel verdere ondersoeke en bykomende inligting daartoe kan lei dat 'n plek later vanaf die Register verwyder word.

Identifisering, lys, lysting, opname, katalogus, dokumentasie verwys eerder na die stappe gevolg in die daarstelling van 'n Register. Omdat hierdie terme nie altyd gediskrimineerd gebruik word nie, word hulle dikwels verwar en vermeng, Die Amerikaners verkies die term Register in plaas van Inventaris wat weer in Europa voorkeur geniet, en daar word dikwels in die literatuur van 'n Nasionale Lys of Katalogus in plaas van 'n Register gepraat. Deur die aanvaarding van die Wysigingswet, no 11 van 1986, is die term Register ook vir Suid-Afrika aanvaar. Vir die doeleindes van verdere bespreking hierna sal die verskerpte betekenis van Nasionale dien as verwysend na Register, of dit nou gevolg word deur Lys, Skedule, Inventaris of Katalogus.

Die PAV is dus besig met lysting en sal 'n lys opstel wat deur die RNG gebruik sal kan word om plekke vir verdere ondersoek of vir die Register aan die hand van hulle vaste kriteria uit te soek.

Die idee van Registers as eerste en belangrikste stap in die nasionale bewaringspoging is vandag standaard praktyk. In Europa het die Franse Departement van Historiese Monumente reeds in die jare dertig van die vorige eeu onder beheer van die skrywer Prosper Mérimée [1] tot stand gekom. Binne 'n dekade is die eerste inventaris van bewaringswaardige geboue gepubliseer (Bassett, 1983: 63-4; Kain, 1981: 200). Die "Loi de 30 Mai 1887 relative a la conservation des monuments et objets d'art ayant un interêt historique et artistique" het die inventarisering van monumente vasgelê (Dölling, 1974: 17). In 1877 het William Morris die Society for the Protection of Ancient Buildings gestig en ou ruïnes begin identifiseer (Fawcett, 1976: 16; Suddards, 1982: v ) . Nege-en-twintig van hierdie ruïnes in Engeland en Wallis en twee-en-twintig in Skotland is "geskeduleer" ( 'n woord wat mettertyd deur "gelys" vervang is) en beteken het dat hulle statutêr beskerm was.

In 1853 is wetgewing in Duitsland aangeneem wat regerings toestemming vereis het voordat historiese geboue gesloop kon word nadat Schinkel reeds in 1815 die opstelling van inventarisse van monumente bepleit het (Dölling, 1974: 10). Aan die ander kant bekla Papageorgiou - Venetas in 1980 steeds die gebrek aan 'n Nasionale Inventaris vir Griekeland:

> "Up to now one of the major shortcomings in the organisation of protection of the architectural heritage in Greece has been the absence of a national inventory" (1981: 240).

## 2.1 Inventarisering in Suid-Afrika

Die opstelling en onderhouding van 'n Nasionale Register is vir die eerste keer in 1986 as een van die amptelike pligte van die RNG deur die Wysigingswet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede ingevoer (Wet no 11 van 1986).

Volgens een wysiging (wysiging no 5cC) moet die Raad enige onbeweeglike eiendom wat dit as waardevol vir bewaring op grond van historiese, kulturele of estetiese belang beskou, registreer nadat daar met die eienaar en die plaaslike owerheid waarin die eiendom val, oorleg gepleeg is. Hierna moet die registrering in die Staatskoerant gepubliseer word (Staatskoerant, 2 April 1986: 147). Hierdie is 'n belangrike wysiging. Alhoewel die eerste wetgewing in Suid-Afrika om voorwerpe van historiese waarde te beskerm reeds in 1911[2] en wetgewing wat wyer as die enkele voorwerp gekyk het in 1923[3] aangeneem is, was die verpligte inventarisering van plekke, selfs na die aanname van die Nasionale Gedenkwaardigheidswet in 1969, 'n blywende gebrek in die land se bewaringswetgewing. Sedert 1959 is vele pogings aangewend om 'n Nasionale Register van stapel te stuur, maar "ons [beskik] vandag nog nie oor 'n landwye register van historiese geboue, van bewaringswaardige straatbeelde, gebouekomplekse of selfs hele dorpies nie, en van 'n prioriteitslys vir bewaring ... en van 'n volledige landwye opname, gebaseer op sekere vasgestelde bewaringsnorme, is daar helaas, nog geen sprake nie" (Rupert, 1975: 6-7). Hierdie situasie, het afgesien van stewige onafhanklike studies deur verskeie stede en dorpe, teen 1989 nie veel verander nie.

Verskeie pogings deur die RNG in samewerking met ander bewaringsorganisasies om 'n Nasionale (indien dan nie statutêr beskermde) Register of 'n teoretiese basis daarvoor op te stel het misluk of doodgeloop. Hierdie gebrek aan 'n nasionale benadering, riglyne en kriteria is veral oor die afgelope-dekade benadruk (ISAA, 1.977 (c): 4; Jooste, 1983: 50-1; Van der Waal, 1983(a): 1; le Roux, 1985(a): 38).

Bronne stem saam oor die tekortkomings in die wetgewing. Dit strem bewaring deurdat beperkings op eienaars gelê word sonder dat hulle enige voordeel daaruit trek (Rupert, 1975 : 16), die RNG geen beskikkingsmag oor staatseiendom het nie (van Schoor, 1983: 44) en dat daar geen algemene riglyn vir die sistematiese insameling van inligting bestaan nie (Van der Waal, 1983(b): 1).

Rupert (1975: 7) kla dat die wet "geen tande" het nie en Snipelisky (1981: 6) stel die situasie sonder omhaal van woorde:

> "in practice the National Monuments Council is not very effective, in that ultimately the power rests with the Minister of National Education, ... acting in certain instances in consultation with the Minister of Finance. It lacks funds and in practice this has proved to be a major obstacle to fulfilling even its limited role. Finally, the Act is not intended to achieve, and is not concerned with, conservation of the built environment save insofar as it may incidentally achieve this end in protecting national monuments. It is therefore singularly inadequate as an instrument for the conservation of the built environment."

Van Schoor (1983: 41-8) beskryf in detail die proses wat die RNG (moet) volg om 'n gebou of plek tot gedenkwaardigheid verklaar te kry asook die probleme ondervind, veral omdat daar geen finansiële kompensasie of aanmoediging vir bewaring bestaan nie.

Bassett (1982(b): 2-7) verduidelik die benaderings verandering van die RNG ten opsigte van bewaring vanaf 1923 (met die stigting van die Historiese Monumentekommissie) tot die hede. Aan die begin is slegs elemente van die "hoogste bewysbare gehalte" proklameer, maar ondervinding het geleer dat plekke nie onafhanklik van enige van hulle elemente beskou kan word nie, nog van die onmiddellike omgewing daarvan. Hierna is die lesse van die bewaring van groepe geboue, eerder as die enkele meesterwerk geleer, asook die beginsel van die bewaring van die omgewing as geheel en nie alleen van die belangrikste elemente daarin nie.

Hy vervolg:

> "It is clear that any conservation system can only operate effectively if it is linked to the national system of planning control, and is part of a national conservation strategy for the built environment based on a national catalogue of buildings, precincts, sites and areas deserving conservation and, we are working as best we can towards such a catalogue, as a first step on the road to developing a national conservation strategy" (Bassett, 1982(b): 5 )

Verder beskik die RNG nie oor die mannekrag of die fondse om die Register alleen aan te pak nie en vereis die hulp van ander organisasies. Hierdie toestand lei tot beperkte navorsing en "oor die algemeen tot die minimum wat nodig is om 'n gebou as van belang of bewaringswaardig te identifiseer" (Bassett, 1982(b): 6).

2.2 Belang en rol

Die Nasionale Inventaris of Register, en by gebrek aan 'n voltooide of gevorderde Register, die verantwoorde plaaslike lys is die eerste stap in 'n beplande bewaringspoging vir lande en plekke. Sonder hierdie dokument(e) bestaan die gevaar dat subjektiwiteit en noodmaatreëls eerder as insig en deurdagte beplanning die bewaringswaardige omgewing oorheers.

Hierdie stelling word in bron na bron uit alle oorde gestaaf. Phillepot (1976: 369) aanvaar eenvoudig dat die eerste stap tot bewaring is om 'n inventaris op te stel van wat bewaar moet word. Ook Feilden (1982: 7 ), Suddards (1982: 8) en Michaud (1981: 534) sien dit as aksiomaties dat bewaringsprosesse op nasionale vlak aanvanklik bestaan uit die opstelling van 'n inventaris van alle kulturele eiendom in die land, en Dobby (1978: 33) stel dit as volg:

> "For buildings to be protected they must be selected or identified and this is done by 'listing' which derives from the earlier ancient monuments 'schedule'."

'n Publikasie van die NTHP (1980(a): 33) beskryf dit as die eerste taak van 'n bewaringskommissie.

> "The commission shall (1) After the effective date of this ordinance, undertake to establish and maintain a list of structures, sites and areas having a special historical, architectural or aesthetic interest or value."

en

> "After public hearings, the commission may designate landmarks and historic districts from said list." {my nadruk}

Na verduideliking van die noodsaaklikheid om die publiek se konsensus te verkry in die bewaring (van hele klein dorpies) en die aanstelling van 'n organisasie wat hom heeltyds hiermee besig hou, vervolg Van den Abeele (1975: 142-3).

> "a) La premiere chose qui viendra à l'esprit, c'est l'inventaire sommaire ou de preference scientifique des monuments et valeurs architecturales... Mais, à la limite, j'oserais dire que ce travail n'est plus le premier à entreprendre.
>
> b) Le plus important à l'heure actuelle c'est la mise en chantier de ce que nous appelons un plan de structure qui sera d'abord l'inventaire complet de toutes les composantes de la ville."[4]

Hierdie benadering kan en word net so toegepas in die meeste lande om bewaring op 'n nasionale en vaste grondslag te plaas. Lyste van

bewaringswaardige plekke word dwarsdeur lande opgestel en hieruit word plekke geïdentifiseer vir opname in die Nasionale Inventaris.

Papageorgiou-Venetas (1981: 241) benadruk hierdie beginsel en Pirlot (Bassett, 1983: 66) gaan verder deur die nut van 'n inventaris te verduidelik:

> "In all countries absolute priority must be given to compiling protective inventories of monuments, architectural complexes and sites. Protective inventories represent a basic instrument which is absolutely necessary in order to make it possible:
>
> - to gain a comprehensive overview of the architectural heritage;
> - to obtain the information necessary to embark up on an objective classification of valuable elements and to establish orders of priority;
> - to provide those responsible for regional planning, as well as local authorities with documentary material."

By hierdie voeg Rennie (Cape, 1978: 2) ook nog die waarde van 'n Register as bron vir studie. Bassett (1983: 67) wat lank direk betrokke was by die bewaringspoging van die RNG vat moontlik al hierdie saam wanneer hy sê:

> "DUS is 'n nasionale lys van bewarenswaardige geboue 'n stuk basiese gereedskap waarsonder die bewaring van die beboude omgewing nie sinvol kan gebeur nie".

## 2.3 Nasionale aard van Registers

Die meeste skrywers wat die punt aanraak, is dit verder eens dat die opstel van 'n Register die plig is van die Staat of die bewarings arm van die Staat. Hulle moet die leiding neem en kriteria neerlê vir insluiting by die beskermende dokument. In Groot Brittanje, moet die Minister van Binnelandse Sake onder artikel 554(1) van die Town and Country Planning Act 1971, die Lys opstel en hy mag die lyste van ander goedkeur of by die Nasionale Lys laat insluit (Royal, 1984: 5 ) . Volgens Suddards (1982: 8) is geen sodanige lyste nog deur die minister goedgekeur nie en stel hy verder dat dit in elk geval die verantwoordelikheid van die sentrale regering is om die lys op te stel en nie die van die plaaslike besture nie, alhoewel dit in die praktyk mag gebeur dat laasgenoemde die aanbevelings vir insluiting aan die sentrale regering maak.

In die Verenigde State van Amerika is daar as gevolg van die federale stelsel groter "provinsiale" vryheid en bestaan 'n reeks lyste of Staatsregisters. Nogtans word hierdie registers gelei en beheer deur die National Register of Historic Places, beskerm deur die National Historic Preservation Act van 1966 (NTHP, 1980(a): 8). Dyroff (1980: 10) noem 11 Europese lande - van Engeland tot Boelgarye - asook Kanada waar Staatsinventarisse die norm is [5].

## 2.4 Vaste kriteria

Die bepaling van vaste kriteria vir die verklaring van 'n plek vir 'n Register is eintlik die prerogatief en plig van die nasionale regering en sy bewaringspan, dit is die RNG in Suid-Afrika. Omdat die PAV-lysting en die dokumentasieprojek van die Departement Argitektuur van die Universiteit van

Pretoria die insluiting by die Nasionale Register in gedagte het, is dit noodsaaklik dat hulle die inligting in hulle pogings versamel om te verseker dat die RNG die PAV-lys en die dokumentasies kan gebruik om te help met die opstelling van die Register.

Bewaarders dwarsdeur die wêreld baseer wetgewing op Registers. Terselfdertyd is daar tot die besef gekom dat deeglike en wetenskaplike navorsing hierdie Registers moet ondersteun en dat plekke metodies en objektief deur gekwalifiseerde mense evalueer moet word. Omdat baie tyd en moeite met die opstel van 'n Register gepaard gaan, het die besef verder gegroei dat, omdat kriteria vir die lysting in 'n Register (sal moet) bestaan, die beheerders van Registers hierdie kriteria duidelik moet uitspel en aan almal wat besig is met ondersoeke en lystingspogings beskikbaar maak. Verskeie pogings is aangewend om internasionale kriteria en dokumentasievorms op te stel. Dit blyk in sommige gevalle geslaagd te wees soos die van die Council of Europe. wat in al die lidlande gebruik word. Probleme word egter ook hiermee ondervind. 'n Werksdokument van UNESCO, (1976), opgestel vir 'n seminaar in Barcelona oor moderne metodes van inventarisering, stel dit as volg:

> "The documentation of cultural property poses considerable problems because of the volume and nature of information involved ... each item is normally unique and ... represents the original evidence on which the study and understanding of the cultural heritage is based".

en verder:

> "Each item will normally contribute to a number of disciplines... An efficient documentation system for cultural property should, therefore, give equal access to many different facets of information it contains... " (Bassett, 1983: 68).

As ons die verskille verbykyk, is daar tog kriteria wat in alle stelsels van belang geag word of wat as gevolg van hulle basiese aard by almal voorkom. In Engeland moet die minister die volgende in ag hou by die opstelling van 'n Lys:

> "a. The merits of a particular building (presumably its architectural or historical interest);
>
> b. Its contribution (architectural or historic) to any group of buildings of which it is part; and
>
> c. The merits of any object or structure on or near the building or in its grounds, eg. a historic wall or stable building - though not, probably, a historic garden as such" (Royal, 1984: 5 ).

Phillipot (1976: 370) argumenteer die teoretiese begrippe ten opsigte van kriteria om evaluasie te kan doen :

> "The first operation process is to assess accurately the substance of the object to be safeguarded. This may seem obvious but, alas, is not, and ignoring this operation by considering it to be obvious may result in irreparable mistakes. The problem's main aspects may be summarized in three questions:

(1) What is to be considered the whole of the object, to which all operations must be referred?

(2) What is the context of the object? and

(3) What has been the history of the object?"

Hy maak van die Duitse woord "Gesamtkunstwerk" gebruik om die geheel van die voorwerp te verduidelik, dit is die eenheid wat volg as gevolg van die samewerking van die verskillende kunsvorms en vaardighede wat 'n voorwerp daarstel en nie los daarvan gesien kan word nie. Fragmente moet dus deur spesialiste-argitekte, bewaarders en vakmanne as fragmente ondersoek word terwyl hulle die geheel waarvan dit deel is, nie uit die oog moet verloor nie.

"Konteks" verwys na die voorwerp se onmiddellike omgewing om te verseker dat 'n "korrekte interpretasie" van die voorwerp gemaak kan word, dit is 'n begrip van die 'raam' daarvan.

'n Voorwerp is nie los te sien van sy geskiedenis en die ontwikkeling en verandering wat oor die leeftyd daarvan strek nie. Byvoegings, veranderings van vorm en gebruik deur die mens se optrede of chemiese en fisiese prosesse is net so deel van die voorwerp as sy oorspronklike toestand. Die hele geskiedenis is dus belangrik wanneer oor die geheel van die voorwerp besluit word om die insluiting daarvan in 'n inventaris te bepaal [6].

2.5 Teoretiese begrippe ontleed

In kommentaar op Phillipot se siening poog William Murtagh (1976: 389-390), die houer van die Nasionale Register van Historiese Plekke in die VSA, om die teoretiese benadering te ontleed om by spesifieke kriteria uit te kom:

> "The quality of significance in any element of a linkage of buildings, structures, sites, objects or spaces is found in those refinements of visual relatedness that impact human consciousness with a sense of time and place to collectively create a sense of district through:
>
> Scale: Based on local traditional relationships between spaces and defining scale and the component parts within a facade that relate to man.
>
> Proportion: Based on local traditional height-width relationships of facades and the component parts within a facade that reflect the visual elements in the area that contribute to a district feeling.
>
> Rhythm: Based on local traditional solid-void relationships of facades and the component parts within a facade that reflect the visual elements that dictate the visual impact of mass on human consciousness and that reflect the visual elements in the area that contribute to a district feeling.
>
> Height: Based on a mean derived from local traditional existing maximum-minimum heights within the area and within 10 percent of the height of existing adjacent elements.

Materials, Colors and Textures: Based on local traditional materials, colors and textures that reflect the visual elements in the area that contribute to a district feeling.

Design: Based on an element's reflection of local traditional design characteristics of a type, period or method of construction that embodies quality aesthetic effort representative of the time, place and period of construction of other elements or elements that represent the work of a known artisan, craftsman or architect, local or otherwise.

Association: Based on significant national, state or local events or individuals whose activities are linked with the building, structure, site or object."

Die aanbevole model voorskrifte van die NTHP (1980(a): 38-9) beweeg nog nader aan meer spesifieke voorskrifte:"A structure, group of structures, site or district may be designated for preservation as a landmark or landmark district if it:

Historical, Cultural Importance

(1) has significant character, interest or value, as part of the development, heritage or cultural characteristics of the City, State or Nation; or is associated with the life of a person significant in the past; or

(2) is the site of an historic event with a significant effect upon society; or

(3) exemplifies the cultural, political, economic, social or historic heritage of the community; or

Architectural, Engineering Importance

(4) portrays the environment in an era of history characterized by a distinctive architectural style; or

(5) embodies those distinguishing characteristics of an architectural-type or engineering specimen; or

(6) is the work of a designer whose individual work has significantly influenced the development of Seattle; or

(7) contains elements of design, detail, materials or craftmanship which represent a significant innovation; or

Geographic Importance

(8) by being part of or related to a square, park or other distinctive area, should be developed or preserved according to a plan based on a historic, cultural or architectural motif; or

(9) owing to its unique location or singular physical characteristic, represents an established and familiar visual feature of the neighbourhood, community or city; or

Archeological Importance

(10) has yielded or may be liable to yield, information important in pre-history or history".

Dit is in Phillepot se teoretiese benadering waar die geheel wat hy propageer die beste en suiwerste saamgevat word. Al die punte van die ander kan onder sy drie hoofpunte behandel en beskryf word. Die kwaliteit van die inligting vervat in 'n Register kan dus teen hierdie ideale riglyne getoets word.

Dit maak geensins die kriteria van die ander minder belangrik nie, maar versterk eerder die waarde van pogings in hierdie rigting. Die meer ontlede kriteria kyk na dieselfde inligtings gehalte en begrip, maar stel riglyne minder teoreties en meer verstaanbaar. Dit probeer om te sorg dat soveel moontlik inligting beskikbaar gestel word om die evaluering te vergemaklik en te ondersteun. Met ander woorde, waar Phillepot die ideaal stel, rig ontlede kriteria die roete daarheen. Hierdie ontleding word gewoonlik verder en verder verfyn, getoets en aangepas om 'n vaste standaard van inligting versameling daar te stel. Dit is tydens hierdie ontleding van die geheel waar die grootste slaggate kan voorkom: belangrike inligting kan onwetend uitgelaat word en lakunes van kennis veroorsaak. Die geheelbeeld waarna die strewe is, kan ironies genoeg in detail of fragmente verbrokkel.

Probleme en potensiële probleme kan egter nie. hierdie baie belangrike stap stuit of terughou nie. Sonder ontleding van kriteria sou die opstel van Registers 'n onmoontlike taak wees vir die kenners waarop Phillepot se ideaal noodwendig moet staatmaak. Hulle is te min en die veld te groot. Intelligente ontleding, baseer op die beskikbare ondervinding uit ander pogings daartoe en eksperimentele toetsing van besluite in gebruik, bly die sekerste manier dat daar mettertyd nader aan die ideaal beweeg sal word. 'n Vorige direkteur van ICCROM [7], Bernard Feilden, poog om die kriteria vir insluiting te vereenvoudig in 'n publikasie daarop gemik om ook vir die amateur verstaanbaar te wees. Hy skryf (1982: 1-2):

> "Any historical study of such a building should include the client who commissioned it, together with his objectives which led to the commissioning of the project and an assessment of the success of its realization; the study should also deal with the political, social and economic aspects of the period in which the structure was built and should give the chronological sequence of events in the life of the building. The names and characters of the actual creators should be recorded, if known, and the aesthetic principles and concepts of composition and proportion relating to the building should be analysed.
>
> Its structural and material condition must also be studied: the different phases of construction of the building complex, later interventions, any internal or external peculiarities and the environmental context of the surroundings of the building are all relevant matters".

## 2.6 Benadering van die RNG

Brian Bassett, destyds (in 1983) die Hoof van Vakkundige en Tegniese Dienste van die RNG, sê dat die norme vir katalogisering (vir 'n Register) 'n ingewikkelde onderwerp is en verwys vervolgens na die waardes deur monumente of geboue verteenwoordig. Volgens hom kan die belangrikheid van geboue in die gemeenskap onder vier hoofde bespreek word:

* Suiwer wetenskaplike waarde
* Estetiese waarde
* Maatskaplike waarde
* Ekonomiese waarde

Onder Suiwer Wetenskaplike waarde onderskei hy (1983: 69, ff) die historiese betekenis (hy stel dat geboue in die twintigste eeu as historiese dokumente beskou word om geskrewe bronne aan te vul [8] , argeologiese betekenis (wat geleer kan word uit selfs 'n ruïne) en kunshistoriese betekenis (die kunshistorikus waardeer krities die boustyle en betekenis daarvan om insae in die vorming van kunsmanifestasie binne konteks van geskiedenis te kry).

Estetiese waardes is moeilik om vas te vang, omdat dit deur die subjektiewe bril van die kyker bepaal word.

Onder Maatskaplike waarde onderskei hy weer drie betekenisse. Sosiale betekenis het te doen met die verandering en sekuriteit ten opsigte van veranderinge in 'n omgewing. Ouderdomswaarde is belangrik vir die wortels van die gemeenskap wat dit verteenwoordig. Simboliese waarde verwys na die kwaliteit van bereikings in die verlede: die prestasies van 'n groep, gehalte van vakmanskap en ontwerp. Die gebou of monument is die draer van hierdie simbole.

Ekonomiese waarde verwys na die belegging opgesluit in 'n gebou en dus die vervangingswaarde daarvan sowel as na die kommersiële waarde soos verseker deur toerisme of die aantrekkingskrag van 'n plek wat in verkope omgesit kan word.

By al hierdie punte kan die konteks van 'n plek natuurlik toegevoeg word.

Benaderings verskil van land tot land en selfs van skool tot skool - tog is die strewe vandag om die ontleding van die bewaringswaardige omgewing op 'n wetenskaplike grondslag te plaas. Onafhanklike studies en ondersoeke skep juis die geleentheid vir bespreking en debat wat uiteindelik kan meewerk om verskille minder uiteenlopend te maak en teoreties filosofiese klowe te oorbrug.

Rennie (Cape, 1978: 63) stel geboue wat bewaringswaardig is in elf kategorieg. Hierdie is baseer op die aangepaste kriteria van die National Trust in Engeland.

Hierdie benaderings, vanaf die teoretiese tot die praktiese, is eerstens die wye riglyne van die houer van die Nasionale Register en tweedens van belang vir die lysting. Dit is moontlik dat hierdie kriteria vir die waardebepaling van 'n gebou kan lei tot wyduiteenlopende interpretasies en subjektiewe oordeel alhoewel almal dieselfde resultate nastreef.

## 3 SAMEVATTING

1. Stelsels vir genoemde aksies is nie nuut nie maar hoewel hulle as waardevolle basis vir ondersoeke dien, verskil plaaslike omstandighede en hulle moet met eie ondervinding geskaaf of aangepas word.

2. Die bewaringswoordeskat neig om by "bewaring" en "restourasie" vas te steek en dit is nodig om 'n meer sofistikeerde terminologie te ontwikkel.

3. Daar is vele terme in gebruik vir die Nasionale dokument waarin bewaringswaardige plekke beskryf en daardeur statutêr beskerm word. Behalwe vir die meer resente Engelse gebruik, is "Register" of "Inventaris" die aanvaarde terme in die meeste lande en bestaan daar geen rede hoekom die term nie ook hier gebruik kan word nie. Dieselfde redenasie geld vir die terme "lys" of "lysting" wat vry algemeen gebruik word vir die eerste stappe in die daarstelling van 'n Register. Die vrese van beide Kaapstad (Cape, 1978) en Pietermaritzburg, (Pietermaritzburg, 1986) dat dit verwarring kan veroorsaak, is ongegrond veral omdat dit slegs op die Engelse gebruik van die terminologie baseer is.

4. Registers is van nasionale belang en die opstelling daarvan berus by die Staat. Lysting en dokumentasie behoort op die riglyne van 'n Nasionale Register gebaseer te wees.

5. Die Staat moet leiding neem aangesien 'n Nasionale Register die eerste stap is waarsonder bewaring nie sinvol kan gebeur nie. Sonder die leiding bly die gevaar dat baie lystingswerk op plaaslike vlak mank kan gaan aan voldoende gehalte en omvang van inligting.

6. Vaste kriteria behoort vasgelê te wees en by 'n gebrek hieraan, behoort kriteria op die, wêreld ondervinding te berus.

7. Kriteria moet bepaal word om die waarde van die geheel te probeer bepaal. Alhoewel dit nodig blyk om die geheel tog na aanleiding van belangrike fragmente daarvan te ondersoek en 'n patroon van inligting versameling te stel, moet gewaak word teen die oor aksentuering van sekere besonderhede.

8. Kriteria is aan geskiedkundige veranderinge onderworpe.

9. Die hoë standaard wat aan kriteriabepaling gestel behoort te word, dien dikwels as afskrikmiddel. Dit is noodsaaklik dat 'n begin gemaak word met die publisering van versamelde inligting, hoeveel kritiek dit ook al mag verdien.

ENDNOTAS

1. Ostrowski (s.a. pp 13-16) beskryf Mérimée se vooroordele en die hoogs selektiewe keuses wat hy vir die inventaris gemaak het. Ook Viollet-le-Duc het meegedoen aan die onwetenskaplike benadering van die tyd en persoonlike voorkeur, dikwels gebaseer op gemoedstoestand, was kenmerkend van hierdie eerste pogings.

2. Die Boesman-overblijfsel Beschermingswet, no 22 van 1911.

3. Die Natuurlike en Historiese Monumentenwet, no 6 van 1923.

4. "(a) Die eerste gedagte wat by 'n mens opkom is die van ' n opsommende of verkieslik wetenskaplike inventaris van die monumente en argitektoniese bates... Ek sou egter waag om te sê dat hierdie werk nie meer die eerste is om aan te pak nie. (b) Tans is die belangrikste taak die inwerkingstelling van 'n struktuurplan. Dit sal allereers die volledige inventaris van al die komponente van die plek behels." {my vertaling}

5. Dit verteenwoordig al die lande wat op 'n Unesco-versoek deelgeneem het om die huidige stand (1980) ten opsigte van bewaring in hulle onderskeie lande op skrif te stel.

6. Hy verwerp dus in die verbygaan die negentiende eeuse benadering soos veral propageer deur Viollet-le-Duc: "to restore an edifice... is to re-establish it in a complete state which may never have existed at any given moment" (vertaling: Maré, Gerneke & le Roux, 1987: 83).

7. International Centre for the Study of the Preservation and the Restoration of Cultural Property, Rome.

8. In die agtiende en negentiende eeue is historiese betekenis as die belangrikste rede vir beskerming aangegee - ons praat vandag nog van historiese monumente. In die 19de eeu was daar groot respek vir die oorspronklike vorm en is die groei van 'n gebou moeilik aanvaar. Restourasie na die oorspronklike of "historiese" vorm was dus van belang.

# HOOFSTUK 3: LITERATUUROORSIG: INLIGTING VIR REGISTERS EN LYSTE

## 1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die beskikbare literatuur ondersoek om te bepaal watter inligting ingesamel moet word om Registers en lyste te voltooi asook moontlike ooreenkomste en verskille van inligting. Die kriteria vir evalueerde lyste word vervolgens nagevors.

Daar is geen fout te vind met die beginsels in die vorige hoofstuk bespreek nie alhoewel hulle almal op die vlak van die gesoute kenner of navorser is. Om inligting te versamel waarteen hierdie beginsels gereflekteer kan word is dit nodig om hulle duideliker te omlyn, op te breek en te 'vertaal' na 'n eenvoudige en verstaanbare taal - ook bruikbaar vir die minder gespesialiseerde individu. Hierdie 'vertalings', is gelukkig reeds gedoen en beskikbaar in die dokumentasievorms in gebruik deur verskillende erkende internasionale en plaaslike dokumentasiesentra.

## 2 INLIGTING UIT REGISTERS EN LYSTE

Die volgende keur [1] van internasionale en plaaslike registers, inventarisse, katalogusse en lyste is in diepte bestudeer:

* National Register of Historic Places[2] - Inventory nomination form (UNESCO, 1972: 41-3). A op Tabel 3.1.
* Council of Europe. Inventarisvorm (UNESCO, 1972: 44-7). B.
* Stadsraad van Melbourne Australië. Identifikasievorm (City of Melbourne, 1985: 31). C.
* Konsep datavorm van die RNG soos deur die Raad beskikbaar gestel op 10 April 1987. D.
* SWAIA. Inligtingsvorm. E.
* RAU. Opnamevorm vir Johannesburg (RAU, 1975). F.
* Die patroon gevolg in, die opname van bewaringswaardige geboue in Grahamstad. (Urban Heritage of SA, 1975). G.
* Vorm gebruik deur Donald Insall vir opnames (Ward, 1968: 144). H.
* Vorm van die Instituut van SA Argitekte. I.
* Dokumentasievorm, Departement Argitektuur (UP, 1983, hersien 1987). J.

### 2.1 Vergelykende Inligting

'n Opsomming van die inligting wat deur die bestudeerde voorbeelde verlang word, word aangegee in Tabel 3.1. Hierdie vorms is bestudeer met die volgende mikpunte:

* Om die aard van inligting deur hulle verlang, te bepaal;
* Om die verstaanbaarheid van inligting verlang, te bepaal;
* Om moontlike ooreenkomste en verskille in benadering te bepaal.

Twee van hierdie vorms, die van die National Trust in Amerika en die Council of Europe, is internasionaal erkende Inventarisse of Registers (UNESCO, 1972: 40); drie ander, die van die RNG, die SWAIA en die ISAA is besliste pogings tot die daarstelling van registers. Die ander vyf het eerder betrekking op identifisering en lysting en verteenwoordig vroeëre stappe in die versameling van inligting vir moontlike bewaring. Die Melbournelys kan egter ook gesien word as 'n baie lokaliseerde en spesifiek gerigte register.

2.2 Inligting verlang

Dit is onmiddellik duidelik dat inligting in twee kategorieë verlang word, of dit nou eksplisiet so gestel is of nie: aan die een kant die feitelike en aan die ander kant die afgeleide.

Feitelike of objektiewe inligting volg op kort saaklike vrae en het te doen met direk meetbare, waarneembare of bewysbare feite (aangedui met 'n "F" in Tabel 3.1). Dit kan deur enige deeglike, geletterde en intelligente persoon voltooi word indien hy of sy weet waar om die inligting op te spoor.

Afgeleide inligting (aangedui met 'n "A" in Tabel 3.1) vereis kennis van die geskiedenis sowel as die argitektuurteorie en -praktyk deur die geskiedenis en kan slegs voltooi word deur 'n kundige met 'n wye agtergrond van hierdie dissiplines. Nogtans berus hierdie evaluering op die interpretasie van die feitelike. Van die inligting verlang (sonder enige aanduiding in Tabel 3.1) pas nie geredelik binne enige van genoemde kategorieë nie, maar huiwer op die rand van albei. Gedeeltes daarvan kan as feitelike inligting weergegee word, maar dit vereis hierna interpretering.

Feitelike inligting kan in 'n groot mate met bondige antwoorde verskaf word. Dit word dikwels in vorms verder ontleed om teen vasgestelde punte of kwaliteite af te merk. Afgeleide inligting noodsaak 'n beskrywende metode.

2.3 Ooreenkomste en verskille

Alle bestudeerde voorbeelde vereis inligting in beide kategorieë hierbo genoem. Soos verwag kan word, word die mees basiese identifiserende inligting, dit is, pleknaam [3] en die adres, deur almal vereis. Die huidige toestand, aanbevelings ten opsigte van bewaring, oprigtingsdatum, die eienaars en veranderings [4] word deur feitlik almal gevra. Almal laat verder in 'n mindere of meerdere mate toe vir beskrywings van die feitlike tot die

afgeleide. Feitlik almal ignoreer estetiese inligting en verwag die behandeling daarvan (skynbaar) onder die hoofde "spesiale eienskappe", "styl", "periode".

Daar is ook duidelike verskille. Registers neig oor die algemeen om meer aandag te wy aan, en plek te laat vir beskrywende en evaluerende inligting, terwyl lystingvorms feitelike inligting, en beskrywings (asof na aanleiding van 'n nagedagte) plek gun. Hierdie verskille kan moontlik toegeskryf word aan die belang en mikpunte van die onderskeie pogings. 'n Register is die finale stap in die besluitneming van 'n identifiserende bewaringsproses en evalueerde feite is van belang. Lysting is een van die eerste stappe in dieselfde proses en die doel is juis om feitelike inligting te versamel vir latere interpretasie en waarde bepaling.

Die Amerikaanse Register is moontlik die interessantste en mens kan veel leer deur die bestudering van hierdie vorm: dit kombineer lysting en inventarisering. Die voltooide vorm kan (na moontlike verwerking) net so in die Register opgeneem word sonder om van 'n tweede gebruik te maak. Dit verseker absolute standaardisasie dwarsdeur die land [5].

'n Belangrike gebrek wat by baie vorms voorkom, is die afwesigheid van ekonomiese inligting. Alhoewel die besluit om te bewaar of nie by voltooiing van 'n Registervorm reeds sover gevorder het dat insluiting (of verklaring tot 'n monument) die ekonomiese realiteit oorheers, behoort hierdie gebrek by lysting uitgeskakel te word. Indien nie, word belangrike inligting ten opsigte van die bewaringsmoontlikheid verswyg wat nie tot voordeel van bewaring strek nie en bewaarders se bewering dat bewaring nie 'n nostalgiese tydverdryf is nie, maar 'n "dinamiese moderne beplanningskonsep" hol laat klink (Bassett, 1985: 9).

## 3 INLIGTING BENODIG VIR LYSTING

### 3.1 Die PAV-lys

Die PAV het twee mikpunte met die lysting van plekke in die middestad. Eerstens poog hulle om 'n opname te maak van alle plekke, bebou of onbebou, soos dit bestaan in die tydperk 1985-1989. Tweedens wil hulle uit hierdie inligting belangrike plekke identifiseer om ondersoek te word vir bewaring, dokumentasie en insluiting in 'n Nasionale Register (le Roux, 1985(b): 16).

### 3.2 Die volledige opname

'n Volledige opname van alle plekke gee 'n ware fisiese beeld van die stad op 'n sekere gegewe tydstip en, omdat dit geen waardebepaling maak nie, beskerm dit die gebou teen ontwikkelaars wat oorhaastig geboue mag sloop voordat wetlike beskerming verkry is (Bassett, 1983: 78-9; Cape, 1978 62).

In Suid-Afrika is minstens twee gepubliseerde voorbeelde van volledige opnames beskikbaar, dié van Kaapstad (Cape, 1978) en Pietermaritzburg

(Pietermaritzburg, 1986). Daar is 'n baie sterk ooreenkoms tussen die inligting gevra, moontlik omdat beide op riglyne van die RNG baseer is.

Die publikasie van die Kaapse lys of "katalogus" verlang die volgende inligting: adres, pleknaam, erfnommer, verwysingsnommer (na lystingsvorm en foto), inspeksiedatum en 'n beskrywing. Op die lystingsvorm self word daar verder die volgende administratiewe inligting verwag: gebied of voorstad; deur wie geïdentifiseer, eienaar en foto's bladverwysingsnomrner. Dit is gebaseer op 'n vorm van die RNG (Cape, 1978: 64).

Die Pietermaritzburg-publikasie vereis inligting in die volgende orde (Pietermaritzburg, 1986: xxvii): straat en nommer, gebounaam, erfnommers, verwysingsnommer(s) (om foto's te identifiseer), waardasienommer, bestaande gebruik, kort beskrywing van die gebou en kriteria toegeskryf aan gebou. In die katalogusvorm word dieselfde as die van die KPIA verlang met toevoeging van die volgende: vorige eienaarskap, bronverwysings en algemeen. Die katalogus van Pietermaritzburg gaan dus reeds een stap verder deur 'n waardebepaling te doen, iets wat Kaapstad doelbewus vermy. Pietermaritzburg kan hierdie waardebepaling waag omdat die stad self oor bywette beskik om 'n gebou wat gelys is te bewaar (Pietermaritzburg, 1986: v).

Beide in Kaapstad (Cape, 1978: 62) en in Pietermaritzburg (Bassett, 1982(a): 2) is die term katalogus in plaas van lys gebruik. Dit is gedoen omdat die terme "listing" en "list" in Engeland na reeds beskermde plekke verwys. Hierdie is slegs 'n Britse gebruik en selfs in Gemenebeslande soos Australië word gebruik gemaak van die term register vir die statutêr beskermde inventaris (Nieu Suid-Wallis, Erfeniswet, 1977, no 136, klousule 22: 14). Daar bestaan dwarsdeur die wêreld nie werklik probleme met hierdie gebruik van die terminologie nie.

Beide vorms laat verder toe vir beskrywings volgens 'n kontrolelys van punte.

Die inligting verlang is meestal feitelik en direk en kan, uitgesonderd die beskrywings, deur 'n leek voltooi word indien inligtingsbronne aan hom uitgewys is. Geen waardebepaling word gevra of is in hierdie stadium nodig of wenslik nie. Eenvoudige en verstaanbare lystingsvorm kan maklik opgestel word om hierdie inligting weer te gee.

## 4 KRITERIA VIR LYSTING

Om die tweede mikpunt te bereik, dit is om moontlike bewaringswaardige plekke te identifiseer, is dit nodig om sekere kriteria vir besluitneming vas te stel.

In Engeland is 'n eenvoudige stelsel bepaal (Suddards, 1982: 23; Royal, 1984: 5-6).

1. Alle geboue [6] opgerig voor 1700 wat enigsins in hulle oorspronklike toestand behoue gebly het, word gelys.

2. Die meeste geboue opgerig tussen 1700 en 1840 word na evaluering gelys.

3. Slegs geboue wat oor 'n besliste gehalte en karakter beskik en tussen 1840 en 1914 opgerig is, word gelys.

4. 'n Begin is gemaak met die lysting van uitgesoekte geboue, opgerig tussen 1914 en 1939.

5. Kriteria vir seleksie is:

   (a) Spesiale tipologiese waarde (argitektonies of beplanningsgewys) of illustrerend van sosiale of ekonomiese geskiedenis;

   (b) Tegnologiese innovasie of virtuositeit;

   (c) Assosiasie met bekende karakters of gebeure;

   (d) groepwaarde, veral as voorbeelde van stadsbeplanning.

Die NTHP (1980(a): 43) som die Amerikaanse benadering ten opsigte van klassifikasie na meer detailleerde kriteria as volg op:

> "1. Historic: Those buildings classified as Historic shall possess identified historical or architectural merit of a degree warranting their preservation. They shall further be classified as:
>
> A. Exceptional
> B. Excellent
> C. Notable
> D. Of value as part of the scene
>
> 2. Contemporary: Those buildings and structures not classified on the Historic Building Map as Exceptional, Excellent,.Notable or of Value as part of the scene ..."

Dit dui verder aan dat prioriteitslyste vir alle geboue opgestel moet word. Die hoogste prioriteit word geheg aan die geboue wat voldoen aan die kriteria neergelê; 'middel'-prioriteit aan geboue wat nie individueel van groot meriete is nie maar harmonieus deel vorm van 'n hele gebied en 'lae'-prioriteit aan geboue waarvoor daar nie redelike hoop op restourasie bestaan nie. Uitgesonderd moontlik vir argitekte en argitektuur- of kunshistorici, bly hierdie kriteria uiteindelik vaag, esoteries en subjektief. Ward (1968: 136) bespreek die vraag van wat "spesiale argitektoniese of historiese belang" is. Volgens hom neig beplanners om historiese belang te definieer in terme van assosiasie met die beroemde persone wat in 'n plek gewoon of dit besoek het. Dit is nie genoeg nie. En, alhoewel estetiese en subjektiewe oordeel toegepas (moet) word om argitektoniese belang te bepaal, behoort hierdie realiteit ons nie te weerhou van ons pogings om juis dit te doen nie. Hy glo dat hoe meer inligting beskikbaar word, des te makliker dit .sal wees om verby die subjektiewe te redeneer. Dit is die taak van kenners, maar hulle moet hulle

beredenerings op beskikbare inligting grond. Ook Suddards (1982: 22) wys daarop dat geen wetlike interpretasie van argitektoniese of historiese waarde bestaan nie, maar beskou die situasie as buigbaar en voordelig. Volgens die datavorm van die RNG is die volgende hoof kriteria: historiese, kulturele, argitektoniese/estetiese, tegnies/wetenskaplike en omgewings. Vir verdere verfyning na subkriteria kyk Bylae 2.

Verskeie pogings om die subjektiewe oordeel effens te versag is deur die jare aangewend deur gebruik te maak van puntestelsels. Die faktore om by evaluering in ag te neem, word uiteengesit, punte uiteindelik opgetel, en na aanleiding van die totaal word 'n plek in 'n sekere kategorie geplaas. Die metode skakel nie subjektiwiteit uit nie, maar omdat daar gedwing word om na spesifieke kriteria te kyk, oorheers 'n enkele aspek nie die ander nie.

Twee voorbeelde van hierdie stelsels is bestudeer. Die Listing Procedure Manual van die ISAA (s.a.) en die voorskrifte vir die bepaling van historiese waarde gevolg deur die SWAIA in 'n lystingsprogram vir Lüderitz (1985). Eersgenoemde maak gebruik van 'n puntestelsel uit 40 en die onderafdelings: Argitektoniese kwaliteit (10 punte), Tegniese belang (5), Omgewingsbydrae (5), Kulturele belang (5), Historiese belang (10) en verteenwoordigende waarde. Na aanleiding van die punte behaal, word plekke in die klasse A, B en C verdeel.

Die stelsel van die SWAIA werk met 'n stelsel van 100 punte wat besluitneming noodwendig verfyn en verdere onderverdelings word ingevoer. Hiermee word 'n deeglike uiteengesette verduideliking van die betekenis van elke punt toegeken verskaf. Punte wat reeds vasgestel is, word eenvoudig teen die voorskrifte afgemerk om 'n totaal en gradering te bepaal.

Uit die literatuur is dit duidelik dat elke land en soms streek van 'n eie graderingstelsel gebruik maak. Hierin speel veral ouderdom (Suddards 1982: 29; Pietermaritzburg, 1986: 1157; School of Architecture Natal, 1979: 56; Cape, 1978: 63) en nasionale argitektoniese en historiese waarde belangrike rolle (City of Melbourne, 1985: 20; Pietermaritzburg, 1986: 1157 en beide registers van NTHP en die CE). Omgewingsbydrae [7], stadsbeeld en tipologie is verdere belangrike kriteria (Bassett, 1983: 77; Van der Waal, 1981: 33; ISAA Listing Procedure Manual, s.a.: 3).

Die stelsel wat in Pietermaritzburg gevolg is (Pietermaritzburg, 1986: 1157) verdien spesiale aandag. Hier is van 9 kriteria gebruik gemaak, maar in plaas daarvan om punte toe te ken en tot algemene waarde te kom, word elke kriterium wat op 'n spesifieke plek van toepassing is net so aangedui. 'n Plek is dus van belang na aanleiding van die aantal kriteria wat daarop van toepassing gemaak is. Hierdie kriteria weeg verder baie goed teen mekaar op met die gevolg dat verdere ondersoek na die kwaliteit en waarde van 'n plek na aanleiding van enige aantal kriteria gedoen kan word. Geen enkele vooroordeel hoef dus verdere ondersoek te kleur nie.
Die kriteria toegepas is:

1a. Nasionale en/of lokale historiese betekenis;
1b. Nasionale en/of lokale argitektoniese betekenis;
2. Skaars of uitstaande argitektoniese voorbeeld;
3. Groepering van argitektoniese meriete;
4. Bydrae tot stadsbeeld;
5. Bydrae of verheffing van aangrensende plein of oop ruimte;
6. Werk van pionier of erkende meester;
7. Ouer as 80 jaar;
8. Ouer as 80 jaar en waardig om verder te bestudeer.

In die gepubliseerde Lys van Durban volg Kearney (1984: 27-28) na bestudering van verskeie modelle, 'n soortgelyke stelsel. Evaluering geskied teen vier hoofpunte van belang: argitektonies, fisies, omgewings/konteks en histories.Verdere en verfynde kriteria word onder elke punt onderskei.

Argitektoniese belang omvat wesenlike ontwerpgehalte, besondere voorbeeld van geboutipe, besondere voorbeeld van periode, uitstaande gedeeltes of details, boutegnologie van plaaslike belang (konstruksie, materiale, respons tot klimaat) en assosiasie met vername argitek of ingenieur.

Onder fisiese kriteria word die volgende uitgelig: ongeskondenheid van vorm en detail en die strukturele en materiële toestand.

Omgewingsbelang of konteks behels die verbondenheid met die stad, die gebied of groep en met die onmiddellike omgewing.

Onder histories/kultureel word onderskeid getref tussen assosiasie met die ontwikkeling van 'n stad of gebied, met persone, gebeurtenisse of bewegings asook assosiasie met openbare sentiment.

Elke evalueerde plek word verder voorsien van 'n betekenisverklaring wat die algemene en spesiale eienskappe, die periode en konstruksie en die kontekstuele waarde daarvan omskryf.

Waardebepalings word ewe-eens op 'n visuele eerder as 'n rekenkundige wyse aangedui. 'n Driepuntskaal van uitstekend, baie goed en gemiddeld word gebruik.

Aanduiding van waardebepalings geskied op 'n variasie van die sogenaamde sektorkaart (Eng: pie chart). Soos in die geval van Pietermaritzburg, kan hierdie waardebepaling 'gelees' word sonder dat enige enkele aspek die ander te hoef oorheers.

Die meer direkte eenvoud van kriteria, soos van toepassing in Pietermaritzburg kan met groot vrug gekombineer word met die visuele leesbaarheid van die Durban stelsel.

## 5 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk was om die beskikbare literatuur oor die identifisering en lysting te ondersoek. Die volgende samevatting is gemaak:

1. Dit is nodig om teoretiese kriteria te 'vertaal' sodat die verlangde inligting makliker tydens lysting en dokumentering korrek weergegee kan word.

2. Skerp aandag is nodig by die opstelling van veral lystings- en dokumentasievorms om die nodige balans tussen feitelike en afgeleide inligting te verseker.

3. Enige leek kan feite insamel terwyl afleidings die taak van die kundige is.

4. Feitelike inligting is oorheersend in lyste, terwyl afgeleide inligting meer gewig dra in Registers.

5. Vir 'n volledige lysting van alle plekke in 'n sekere gebied is die belangrikste inligting benodig identifiserend of administratief van aard. Alhoewel beskrywings en opinies ten opsigte van die geskiedenis, styl en kwaliteit gevra (kan) word, is dit nogtans moontlik om hierdie eerste stap sinvol te voltooi sonder laasgenoemde inligting.

6. Om waardebepalings ten opsigte van bewaringswaardigheid en vir verdere ondersoeke te maak, is kundiges en kriteria nodig.

7. Verskillende kriteria- en graderingstelsels bestaan. Hulle moet bestudeer en verwerk word om by spesiale toestande aan te pas.

## ENDNOTAS

1. Ander lystings- en katalogusvorms wat ondersoek is, sluit in: Kearney (1984(a)), School of Architecture, Natal (1979) en Herholdt & Frescura (1986).

2. Die National Register leun sterk op die twee ander Amerikaanse opnames, die Historic American Building Survey (HABS) wat in 1933 begin is om werk te verskaf vir argitekte, tekenaars en fotograwe en die Historic American Engineering Record (HAER) wat in 1958 begin is om ingenieursprestasies te lys (Reynolds, 1982: 7-8).

3. Slegs Insall vereis dit nie, maar sy lys identifiseer huise in 'n spesifieke buurt en sy opgawe van die adres dien dieselfde doel.

4. Veranderings word deur sommige vorms vereis onder "integriteit" en/of "vorige restourasies".

5. Alhoewel baie state steeds hulle eie prosedures en stelsels gebruik word inligting later op die NTHP-register oorgeskryf.

6. Volgens Suddards (1982: 2 en weer: 14) is 'n gebou volgens die interpretasie van die Engelse wet enigiets van 'n straatlamp tot 'n viaduk, 'n krip tot 'n tekstielmeule.

7. Kyk Bylae 1 vir voorstelle van Dr G-M van der Waal van die RGN asook Bylae 2 vir die Datavorm van die RNG.

ONDERSOEK NA DIE INLIGTING IN LYSTE EN REGISTERS

| INLIGTING GENEEM UIT: | | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. WETENSKAPLIKE INLIGTING | | | | | | | | | | | |
| Histories, Argeologies, Kunshistories | | | | | x | | | | | | |
| PleknaamF | F | x | x | x | x | x | x | x | | x | x |
| algemeen | | x | | | x | | | | | | x |
| histories | | x | | | x | | | | | | x |
| Datum van Oprigting | F | x | x | x | x | x | x[2] | | x | x[2] | x |
| Datum van veranderings | F | x | x | | | | | | x | | |
| Eienaar(s)* | F | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| Argitek/Skepper* | F | | | x | x | x | x | | | x | x |
| Bouer/Maker* | F | | | | x | x | | | | x | x |
| Konteks* | | | x | | | x | x | x | | x | |
| Styl* | | | | x | x | x | | | | x | x |
| Periode* | | x[3] | x | x | x | x | | | | | |
| Integriteit* | | x | | x | x | x | | x | | | |
| Verhoudings* | | | | | | | | x[4] | | | |
| Dekorasie* | | | | | | | | x | | | |
| Tegniese belang ontleed | A | | | | x | | | | | | |
| Spesiale eienskappe/betekenis* | | x | x | x[5] | x | | | | | | x |
| Uitleg van direkte omgewing* | F | | | | x | x | x[6] | x | | x | |
| Tuin/Terreinuitleg en plantegroei* | F | | | | x | | x | | x | x | |
| Veranderings* | F | | x | x[7] | x | x | x | | x | x | x |
| Veranderings van gebruik* | F | | | | | | | | x | x | x |
| Kaart en Transport beskikbaar | F | x | x | | | | | | | | |
| Bronne en Literatuur | F | x | x | x | x | | | | | | x |
| Dokumentasie beskikbaar | F | x | | | | x | | | | | x |
| Vorige restourasiese | F | | x | | | x | | | | | |
| Beskrywing van punte * hierbo | | x | x | x | x | x[8] | | x[9] | x | x | x |
| 2. ESTETIESE INGLIGTING | | | | | | | | | | | |
| Beskrywings | A | | | | | | | x[10] | | | |
| 3. MAATSKAPLIKE INGLIGTING | | | | | | | | | | | |
| Eienaar(s)* | F | x | x | | x | x | x | x | x | x | x |
| Omgewing of omgewingsbydrae* | | | | x | x | x | | x | x | x | x |
| Sentimentele waarde* | | | | | | | | x | | | x |
| Gebeure assosieer met plek/persone* | F | | | | x | x | | | | | |
| Beskrywing van punte * hierbo | | | | | | | | | | | x |

TABEL 3.1 - Opsomming van inligtingspunte uit Registers en lyste

| INLIGTING GENEEM UIT: | | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **4. EKONOMIESE INLIGTING** | | | | | | | | | | | |
| Huidige waarde | F | | | | | | | x | | | |
| Kwaliteit van gebruik* | | | | | | | | | x | | |
| Moontlike hergebruik* | | | x | | | x | | | x | | x |
| Koste van verstellings | F | | | | | | | | x | | [11] |
| Koste van noodsaaklike onderhoud | F | | | | | | | | x | | |
| Beskrywing van punte * hierbo | | | | | | | | | | | x |
| **5. FISIESE INLIGTING** | | | | | | | | | | | |
| Tipe (Tipologie)* | F | | x | x | x | x | x | x | | | x |
| Adres: Provinsie/Stad/Dorp/Distrik | F | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| Straat en nommer | | x | | | x | x | x | x | x | x | x |
| Erf/Plaasnommer | F | x | | x | x | x | x | x | | x | x |
| Groote van Erf/Terrein | F | | | | | x | x | x | | x | |
| Boumateriale* | F | x | x | x[12] | x | x | x | x | | | x |
| Boumateriale ontleed | F | | | x | x | x | x | | x | | x |
| Konstruksie | | | | | | x | x | | x | x | |
| Buitegeboue* | F | | | x | x | x | x | | | x | x |
| Oorspronklike gebruik | F | | | x | x | | | | | x | |
| Huidige gebruik | F | x[13] | x | | x | | x[13] | | | x[13] | x |
| Aantal vloere (kelder en vlakke) | F | | | x | | | x | | | x | |
| Huidige toestand | | x | x | x | x | x | x | x | x | x | x |
| Huidige toestand ontleed | | x | x | | x | | x | | x | x | x |
| Aspekte vir dringende aandag* | | | x | | | | | | x | | x |
| Skaal | | | | | | | | x | | | |
| Kategorie (gebou, terrein, distrik) | F | x | | | | | | | | | |
| Toeganklikheid vir die publiek | F | x | | | | | | | | | x |
| Beskrywing van punte * hierbo | A | x | x | | x | | | | | | x |
| **6. ADMINISTRATIEWE INLIGTING** | | | | | | | | | | | |
| Identifiserende inligting | | | x[14] | | | | | | | | |
| ▪ Leêrnommer | F | x | x | x | | | | | | | |
| ▪ Kaart en ligging | F | | x | x | | | x | | | x | |
| ▪ Foto's | F | | x | x | x | | | | x | x | x |
| ▪ Negatiewe | F | | x | x | | | | | | x | x |
| ▪ Sketse | F | | x | | | | | | | | x |
| ▪ Kaarte | F | | x | | | | | | | | |
| ▪ Planne of vorm | F | | x | | | | | | | | |
| ▪ Dokumenteerder | F | x | x | x | x | x[15] | | | x | x | x |
| ▪ Datum van opname | F | x | x | x | x | | | | x | x | x |
| Maattekeninge | F | | | | | | | | | x[16] | x |
| Nagesien deur | F | x | x | | x | x | | | x | | |

TABEL 3.1 - vervolg

| INLIGTING GENEEM UIT: | | A | B | C | D | E | F | G | H | I | J |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Verdere besoeke nodige | F | | | | | | | x | | | |
| Gradering* | A | x | x | x | | x[17] | | x | x | x | |
| Huidige eienaar en adres | F | x | x | | x | | | x | | | x |
| Houding t.o.v. bewaring | | | | | x | | | | | | x |
| Moontlikheid van bewaring* | A | | x | | x | | | | | | x |
| Gevare teen voortbestaan* | | | x | | x | | | | | | x |
| Aanbevelings t.o.v. bewaring* | | x[19] | x[20] | x | x[21] | x | x | | x | x | x |
| Beskrywing van punte * hierbo | A | | | x | | | | | x | | x |

TABEL 3.1 - vervolg

VOETNOTAS TOT TABEL 3.1

1. Die NTHP-register spesifiseer geskiedenis, argeologie, filisofie, 'humanistiese' belang en stadsbeplanning.

2. Die vorms van die ISAA en RAU vereis die datum op die oorspronklike planne sowel as die datum van voltooiing; Melbourne vereis ook 'n bron van datums.

3. Die NTHP-register stel periodes teen die eeue vanaf die vyftiende tot die twintigste asook pre-Columbiaans.

4. Die Grahamstadpub1ikasie praat van "ritme" en "modulasie".

5. Melbourne vereis die kleure, voorkoms van verandas en sementvlakke vir hulle spesifiek gerigte opname.

6. Die RAU-lys gee baie aandag aan hierdie punt, moontlik omdat die opname in 'n histories belangrike en feitlik onbeskadigde buurt gedoen is.

7. Melbourne versoek inligting in drie kategoriee: "goed", "gemiddeld" en "swak".

8. Die SWAIA-inventaris laat onbeperkte plek vir beskrywings wat hoofsaaklik bestaan uit bronverwysings en dokumentêre inligting.

9. Die Grahamstad-opname bestaan amper uitsluitlik uit beskrywings.

10. Die Grahamstad-opname verwag dat "komposisie" en "vorm" bespreek moet word.

11. Die dokumentasievorm van UP, vra vaagweg die omvang van verstellings.

12. Melbourne vereis materiaalbeskrywings slegs van gedeeltes waar dit nie duidelik sigbaar is nie.

13. Die NTHP-register ontleed huidige gebruik in dertien moontlikhede van gebruike, byvoorbeeld: "staatsgebruik", "kommersiële" gebruik en "godsdienstige" gebruik.

14. Die Council of Europe-inventaris het 'n spesiale bladsy waar inligting, belangrik vir die onderskeie ministeries, heringevul word.

15. Op sommige vorms, soos die van die SWAIA word plek ook gemaak vir die naam van die nasiener.

16. Die ISAA-inventaris vra slegs waar tekeninge beskikbaar is. UP vereis 'n stel tekeninge of afdrukke as deel van die dokumentasie.

VOETNOTAS TOT TABEL 3.1 (vervolg)

17. Die SWAIA het 'n aparte graderingsvorm wat na aanleiding van 'n puntestelsel voltooi word.

18. Die ISAA stel kriteria vir gradering.

19. Die NTHP-register sluit af met 'n finale besluit ten opsigte van bewaring en insluiting by die Nasionale Register.

20. Die Council of Europe-inventaris vereis ook die huidige stand van bewaring.

21. Die RNG-vorm differensieer tussen aanbevelings vir nasionale gedenkwaardighede, Registeropname, verklaring tot bewaringsgebied en ander.

22. Die RNG-vorm kort die volgende inligtingspunte wat dit vollediger sou maak en 'n beter oorsig van die geheel sou gee indien hulle ingesluit sou word: datum(s) van verandering(s); Verandering(s) van gebruik(e); of Kaart en Transport beskikbaar is; of Dokumentasie beskikbaar is; Geskiedenis van vorige Restourasies; of die plek toeganklik vir die publiek is; Liggingsplan, Terreinplan of -inligting; Konstruksie; Huidige munisipale waarde; Moontlike hergebruik; Aspekte vir dringende aandag; Koste van verstellings; of verdere ondersoek nodig is; die oorspronklike kliënt. Maattekeninge en negatiewe van foto's.

# HOOFSTUK 4: VYF ESSAYS

## 1. DIE ARGITEKTUUR VAN PRETORIA - ENKELE KARAKTERISTIEKE VAN DIE MIDDESTAD

DR. G-M VAN DER WAAL
HOOF: AFDELING VIR KUNSTENAVORSING EN -INLIGTING: RGN

Die sentrum van Pretoria het oor die jare 'n heel eie karakter gekry wat dit as kern van die hoofstad kenmerk. Vir die toekomstige ontwikkeling is dit belangrik om met hierdie eienskappe rekening te hou ten einde die menslike behoefte aan herkenning en omgewingstabiliteit te bevredig. Hierdie eienskappe strek oor 'n wye veld. Waar daar voorheen 'n beperkte definisie aan argitektuur gegee is, naamlik geïsoleerde geboue van 'n besondere estetiese gehalte, word boukuns tans in ruimer sin beskryf as 'n netwerk van verhoudings in die mensgemaakte omgewing.

Die eerste opvallende kenmerk van die middestad is die verhouding waarin die kern tot sy omgewing staan. Die middestad is geleë op 'n terrein wat effens na die suide oploop en aan drie kante omring word deur koppies wat in 'n oos-wes rigting strek. Die Apiesrivier omarm die middestad in die ooste en noorde, maar sowel die koppies as die rivier bevat niks skouspelagtigs nie. Die koppies het enersyds die effek dat hulle die middestad van die meeste buitewyke afsny, maar andersyds het dit die voordeel dat hulle verrassende uitsigte op die sentrum bied.

'n Tweede kenmerk is die wyse waarop die stadsuitleg met die topografie verband hou. Soos byna alle Suid-Afrikaanse stede en dorpe is Pretoria op 'n roosterpatroon ontwerp, maar dit is kenmerkend van Pretoria dat die oos-wes as (en die rigting van die langwerplge blokke) presies met die rigting van die koppies ooreenkom. Die stadsbeeld word dus in 'n groot mate bepaal deur hierdie oos-wes gevoel. Ofskoon die Kerkplein in die middel van hierdie gebied lê word dit nie ondersteun deur diagonale verbindings of meerdere uitsparings in die stadsplan nie. Hierdie visuele beperking het beteken dat die Kerkplein se eertydse religieuse en latere seremoniele bestemming nooit 'n oorheersende rol in die gemeenskap kon speel nie.

Vanaf die vroegste bebouing van Pretoria het die straatgrens 'n bepalende rol gespeel. Reeds die eerste geboutjies om Kerkplein het op die boulyn gestaan en hierdie patroon het hiervandaan verder versprei. Waar die straat as stedelike ruimte egter in die periode tot omstreeks 1930 in 'n groot mate 'n sosiale funksie gehad het en deur middel van verandas (as oorgangsgebied) by die geboue betrek was, het strate daarna 'n leë en onpersoonlike oppervlakte geword. Geboue het die hoogte in geskiet en die strate oorgelaat aan motorverkeer. Gevolglik het daar van die eertydse interaksie tussen geboue en die lewe op straat weinig oorgebly. Hierdie benadering het sy stempel op die stadsbeeld en -lewe in sy geheel afgedruk. Dit was vanaf dié datum nie meer belangrik om geboue in 'n verhouding met hul konteks te ontwerp nie en individualisme kon hoogty vier. Hierdie verskuiwing het saamgeval met 'n nuwe benadering in die vormgewing van geboue.

Gedurende die eerste halfeeu van Pretoria se bestaan het die bebouing 'n besondere eenheid getoon. Geboutjies was laag en in die algemeen wit geverf of in rooi baksteen opgetrek, en is afgewissel met die groen kleur van enkele bome en struike, selfs in die sentrum van die dorp. Teenoor die strak en eenvoudige vorm van die woonhuise het die handelsgeboutjies 'n groter vormverskeidenheid getoon, veral deur die verandas en vertoonvensters wat toegepas is. Groter geboue het boonop dikwels gewels en erkervensters gehad wat die vorm verder opgebreek het.

Vanaf die eerste begin van Pretoria het die Kerkplein as sentrum ontwikkel en die groter geboue wat na die eeuwending om die plein verrys het, het duidelik die status van Pretoria as administratiewe hoofstad geproklameer. Vir ongeveer 50 jaar sou die Neo-Klassisistiese vormtaal wat deur die Departement van Openbare Werke in die Hoofposkantoor op Kerkplein ontwikkel is, in die owerheidsgeboue wat oor die stad verspreid lê toegepas word. Geboue van finansiële instellings het hulle maar te graag met die stabiliteits- en sekuriteitsbeeld van die owerheid geassosieer en het gevolglik dieselfde stylvoorkeur geprojekteer.

Vir die sakesektor, wat nog altyd 'n meer persoonlike benadering gevolg het, was daar 'n groter verskeidenheid van uitdrukkingsmoontlikhede. Die geboue vertoon gevolglik 'n voorkeur vir wisselende effekte deur die opbreek van die fasade en die toepassing van gewels. In die boukunstige ornament is byvoorbeeld - aan die begin van die eeu Art Nouveau- en gedurende die jare 30 Art Deco-patrone toegepas wat 'n liriese effek aan die geboue gee.

Teen die jare 40 kom daar 'n verandering wanneer die estetiek van die Modernisme stewig in Pretoria posvat en geboue as blokke met 'n rasionele roosterontwerp langs die strate verskyn. Vanweë die eenvormigheid val die verskil tussen owerheids- en sakegeboue dan in 'n groot mate weg. Fasades word as 'n raamwerk met gelykvormige vensterpanele ontwerp. Die repetisie in die fasade en die hoogte van die geboue suggereer dat na 'n indruk van masjinale mag gestreef is. Die koue effek is ook duidelik uit die wyse waarop die geboue hulle in dié stadium totaal van die lewe op straat onttrek het. Trouens, die rou sy- en agterkante van die geboue met hul onversorgde uiterlik spreek van 'n baie lae vlak van sosiale verantwoordelikheidsbesef van die opdraggewers.

Die pendulum swaai in die jare 70 en 80 na die ander kant en tans streef die argitekte weer om 'n sekere menslikheid in hul geboue te beliggaam. Dit word gedoen deur die eertydse boublok op te breek in onreelmatige vorme; die gebou as 'n losstaande geheel aan alle kante goed te ontwerp; deur 'n kleiner skaal te suggereer en deur 'n nuwe kleurrykheid toe te pas. Daar word egter nog nie weggekom van die hoogte van die geboue nie. .Wel is daar sterk pogings om die boulyn op te hef, egter met nadelige gevolge vir die samehang van die stadsbeeld. Waar die geboue vroeër gekonformeer het aan die straatgewel en 'n hegte samehang verkry is, word die eenheid tans verbreek deur 'n individualistiese aksentplasing op afsonderlike geboue, veral deur die skuinsplasing van fasades of die terugtrekking van die fasade weg van die boulyn.

Ofskoon daar planne bestaan om ook die openbare ruimtes 'n mensliker voorkoms en bestemming te gee, het daar tot op hede nog niks gerealiseer nie. Om in sekere sin hiervoor te kompenseer kom by 'n toenemende aantal geboue deurlope of atriums voor waar die publiek van die gevaar en lawaai van die verkeer kan wegvlug. Met die

groter wordende stadskern (wat in hoofsaak oos van die Kerkplein ontwikkel het) het daar dus spontaan 'n alternatiewe verkeersnetwerk vir voetgangers ontstaan. Die integrasie van hierdie netwerk in die groter geheel van die middestad bly een van die uitdagings vir die toekoms.

26-09-89

## 2. 'N KULTUURBEELD VAN PRETORIA

MAURITZ NAUDÉ
NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM

Om objektief te staan teenoor Pretoria se kultuur, die stad se beeld en dan die twee te kombineer kan dalk net eerlik gedoen word wanneer dit heeltemal subjektief benader word. Dan moet hierdie stadstaatjie ook beskrywend weergegee word want hier is 'n kultuur wat moeilik verklaar kan word. Soos die meeste kultuurbestuderendes ook na jare se skolastiese werk tereg vasgestel het: Kultuur is slegs 'n menslike attribuut. En van hierdie spesie (dalk 'n subspesie) het die stad wel 'n variasie. In soverre variasie tussen die Magliesberg en Daspoortrant moontlik is. Dit is dalk waarom die noordelike hellings en openinge in die omringende rante warm nessies vir die meer gesogte inwoners en instansies geword het. Laat niemand ooit sê dat Pretoria nie die vergestalting van braaivleis, sonskyn, rugby en staatsubsidies is nie.

Sou Pretoria besonders wees moet dit toegeskryf word aan .die besondersheid van sy makers (in sommige gevalle skeppers) gebruikers en inwoners. Om na die stad se huidige kultuurbeeld te kyk sou die maklikste wees, want om na die verlede beeld te kyk klink soos bewaring, restourasie of preservering. Iets wat verkieslik obskuur klein en weggesteek word waar dit nie die beeld van vooruitgang skade berokken nie. Om die verlede-beeld te soek sou immers 'n soektog na die spreekwoordelike naald in 'n hooimied afgee. 'n Terugkeer na die eerste ekspedisies in ons eie donker Afrika. Om te sien is soos glo en om kontemporêr te kyk is so effektief soos 'n televisiebeeld.

Ons moet dus na Pretoria kyk as post-dorp, want landelik is dit nie meer nie. As administratiewe hoofstad is die meeste makers in die land afhanklik van die besluite wat van hier uitgaan. Tot so mate dat dit nie net die hoofstad van die destydse Zuid Afrikaanse Republiek geword het nie maar ook die hoofstad van die huidige Republiek. Met magtige dreunings wat verskeie uitlanders vandag nog na Pretoria en sy makers laat verwys as die "Pretoria-regime". Die mettertydse obsessie met status en ontwikkeling in 'n gemeenskap van salaris- en pensioentrekkers, word weerspieël in die simbole en rituele wat die beeld van die stad uitmaak.

Die stad dra sy samelewing en daagliks beweeg duisende vanuit die Moot en oor die rante na die middestad. Soos die tradisionele handevat van "Afrikaners is plesierig" word die staatsmasjinerie vroegoggend geslinger en tot lewe geproes om die wa van staatsbestuur tot in elke uithoek te stuur. Mobiliteit is die wagwoord. 'n Amptenaar per motor, vyftien inwoners per taxi en die oorblwendes deur Putco en munisipale vervoer. Die professioneles trek terug in hulle skuilkantore en spreekkamers.

Wat is hierdie kultuur dan. Is dit 'n ster, droom of staan dit in die holte tussen die rante. Dit het sy oorsprong uit die religieuse lewe van die post-Trekkers. Hier is gekerk, genagmaal en gekuier. Vandag nog die hoogtepunt van die week se kultuurlewe rondom die stad. Die dag van driestukpakke en hoë hakskoene. Een van die stede met die meeste Afrikaanse kerkgeboue en gemeentes in die land. Kerke spikkel die stad as enkele Nasionale Gedenkwaardighede. Heilige geboue of heilige grond. Selfs hulle moes beskerm word teen kruiptrekkery.

'n Mens wonder daagliks watter deel van die ekonomie Pretoria aan die gang hou. Is dit ons wat vir Pretoria sorg, sorg die Staat vir die stad of dra die stad die Staat. Hier waar politiek en ekonomie dikwels in dieselfde stroom vloei of deur die plaaslike ingenieurs getem word tot 'n sementkanaal. Is Marabastad 'n oorblyfsel, 'n uitwerpsel, dooie punt of groeipunt. Dalk is toeriste attraksie, of net in traksie. Pretoria se laaste oorblyfsel van 'n derde wêreldse werklikheid. Mag ons stalletjies op Saterdae en Sondae 'n vlooimark genoem word dan word die straatsnoepies deel van die informele sektor. Maar nêrens is 'n sentrale verkoopplek nie. Die markplein het lelik geraak en is vervang met 'n teater - een onderdak en een in die opelug. Ons eie Hollywood Bowl. Kunsmatige teater word verkies want die werklikheid worstel vir erkenning. Die stad se ekonomie verander van verpakking en etiket maar doen weinig aan die dooie middestadnagte. Die banke kompeteer vir hoogte, glas, beton en die meeste nagwagte. Alle besighede lewer diens - 'n selfhelpdiens. Hoe verder die kliënte van die bestuurders af bly hoe beter. Ons word deur labirinte van oordakte arkades van straat tot straat gelei en gesuig om uiteindelik inkopies in die woongebiede te doen. Van 'n groentemark tot Stijdomplein. Van die Hypermark tot die tremloodse. Die informele moet tog formeel gemaak word.

Ons leef in 'n stad van sosiale pakkette. Ons ouers het gewoon in Sher Court en Constantia Court. Die stad was arm aan besoekpunte maar Walkerspruit, Bereaklub en die Fonteine was sosiaal aanvaarbaar. Jakarandafeeste en dans in die Stadsaal. Bioskope en koffiekroee was bereikbaar. En dit per voet of trapfiets - die jong staatsamptenare. Vandag met pensioen. Die sosiologie van Pretoria is 'n lappieskombers met rykes teen die hellings, woonstelle langs die spruite, en verder weg Mamelodi en 'n gerusstellende Eersterust. Met die Weermag in die suide en Afrika in die noorde is Pretoria die doodsakker. Saterdae is die sosiaalste dag van die week. Dis huwelike met foto's in die parke, die Yskor waterval, Uniegeboue of in Waterkloof. Vir Rugby om die televisie, dalk sokker by die Caledoniese gronde of 'n biertjie om die vuurtjie.

Niemand kan ontken dat Pretoria nie polities georienteerd is nie. Die Uniegebou hou uit die noorde 'n oog oor die stad. Terwyl Unisa die suidelike ingang versper. Mag teen mag. Van uitkomkans is daar nie sprake nie. Wie is die dader en wie die denker. Die verskil lê moontlik in die vlae wat wapper. Pretoria se eie piramiedes uit die rantjies gekap. Klapperkop-, Skanskop- en Wonderboomfort getuig van die magte uit die verlede. Kerkplein is ons eie, bus- Colosseum. Hier huldig ons die leiers in, staan die Raadsaal teenoor Justisie maar is dit ook die enigste oorblywende groen kolletjie waar duiwe dit nog waag, want op die ander plein word nog gejag. Eers was die Staatsgeboue Brits, toe Wierdiaans later Internasionaal maar verkieslik Amerikaans. Van sandsteen en rooisteen tot staal en glas. Die amptenare word duiwe vir die Poynton- en Hallmarkhokke. Sonder kosbakke - net hysbakke.

Pretoria het geen appélhof nie. Daarvoor word vergoed deur die magdom geel voertuie met blou en goud sonneblomme op. Soos lewensbloed wat deur die strate sirkuleer. Sirenes het gewoonte geword. Uiteindelik is daar nuwe lewe in die stad. Selfs oor naweke. Wee die argitektuurstudent wat dan geboue wil afneem. Vir hom is daar net opwindende ritte, vrae en telefoonoproepe wat wag. Is dit straatteater of staatsteater. 'n Paleis van Justisie het ons wel, van landdros kantore, te min. Die Joodse Sinagoge het 'n monument vir terroriste verhore geword en vandag word museumversamelings daarin geberg. Ons noem dit: hergebruik van ou geboue. Al het ons stad soveel mag lê die hoogste status vir wetstoepassing steeds by die alomteenwoordige parkeermeter entrepeneurs. Wat sou hulle tydens nagmaal op Kerkplein gedoen het?

Ons glo ons stad is Afrikaans in elke taal en bekend in elke land. Die uitspraak daarvan is jou eie indaba. Dis die stad wat amptelik twee tale het en uiteindelik met een oor die weg kom. Hier verander Roberts Heights na Voortrekkerhoogte en Lyttelton na Verwoerdburg.

Loftus is ons stad se CIRCUS MAXIMUS met CENTURION PARK as die jonger weergawe. Hier vind jaarliks duisende skoppe plaas. Alles deel van Pretoria se sportmansgees. Hier breek ons rekords en nekke. Ons het atletiek, rugby en tennisskole maar naweke is vir visvang, televisie en grassny. Fietsry buite jou woonbuurt en windseil by die quarriegat. Vir die intiemer tipes is muurbal en gimnasiums die enigste uitweg. Dis vinnig, effektief en so eksklusief. Moeders dans hulle magies weg in die kerksale wat gelei het tot 'n eie voorstedelike sweetpakkultuur. Want die drag is so belangrik. Natuurlike ontspanningsareas langs die stad se spruite word met beton kanalisering leefbaar gemaak en die parke word omhein.

Soos die meeste dorpe of post-dorpe het Pretoria ook geskeide skole. Verkieslik met 'n besige straat tussen-in. Meisies is meisies en seuns bly seuns. Engels bly Engels en Afrikaans staan sterk. Iewers in die toekoms moet ons saamwerk.

Ons intellektuele agtergrond word versterk deur die universiteite wat op die voorgrond staan. Al is dit nou ook kosbare berggrond of neffens die proefplaas. Daar is 'n Technikon in die weste en digby die Fonteine is die eertydse baksteengroef finaal met 'n Onderwyskollege gevul. Opvoeding en opleiding oorbrug selfs vullishope, strate en onkunde.

Ons stad is die grootste mensgemaakte skepping in ons distrik. Amper Suid-Afrika se Detroit. Hier maak ons staal, Buffels, Caspirs, gewere en amptenare. Alles om die land te dien. Rosslyn is 'n hartland en 'n buffer. Die mikrogolftoring is 'n hoogtepunt. Ons stad se eie meeluister apparaat. 'n Onbekende soldaat wat rustig in die nag sy rooi liggies oor die rante laat flikker. 'n Monument vir die post-dorp era en vrede op die plaas.

In die lente vier ons Jakarandafees. Die stad se gesogte strate behang en bestrooi in sagte purper. Is dit die einde of die begin van iets groots. Dalk die koms van 'n nuwe deurpad, monument of 'n tiental slote oor die straat. Dalk 'n sirkus langs die dieretuin. Miskien bring vyftig nuwe verkeersligte orde in die nag se stil strate. Nuwe lewe in die stad. 'n Demokratiese kunswerk in neon. Kerkplein met busse word aksiekuns in

rooi. Ons het die Wesfasade gered. Nou is oom Paul in die gedrang. Hy herinner ons aan die geskiedenis wat ons inhaal. Oorkant die Stadsaal hang die oorblyfsels van die grote wat nie weggekom het nie. Ons bewaar 'n seevis in Transvaal en 'n mummie uit Egipte.

Kunste deurspek ons stadsvesel soos 'n gestopte skaapboud. Dit verhoed dat ons kultuurverkoue kry. Ons betaal duur vir die knoffelsakkies om ons nek. In 'n dowwe plek in die stad pryk Pretorius voor 'n spuitfontein. Die Stadsaal het lankal in die agtergrond verdwyn. Kruger staar oor helfte van Kerkplein. Die enigste redding is om dit president- of amptenaarplein te noem. Klerkeplein of Klerkplein? Strijdom kyk teen die Sammy Marksgebou vas en die droom om eendag 'n perderesiesbaan te hê word daarlangs vergestalt. Futuristiese konstruksies by CIVITAS word van publieke oë weggehou. Vlekvrye simbole van binnelandse sake en Volksgesondheid. Ons geskiedenis word weerspieel in Wierda, Baker, Eaton en Moerdyk. Net enkeles wat in die laer en daarom toegelaat is. Ons kunste boer tussen kosmos en Broederstroom. Alles wat goed is gebeur op 'n oos-wes-as. Selfs die Dieretuin volg die patroon.

In 'n wêreld waar die Capital 'n parkeerarea geword het, die Aula vir politieke sprekers geleen word, die Stadsaal die brandweer se uitsig versper en die Staatsteater te duur geword het, wonder 'n mens oor ons stad se daglewe. 'n Sewe-tot-vier kultuur. Met tyd vir niemand, geld vir niks en krediet vir alles behalwe omgewings kwaliteit, en tyd. Sou die nuwe kultuur 'n post-kultuur wees. Durf ons dit alternatief noem, dan is dit konserwatief. Progressiewe regressie of regressiewe progressie. Wil ons dit bewaar of laat verbygaan?

6-10-89

## 3. PRETORIA SE FONTEINE-INGANG VANDAG EN MORÊ

PROF DIETER HOLM
HOOF: DEPARTEMENT ARGITEKTUUR: UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Die eerste indruk tel. Maak nie saak of jy van films, boeke, mense, motors, huise of dorpe praat nie. Die eerste indruk bepaal dikwels jou houding en (voor)oordeel teenoor alles wat gaan volg. Hoe maklik gebeur dit nie dat ons die oomblik dat 'n spreker se simpatieke figuur op die verhoog of skerm verskyn, klaar besluit dat hierdie persoon sal sinvol praat. Hy voldoen dan ook gewoonlik aan ons verwagtings volgens die wet van 'n selfvervullende voorspellings.

Argitekte en huisbouers weet hoekom hulle soveel moeite aan die voordeur spandeer. Dis die eerste indruk. Dieselfde huis deur die agterdeur betree, is nie naastenby so indrukwekkend nie.

As jy Kaapstad van die see benader, kom jy by sy voordeur in. Dink maar aan die onvergeetlike beeld wat Venesië bied as 'n mens met die boot arriveer. Netso is die "white cliffs of Dover" 'n emosiebelaaide groet. Ongetwyfeld sit Pretoria sy beste voetjie voor met sy Fonteinedal-ingang. Die Fonteine was immers die lewensbron van

die eerste nedersetting en is vandag nog deur sy lowerryke vallei 'n geliefkoosde ontspanningsoord.

Reeds van ver word die motoris op die snelweg deur die silhoeët van die Voortrekkermonument links en die John Vorstertoring regs begroet. Links staan simbolies vir wat regs staan en andersom. Die moderne motoris laat hom nie deur sulke onbenullighede afskrik nie en kies vasbeslote 'n westelike afrit met die teken 'Oostelike voorstede' om na die sentrale stasie te kom. Nou volg een van die belaglikste stukkies ingenieursontwerp in die suidelike halfrond. Vanaf die snelweg se groot en elegante skaal is daar 'n abrupte bokspring by 'n verkeerslig, gevolg deur 'n smal agterstraatjie wat onverhoeds na links skuur, nee, na links ruk, terwyl die eintlike groot pad reguit teen 'n een of ander grasdak eindig. As die motoris weer sy hoogte en spoed herwin en nie 'n modderskerm of twee ingeboet het nie is hy tenminste sy rigting en moed kwyt. Vreesbevange klou hy aan sy stuurwiel, gedagtig aan die padkaart van die fonteine wat lyk soos 'n reus wat 'n mondvol spaghetti oor Pretoria uitspuug. In werklikheid is die ervaring minder verskriklik. Siedaar, voor jy jou kom kry is jy klaar in die verkeerde rigting, op pad na Delmas en Jan Smuts lughawe.

Maak nie saak nie. As jy uiteindelik jou draai gekry het, word jy beloon met 'n veel mooier toegang. Die Delmas-pad bied 'n majestieuse blik op die spuitfonteine voor jou, op die poort in die agtergrond en die 'brown cliffs of Unisa' teen die hang. Verder regs word die sensitiewe oog deur 'n paar bloekombome teen argitektoniese beserings beskerm. Nog verder agter in die mis lê die Mini-Manhattan met die heiligdomme van Volkskas Bank(!) en die Reserwe Bank.

Maar riffels in die pad bring jou terug na die werklikheid: anker slaan. Ag ja, hier op die regterkant was vanmelewe Kirkness se baksteengroef. Mooi stene gemaak, J.J. Kirkness, 'n ou Skot, vir Oom Paul se Ou Raadzaal en vir die Paleis van Justisie en vele ander daarna. Wierda was mos die argitek. Hier links doem nog 'n stuk van sy brug op gebou vir die ZASM Delagoabaai toe. Die brug lyk soos Piranesi se Carceri. Genootskap Oud-Pretoria het 'n bronsplaat daarop geplaas. Die stuk pad tot by die Stasie kon netsowel 'n tonne1 gewees het. Dis verwarrend en onoorsigtelik. Uiteindelik, die stasieplein as die eerste ligpunt ná die Fonteine. Die stasieplein is een van daardie onderbenutte geleenthede wat wag om stedeboukundig en argitektonies te blom. Vele juwele staan daar sonder erkenning en sonder veel onderlinge verband.

Daar is baie lig in Paul Krugerstraat. Te veel lig. Te veel geraas, te veel motorverkeer, te veel haas. Dit is te onmenslik vir 'n dorp; vir 'n hoofstad te onwaardig. Dink net: as die waters van die Fonteine in kaskades langs Paul Krugerstraat sou afloop met groot skaduryke boomlanings - is 'n breë boulevard so 'n absurde gedagte? - tot by Kerkplein dan sou party mense dalk daar wil wandel. Party sou dalk tot in Fonteinedal verdwaal en wonder of dit nie 'n mooi stuk natuurskoon kon gewees het nie.

En tog is daar geen rede om alle hoop te laat vaar nie. Inteendeel, soos dit vandag daar uitsien, bevat die Fonteine-ingang elemente wat in statigheid en skaal vir die eerste indruk van die Hoofstad waarlik paslik is. In besonder is dit die silhoeët van die rante met die Voortrekkermonument, forte en toring. Van nader is dit die spuitfonteine en die blik op die Hoofstad, geraam deur die poort en Unisa op die rand. Van belang is verder die ou treinbrug, die hoofstasie met Paul Krugerstraat en die ouer geboue in die omgewing wat konteks en historiese kontinuïteit waarborg. Al hierdie sterk, maar los

elemente is soos die deurmekaar stukkies van 'n groot legkaart wat wag om sinvol aanmekaar gevoeg te word.

Wat ontbreek is die samehangendheid tussen die genoemde geboue en strukture; tussen die stasieplein en die Fonteinepoort en -sirkel asook tussen die snelweg en die Fonteinesirkel. Wat hier ontbreek is nie net happies paaieontwerp of landskapversiering of argitektuur of ligte-ontwerp nie maar stadsontwerp. Die positiewe elemente moet saamgesnoer en versterk word om op 'n oortuigende wyse vir ons te skep waarvoor die geleentheid vra.

Bloemfontein kan nie ewig in die kalklig bly nie. Dalk moet ons 'n landswye kompetisie uitskryf vir 'n gepaste poort vir Pretoria.

12-10-89

## 4. PRETORIA SE SUID-OOS KWADRANT - BEWAAR EN ONTWIKKEL

GERRIT JORDAAN
ARGITEK EN STADSONTWERPER

Die suid-oostelike kwadrant van Pretoria-sentraal is die stadsdeel wat die vinnigste verander weens ontwikkelingsdruk. Hierdie ontwikkelingsdruk is positief in die sin dat dit kragte is wat gerig kan word deur sinvolle riglyne waarvan die GEBOUELYS een van die basisse vorm. Binne die stadskonteks is die buitekant van alle geboue in der waarheid die binnekant van die stad en daarom is die geboue sowel as die ensemble wat die stadsruimtes vorm ewe belangrik.

### STADSKONTEKS EN HISTORIESE AGTERGROND

Die suid-oostelike kwadrant van Pretoria-sentraal was van 'n vroeë stadium af die sakekern van die stad. In die begin was Kerkplein die middelpunt vir staats-, godsdienstige-, sosiale- en handelsaktiwiteite maar sedert 1882 is die mark na die ooste verskuif waar die Staatsteater en Strijdomplein tans is. Die westelike gedeelte van Pretoria-sentraal is voorheen as die "bo-dorp" beskryf, in hierdie gedeelte was President Paul Kruger se huis asook die Gereformeerde Kerk. Pretoria het egter om verskeie redes sneller na die ooste ontwikkel en daarmee saam ook die sentrale sakekern.

### PLEKSTRUKTUUR

Die plekstruktuur van die suid-oostelike kwadrant word deur Kerkstraat, Paul Krugerstraat, die Apiesrivier, en die stasie met Railwaystraat begrens. Kerk- en Paul Krugerstraat vorm ook die hoofasse van Pretoria-sentraal en langs hierdie asse word die hoofinstellings van die stad gevind by name Kerkplein met die Ou Raadsaal en Paleis van Justisie; Paul Krugerstraat met die Stadsaal, Transvaal Museum en stasie. Kerkstraat met die Staatsteater en Tegniese Kollege.

Die domein van hierdie kwadrant bestaan soos die res van Pretoria-sentraal uit 'n reghoekige straatruitpatroon wat teen die natuurlike grense naamlik die rante en die riviere gemodifiseer is. Weens die lengte van die straatblokke is in 'n vroeë stadium al klein stegies ontwikkel. Hierdie stegies en ander midblokverbindings het die unieke arkadesisteem laat ontstaan wat baie suksesvol in 'n sakekern funksioneer. Daar bestaan 'n redelike growwe grein in hierdie domein en met die ontwikkeling soos dit tans daar uitsien sal hierdie grein nog steeds growwer word. Weens die voorgestelde Deurpadskema is daar 'n groot aantal leë erwe wat tans onderbenut word en kontinuïteit in straatfronte en die stedelike tekstuur veroorsaak. Gebruiksverandering is ook teen die suid-ooste te bespeur waar die druk vir sake-verwante gebruike die gevolg het dat behuising in kantoorruimtes omskep word. Alhoewel die stadskern voorheen 'n menggebruik-area was is dit tans besig om te ontwikkel in 'n sakesentrum wat grotendeels in die dag benut word. Alhoewel daar 'n groot aantal winkelsentrums is kan die kruising van Pretorius- en Andriesstrate as die middelpunt van die sakesentrum van Pretoria aanvaar word. Dit is ook hier waar die grootste konsentrasie van arkades voorkom. Vanuit 'n natuuroogpunt is Burgerspark weereens die mees kenmerkende en identiteitsgewende sentrum.

Daar bestaan verskeie landmerke in hierdie kwadrant waarvan Kerkplein, Strijdomplein, (met die Volkskasgebou en Staatsteater) Pretoriusplein, (met die Transvaalse Museum en stadsaal) en die stasie die mees prominente is. Burgerspark dien ook as landmerk met Melrose-huis maar op 'n meer lokale skaal. Vanuit hierdie kwadrant is daar 'n groot aantal skakels wat die nodige kontak op 'n stadskaal verskaf. Van hierdie skakels is Leeubrug en Fonteine simbolies die mees prominente terwyl Esselenstraat en Kerkstraat die sterkste kontekstuele skakels is. Die Fonteine-skakel is die mees kwesbare aangesien 'n groot aantal van die oop ruimtes en erwe staatseiendom is of binne die deurpadreserwe val.

STADSRUIMTES

Kerkplein is die mees prominente en simbolies belangrikste oop ruimte in Pretoria. Die plein is strategies binne die ruituitleg van die stad geplaas wat deur die Paul Kruger- en Kerkstraatasse bevestig word. Die pleinwande het relatief min straatvlakinterfase weens die groot aantal staatsgeboue wat meer staatmaak op simboliese fasade as op straatvlakinterfase. Volgens internasionale standaarde is die plein relatief groot. Die uitleg is simbolies baie sterk maar funksioneel katastrofies aangesien die strate (en die busse) groot dele van die ruimte van die geboue isoleer.

Strijdomplein bestaan uit 'n amorfe ontwerp sonder enige aktiwiteite behalwe vir die monument en die "bosveldlandskap". Die monumentale beeld en "heilige grond" bied geen werklike pleinaktiwiteite om die ruimte te ondersteun nie. Met hierdie ontwerp is weereens 'n simboliese plein geskep wat min vir die stadsmens in terme van stadslewe bied. Die bosveldlandskap met die anti-stadgevoel en die plastikrotse (ala Sun City) bring nie werklike bruikbare natuur in die stad nie. Die vraag is of 'n "botaniese tuin" hier geregverdig is. Die Staatsteater met sy eie "plein" ('n fontein met 'n parkade-ingang) oriënteer ook nie na die plein nie. Die gevolg is dat die straatblok totaal versnipper en onsamehangend voorkom.

Pretoriusplein voor die Stadsaal is aksiaal goed geplaas en ondersteun die argitektuur van sy tyd sowel as die pleinstruktuur. Die ruimte is simbolies baie sterk en eenvoudig. Parkering steurend. Strate sny ook geboue af. Die plein is fisies baie groot, maar gaan gebrek aan aktiwiteite.

Die stasieplein is tans in 'n baie swak toestand en bestaan hoofsaaklik uit 'n ontoeganklike parkeerterrein met 'n visdam. Die hele ruimte kort geometriese ordening en aksiale versterking om sodoende in 'n waardige plek van aankoms in Pretoria te ontwikkel. Die informele markte wat tans aan die Bosmanstraatkant ontwikkel, kort fasiliteite en versterking. Die stasieplein kan in hierdie verband in 'n werklik aktiewe plein ontwikkel sonder dat kunsmatige "vlooimarkte" geskep hoef te word. Die geaardheid en plasing van die geboue om stasieplein hou die potensiaal van die opwindenste plein in Pretoria in.

STRATE

Die ruimtekwaliteit van 'n straat word deur interfase, publieke fasade, ritmiese en ruimtelike progressie en visuele oriëntasie van die straat bepaal.

Daar bestaan 'n groot verskeidenheid straatsnitte in residensiële strate met intieme enkelverdieping huise. Die strate is meestal breed (oorspronklik sodat 'n ossewa daarin kon draai) wat nie net latere verkeersvloei goed hanteer het nie maar ook plek gelaat het vir die aanplant van bome. Die kanaalruimtes kom meestal in die sakekern voor en dit is in hierdie deel waar die bome grotendeels verwyder is.

Straatvlakinterfase wat voorheen met kolonades bereik is word tans slegs met oorhange oor die sypaadjies verkry en is grotendeels ongekoördineerd en vaag. Die straatwande van die kanaalruimtes kort koördinasie van kroonlyste, oorhanghoogtes, ruimtelike progressie en fasade-artikulering. Oorhange oor sypaadjies moet verpligtend wees en nie opsioneel nie, want elke gebou het 'n verantwoordelikheid teenoor die straat en die gebruikers daarvan.

Die Apiesrivier wat tans as stormwaterkanaal vir Pretoria dien was voorheen 'n natuurlike grens van die stadskern sowel as toeganklike natuur vir die stedeling. Met die voorgestelde deurpadskema sal hierdie natuurlike element totaal vernietig word behalwe vir 'n moontlike meerprojek by die sameloop van die Walkerspruit en Apiesrivier. Of so 'n skema direk langs 'n snelweg sal kan funksioneer bly 'n oop vraag. Die groot aantal erwe wat onteien is vir die Deurpadskema kan beter benut word indien dit as 'n liniêre park ontwikkel word (maar dan sonder 'n snelweg).

Die vervanging van die Jakarandabome met ander "inheemse" bome is in lyn met die onlangse patriotisme wat met die landskapsargitektuur na vore tree maar die vraag is of die Jakarandas wat deel van identiteit van Pretoria vorm nie behoue moet bly nie. Wat egter dringend aandag moet kry is die herplasing van bome wat weens "straatverbeterings" verwyder word.

GEVOLGTREKKINGS

Die suid-oostelike kwadrant is seker die deel van Pretoria wat die meeste ontwikkel en die grootste potensiaal het. Met die lysting van die geboue in hierdie gebied sal die

toekomstige ontwikkelaar kennis moet neem van die stedelike kwaliteit sowel as die besonderse argitektoniese voorbeelde wat tans bestaan. Riglyne vir ontwikkeling, wat simbioties met bewaring is, moet in ruimtelike terme uitgespel word. Die rig van ontwikkeling in hierdie gebied sal die bestaande plekstruktuur, argitektoniese kleinode en identiteit van plek in ag moet neem om te verseker dat die stadsbouproses in belang van Pretoria se geheel en sy inwoners sal wees. 'n Oop gemoed en buigbaarheid by ontwikkelaars, bewaarders en stadsraad behoort hier die basis vir die volle ontwikkeling van die kwadrant se argitektoniese, stedeboukundige, historiese, sosiale, en ekonomiese potensiaal te wees. Dan sal die genoemde riglyne 'n onontbeerlike hulpmiddel wees to nut van alle betrokkenes.

03-11-89

## 5. DIE STAD WAT MOET UITMUNT IN VOORTREFLIKHEID

PROF 0J0 FERREIRA
DEPARTEMENT GESKIEDENIS UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Teen 1840 het Lukas Bronkhorst sy pioniershuisie in die huidige Fonteinedal gebou. Mettertyd het Philippus Minnaar en Andries van der Walt sy bure geword. Dit was in wese die begin van Pretoria. Maar voordat hierdie gehuggie 'n dorp sou word, is daar eers ander dorpe in die Oor-Vaalse gebied gestig, naamlik Potchefstroom (1838/39), Ohrigstad (1845), Soutpansbergdorp (later Schoemansdal) (1848), Lydenburg (1849) en Rustenburg (1850). Dit was juis die verspreide ligging van hierdie dorpe wat 'n behoefte aan 'n sentrale regeringsetel in 'n destyds erg verdeelde Oor-Vaalse gebied laat ontstaan het. Vir die stigting van die dorp het M. W. Pretorius die plase Elandspoort, Daspoort en Nooitgedacht aangekoop, maar sonder teenstand sou die dorp nie gestig word nie. Terwyl die landsregeerders nog oor die plek waar die dorp aangelê moet word gestry het, het die kerkman ds. Dirk van der Hoff in 1854 - met hulle verlof - 'n kerk op die plaas Elandspoort laat bou. Spoedig daarna, op 16 November 1855, het die Volksraad die dorpstigting rondom hierdie kerk goedgekeur.

Pretoria is na die Voortrekkerheld Andries Pretorius vernoem. Ook by die naamgewing het ds. Van der Hoff die leiding geneem. Aanvanklik is die wisselvorme Pretoria Philadelphia, Pretoriusdorp (Pertoorsdorp!), Pretoriusstad en Pretorium gebruik, maar gelukkig het dit tot Pretoria gestabiliseer. Maar Pretoria het ook byname gehad. In die jare sewentig van die vorige eeu was haas elke tuin en heining van rankrosies oortrek sodat die stad as die "Stad van Rose" bekend gestaan het - 'n naam wat die Vrystaatse hoofdorp dus tweedehands oorgeneem het. Teen die einde van die jare tagtig is die eerste Jakarandabome van Suid-Amerika ingevoer en aangeplant. Na enkele jare was Pretoria pers en het die naam "Jakarandastad" inslag gevind - 'n naam wat tot vandag toe bly vassteek het. Maar die bonkige figuur van staatspresident Paul Kruger - in die vorige eeu in lewende lywe en later in brons - is ook onafskeidelik aan Pretoria gekoppel sodat die naam "Kruger se Stad" nie onvanpas is nie.

Gestig as kerkplaas in die middle vyftigejare van die vorige eeu, het Pretoria eers op

1 Mei 1860 Potchefstroom as amptelike setel van die Zuid-Afrikaansche Republiek vervang. 'n Eenvoudige grasdakgebou is as Goewermentsgebou aan die suidekant van Kerkplein opgerig, wat in 1889 gesloop is om vir die nuwe, statige Goewermentsgebou of Raadsaal plek te maak, terwyl die Paleis van Justisie kort voor die Tweede Vryheidsoorlog in 1898 aan die noordekant van Kerkplein opgerig is. Pretoria se geweldige ontwikkeling kan in groot mate daaraan toegeskryf word dat die stad in 1910 die uitvoerende of administratiewe hoofstad van die Unie van Suid-Afrika geword het. Hier is die meeste staatsdepartemente gehuisves, hier woon die meeste staatsamptenare en hier is die Uniegebou in 1913 in gebruik geneem. En tog is Pretoria eers op 14 Oktober 1931 tot 'n stad verklaar en is die stadsaal vier jare later voltooi.

Pretoria het sy dramatiese momente beleef. Die Vierkleur van Transvaal het trots op Kerkplein gewapper totdat dit in 1877 tydens die Britse anneksasie gestryk is. Vier jaar later, na die Transvalers se roemryke Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881), kon.die Vierkleur weer gehys word. Drie keer is Paul Kruger as wettig verkose staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek op Kerkplein aan sy volk voorgestel. Op 6 Junie 1900 is die Union Jack vir die tweede keer op Kerkplein gehys toe die Britse militêre owerheid - verkeerdelik - gedink het dat die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) verby was. Op 31 Mei 1902 is die Vrede van Vereeniging , waardeur die Boererepublieke hulle onafhanklikheid verloor het, in Melrosehuis onderteken. Op 31 Mei 1910 is die proklamasie waardeur die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het op Kerkplein gelees. Maar dit was ook op 'n reenerige 31 Mei 1961 dat die eerste staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, adv. C.R. Swart, feestelik op Kerkplein ingehuldig is.

Reeds in die dae van die Zuid-Afrikaansche Republiek het Pretoria 'n militêre tradisie gehad. Ná die Jameson-inval (1895-1896) is die forte rondom Pretoria gebou - forte waaruit nooit 'n enkele skoot op vyandige magte gevuur is nie. Die Verdedigingshoofkwartier in Pretoria en die militêre basis by Voortrekkerhoogte (vroeer Roberts Heights) huisves die opperbevel van die leer, lugmag en - ver van die see - die vloot. .Ook die hoofkwartier van die Suid-Afrikaanse Polisie is in Pretoria.

Sedert meester Hendrik Stiemens die eerste staatsondersteunde skooltjie in 1859 in Pretoria begin het, het die stad geleidelik in 'n onderwyssentrum ontwikkel. Die bou van die Staatsmodelskool (1893) en die Staatsgimnasium (1894) het aan die Zuid-Afrikaansche Republiek twee belangrike opvoedkundige en argitektoniese bakens gegee. Na die Tweede Vryheidsoorlog is die Pretoriase Normaalkollege (later Pretoriase Onderwyskollege) in 1902 in Sunnyside opgerig en in die jaar van Uniewording het die Transvaalse Universiteitskollege (sedert 1930 die Universiteit van Pretoria) 'n selfstandige inrigting en deel van Pretoria geword. Teen die einde van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het die Universiteit van Suid-Afrika stilweg in 1918 in Pretoria met sy nasionale en internasionale opvoedingstaak begin. Maar Pretoria het nog talle ander skole, kolleges, 'n technikon en universiteite met afkortings vir name - 'n gebruik waarin Pretorianers skynbaar uitmunt. Teen Meintjeskop sit die ou en nuwe geboue van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die organisasie wet sedert 1909 oor die welsyn van die Afrikaanse taal, lettere, kuns en wetenskap waak.

Wat navorsing betref, is Pretoria in vele opsigte op die voorpunt in Suid-Afrika. Reeds sedert 1908 is Onderstepoortnavorsingsinstituut 'n bekende naam onder alle veeartse oor die hele wêreld. Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) (gestig in 1945) en sy susterraad, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) (gestig in 1969), dra grootliks by tot die wetenskaplike status wat die stad geniet. Navorsingsreaktors is in 1965 deur die Atoomenergiekorporasie by Pelindaba, wes van Pretoria, geïnstalleer en vanuit die Weerburo in Pretoria word die weervoorspellings daagliks vir die hele land (en elders) verstrek.

Pretoria vors nie net na nie, maar oefen ook graag beheer uit. Verstommend is die aantal beheer- of bemarkingsrade wat in Pretoria gesetel is. Enkele produkte wat vanuit Pretoria beheer word, is - streng alfabeties - onder meer die volgende: aartappels, droebone, eiers, graansorgham, koring, lusern, mielies, piesangs, suiwelprodukte, vleis en wol.

Pretoria se industriele en nywerheidsontwikkeling het nederig in 1883 by Eerste Fabrieken begin en geleidelik toegeneem, maar dit was die vestiging van Yskor in 1928 wat die stad 'n geweldige ekonomiese inspuiting gegee het. Later het die motorindustrie gevolg en Pretoria nie onaangeraak gelaat nie. Die ou en nuwe geboue van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, wat sedert 1921 banknote uitreik en die verkope van Suid-Afrika se goud hanteer, is imposante bakens in die stad.

Pretoria kan afbreek, maar kan ook bewaar. Reeds in 1893 is die Transvaalmuseum as die staatsmuseum van die Zuid-Afrikaansche Republiek gestig. Hierdie museum het as gevolg van sy mot- en skoenlapperversameling en aapmensfossiele wêreldbekend geword. Nie alleen die opgestopte diere in hierdie museum nie, maar ook die lewende diere in die Nasionale Dieretuin, wat in 1899 gestig is, lok natuurliefhebbers na Pretoria. Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum het uit die Transvaalmuseum ontwikkel en het in 1964 'n selfstandige museum geword. Hierdie museum is in die eerste plek bekend vanweë die Egiptiese mummie wat daarin uitgestal word, terwyl kultuurliefhebbers daarheen behoort te gaan omdat die museum 'n unieke versameling Kaapse meubels en silwer en 'n verteenwoordigende versameling pioniersmeubels en -gebruiksvoorwerpe vir die nageslag bewaar. Ander museums onder beheer van die Kultuurhistoriese Museum sluit in die Voortrekkermonumentmuseum waar stukke uit die dae van die Groot Trek uitgestal word, die Krugerhuismuseum waar die "Groot Gryse" lank gewoon het, die eenvoudige en sobere Pioniershuis by Silverton wat uit die middel van die vorige eeu dateer en die swierige Sammy Markshuis wat van Victoriaanse oordaad getuig. In Melrosehuis, 'n pragtige voorbeeld van Victoriaanse boustyl in Pretoria, is die Vrede van Vereeniging in 1902 onderteken. Departementele museums in Pretoria sluit onder meer die Poskantoormuseum en die Suid-Afrikaanse Polisiemuseum in. Vir die kunsfynproewer is daar die Pretoriase Kunsmuseum, warvan die huidige gebou in 1964 in gebruik geneem is en wat hom veral op die versameling van Suid-Afrikaanse kuns toelê. In die Staatsagrief - eers onder- en nou bogronds - word die amptelike geheue van die staat bewaar.

Pretoria het vele meer en minder geslaagde monumente. Die bekendstes is: die Krugerstandbeeld op Kerkplein wat telkens van standplaas verwissel het, die Voortrekkermonument waaromheen die Afrikanervolk sy grootste feeste gevier het, die Pretoriusstandbeelde voor die Stadsaal waar vader Andries en seun Marthinus deur 'n vywer geskei word, die ruiterbeeld van Louis Botha waar die Boeregeneraal

voor die Uniegebou strak en doelgerig staar, die oorkoepelde hoof van adv. J.G. Strijdom op die ou Markplein. Maar miskien is Loftus Versfeldstadion, waar duisende onfikse toeskouers sit en kyk hoe fikse spelers om die besit van 'n bal spook, die nasionale heiligdom in Pretoria.


Bekende beeldende kunstenaars wat in Pretoria geleef en gewerk het, sluit in Pieter Wenning, Frans Oerder, Anton van Wouw, Erich Mayer, Coert Steynberg, Alexis Preller en Walter Battiss. Woordkunstenaars wie se name onafskeidelik met Pretoria verbind is, is onder andere Rider Haggard, Eugène Marais, Jan Celliers, Louis Leipoldt, Gustav Preller en - teen haar en Pretorianers se sin - Lina Spies. Wat die uitvoerende kunste betref, was Pretoria die setel van die Nasionale Toneelorganisasie sedert sy stigting in 1948 totdat die organisasie in 1963 ontbind het en provinsiale streekrade in die plek daarvan gestig is. Vandag is die Staatsteater, in die hart van Pretoria, die tuiste van die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste, wat aan Pretorianers die geleentheid bied om op- en uitvoerings ter wille van die kuns of om sosiale redes by te woon.

Die stadswapen van Pretoria, wat in 1907 in gebruik geneem is, bevat onder meer 'n doringboom, simbool van stadige maar voortdurende groei, agt bye, simbole van arbeidsaamheid en ordeliewendheid, en die wapenskild van die familie Pretorius in die middel. Die skildhouers is 'n eland en 'n koedoe - wat dui op die plase Elandspoort en Koedoespoort waarop Pretoria aangelê is. Die leuse van die stad, Praestantia praevalaet Praetoria, is die maaksel van dr. F.V. Engelenburg. Vry vertaal beteken dit "Mag Pretoria uitmunt in voortreflikheid". Mag dit so wees.


07-11-89

# HOOFSTUK 5: LYS VAN GEBOUE EN PLEKKE

Om opsporing van beskryfde geboue te vergemaklik is die middestad eenvoudig in blokke genommer (kyk Figuur 5.1) waarin die geboue afsonderlik of in groepe beskryf word. Beskrywings begin telkens so naby moontlik aan die noord-westehoek van 'n blok waarna anti-kloksgewys om die blok beweeg word. In sommige gevalle was hierdie benadering egter nie moontlik nie omdat die samehang van 'n groep geboue, soos byvoorbeeld om 'n plein of straat of as deel van 'n groter konteks, belangriker as die metodiese geag is. Waar oorvleuelings tussen blokke voorkom, word dit aangedui.




FIGUUR 5.1 - Bloknommers hierna gebruik




FIGUUR 5.2 - Suid-Oos kwadrant van die middestad met die grense daarvan.
Arseerde dele beskryf plekke wat in hierdie dokument gelys is

BLOK 1

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkplein |
| ERFNOMMER | 322 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Poskantoor: Hoofposkantoor |
| BESKRYWING | Vierverdieping sandsteengebou met swaar projekterende hoekpawiljoene, wat saam met die grondvloer (as basisplint) sterk artikuleer is deur middel van diep horisontale voeg in die klipwerk inbuig om die geboogde vensters en ingange om uiteindelik sluitstene te vorm. 'n Teruggesette balkon agter gepaarde Ioniese kolomme wat oor twee verdiepings strek aksentueer die hoofingang na die plein. Ook die ingang vanaf Kerkstraat is sterk aksentueer deur 'n boog wat op identiese kolomme rus. Die ander vloere is, behalwe vir 'n projekterende lys bo die derde verdieping, veel eenvoudiger behandel en bestaan hoofsaaklik uitgepaarde reghoekige vensters in 'n gladgewerkte sandsteenfasade. Die gebou is onlangs gerestoureer. |



| | |
|---|---|
| BELANG | Die gebou is in 1910 opgerig na 'n prysvraag wat deur die argitek William Hawke gewen is. Die bouer was William Nottingham, wat veel gedoen het om die gebou by die Nasionale Bank langsaan te laat aanpas wat grondvloerbehandeling en hoogte betref. Dit vorm deel van die 'belangrikste historiese fasade' in Pretoria en sit die amper onnodig ryk fasadebehandeling van geboue aan hierdie kant van die plein voort. Selfs die funksie het nie verval nie. Bron: Allen (1971), Meiring (1980), Grieg (1971), Picton-Seymour (1977), Poskantoormuseum, UP Dokumentasie. Meiring, Picton-Seymour en Greig verskil oor die argitek. |

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkplein |
| ERFNOMMER | 320 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Poskantoor: Ou Staatsmunt |
| BESKRYWING | Dubbelverdieping met die bekende vyfindeling van die hooffasade wat van gekapte sandsteen gebou is; breë bande wat soos die van die poskantoor langsaan oor geboogde vensters en hoofingang tot 'n enkele sluitsteen invou op die |



grondvloer en op eerste verdieping veel gladder afgewerk is. Die eerste verdieping en daklyn is ryklik artikuleer met gepaarde Korintiese pilasters, vensters onder driehoekige en geronde pedimente, 'n serliovenster, pedimenteerde sentrale corps avant en hoekpawiljoene asook gebroke daklyn en dakrandurns. Die dak is versteek agter die borswering en is van sinkplaat; houtdeure en vensters is nou, na restourasie en hergebruik as deel van die poskantooruitbreiding, herstel.

Na die eeuwenteling (ca1905) is die drieverdieping anneks tot die Muntgebou gevoeg. Dit is 'n smal simmetriese gebou (waarvan feitlik net die fasade vandag oorbly) en was as die National Bank Chambers bekend. 'n Dakvenster in 'n middelgewel druk hoog bo die daklyn uit.

Die fasade is, ten spyte van die vlakheid van Jugendstildekorasie, 'n sterk vermenging van pilasters, boë, traplyste, boogde, reghoekige en gepaarde vensters, wat amper soos 'n diepreliëf, eerder as 'n geboufront behandel is.

BELANG



Die gebou is ontwerp deur Emly & Scott nadat hulle die prysvraag daarvoor gewen het en die hoeksteen is deur Kruger in 1892 gelê. Dit was die eerste munt in die suidelike halfrond en die amptelike naam was De Nationale Bank en Munt der Zuid-Afrikaansche Republiek. Kirkness was die bouer.

Die styl is Neo-Renaissence en die gebou verleng die sandsteenwand van die Wesfasade. Dit is van groot kontekstuele belang met ander geboue aan hierdie kant van die plein met sy rykversierde argitektuur en die kwaliteit van ontwerp verloën die klein, maar menslike, skaal daarvan. Dit skep 'n historiese verband met die Chambers langsaan, wat op die smaakverandering van die tyd, sowel as die gees van die nuwe heersers en hulle siening van die plein en die Transvaal dui. Bron: Allen (1961), Greig (1971), Meiring (1980), Picton-Seymour (1977), UP Dokumentasie.

ADRES: Paleisstraat, Kerkplein
ERFNOMMER: 274
HUIDIGE GEBRUIK: Dee1 van Poskantoor: Bank of Africa

BESKRYWING: Dubbelverdieping gebou met grondvloer van rugekapte sandsteen, gladde kalfstandwerk en gladgewerkte sandsteen tot die lyste, kolomme en pedimente, met meestal pleistervlakke tot die eerste verdieping. Hoë skuifraamvensters van hout, waarvoor smeeyster balkonrelings op die eerste verdieping. Dak versteek agter getrapte borsweringmuur.

BELANG: Die gebou is ontwerp deur T A en R Sladdin en voltooi tussen 1906 (Meiring) en 1910 (Dunston). Kirkness, wat die bouer was, het self ook kantore in die gebou gehad. Spesiale eienskappe is die swaar klipwerk en die neo-Klassieke pediment op kolomme wat na Paleisstraat gerig word, terwyl die ingang, onder 'n kleiner weergawe van die pediment op kolomme, noodgedwonge op die hoek geplaas is om deel te hê aan die pleinruimte. Dit vorm 'n belangrike en definitiewe afsluiting van die Wesfasade en laat die oog spring na die Paleis van Justisie (q.v.). Die uitbreiding van die poskantoor wat in 1987 deur die firma Burg, Doherty & Bryant voltooi is agter die geboue van die Wesfasade en langs Vermeulenstraat, is skaalsgewys en kontekstueel verweef met die ouer geboue sonder om enige stilistiese kompromieë te tref. Bron: Dunston (1975), Meiring (1980), UP dokumentasie.



ADRES: Vermeulenstraat 171
ERFNOMMER: 271-274, 319-322
HUIDIGE GEBRUIK: Staatskantore: Landmeter-generaal en Akte

BESKRYWING: Groot sesverdiepinggebou wat aan die suidekant effens ingegrawe is as gevolg van die val oor die terrein. Dit rig na drie strate - Kerk, Bosman en Vermeulen - met die belangrikste ingangskant na laasgenoemde. Die dak is versteek agter 'n borsweringmuur. Mure is van gladde sandsteen (eerste twee verdiepings en boonste vloer) en rooi siersteen (van derde tot vyfde verdieping) met sandsteenomramings tot vensters en projekterende balkonne op die derde vloer; staalvensters in houtrame met halwe





houthortjies. Houtingangsdeure is teruggesit agter eenvoudige boë in die sandsteenwerk.

Die Vermeulenstraataansig is tot simmitrie gedwing alhoewel nie volkome simmetries om die dubbelverdiepingingangsboog tussen twee kleinere ingange nie. Die hoofingang is geaksentueer deur 'n hoogs artikuleerde en 'opgelegde' balkon en gegewelde venster wat tot die vierde verdieping strek. Gekerfde houtdeure onder kruisgewelwe is van die straat beskerm deur middel van smeeysterhekke met geelkoperversierings. Die gebou bestaan eintlik uit verskillende blokke (oos-wes) met klein howe tussenin. Die ander twee aansigte is ewe-eens simmetries en die Kerkstraatingang is benadruk deur sandsteen oplegwerk en 'n pediment op sykamers en kolomme. Die toestand van die gebou is goed.

| | |
|---|---|
| BELANG | Statige staatsgebou wat die skaal, gees en materiaalgebruik van die nabygeleë plein eggo en versterk. Verdere inligting moet gedokumenteer word. |

BLOK 2

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkplein |
| ERFNOMMER | 275 & 276 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Hooggeregshof: Paleis van Justisie |

BESKRYWING



Drieverdiepinggebou met hoogs versierde sentrale <u>corps avant</u> tussen twee torings en prominente hoekpawiljoene. Die sandsteenfasades is veel meer artikuleer as diè van die Raadsaal (q.v.) en oor die algemeen is die gebou minder statig. Die ingangskoepel is bedek met plaatmetaal skubbe en versier met 'n veritabele kroon en ronde dakventilators terwyl die plat dakrand teen die lug afgewys word deur middel van reekse dakurns.

Die gebou voltooi die wand van die plein teenoor die Raadsaal en saam met die ander geboue aan die westekant van die plein skep dit 'n geheelkonteks van ZAR strewes in die argitektuur soos verbeeld deur die hoofargitek van Kruger se PWD, Sytze Wierda. Bouwerk

deur John Munro het in 1896 'n aanvang geneem en die gebou is net voor die oorlog voltooi waartydens dit as hospitaal diens gedoen het. Dit is saam met die Reserwebank (q.v.) deel van die noordelike poort na Kerkplein. Bron: Allen (1971), Fransen (1981), Holm & Holm (1984), Picton-Seymour (1977), Rex (1963), UP Dokumentasie.

BLOK 3

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkplein 38 |
| ERFNOMMER | 3025 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Reserwebank |

BESKRYWING

Vyfverdieping , gebou onder spits kleiteëldak met geen oorhange. Die oorspronklike gebou het 'n simmetriese fasade na Kerkplein en bestaan uit 'n reghoekige ru-sandsteenplint van twee verdiepings hoog, waaroor 'n verdere twee verdiepings van gladgewerkte sandsteen. Hierdie twee verdiepings rig twee kollomeerde syvleuels na die plein waartussen die sentrale deel teruggesit is. 'n Sterk aksentueerde lys en balustrade rond hierdie af waarbo die vyfde verdieping amper op die dak opgerig (duideliker waarneembaar op ou foto's wat aandui dat die gebou eers 'n plat dak gehad). Aanbouings aan die noordoostekant volg hierdie patrone slaafs na en skep die indruk dat die geheel een gebou is. Geboogde en reghoekige vensters wissel mekaar af en die gebou word betree deur 'n groot ingangsboog.

BELANG



Die Reserwebank, op die terrein van die ou Pretoria Klub, is in 1931 in gebruik geneem en was een van die laaste geboue van Herbert Baker, toe reeds 68 jaar oud, in Suid-Afrika. Dit is 'n stewige stedelike stelling, rykvol Baker details, maar veel meer besadigd as die Uniegebou - moontlik om die bankbeeld van stewigheid en sekuriteit te eggo. Daar is wel ooreenkomste met die Rhodes gedenkteken in Kaapstad te tref. Die hoekloggias vorm 'n sterk teenbeeld met die hoekpawiljoene van die Paleis van Justisie (q.v) oorkant Paul Krugerstraat en vorm 'n definitiewe poort tot die plein vanaf die noorde. Die groot aanbouing deur Gordon Leith

(1954 volgens afdrukke van planne), 'n ander belangrike argitek wat die Modernisme doelbewus vermy het, het die Bakerkonsep en details nagevolg, maar in die fasades na Vermeulenstraat en Mutuallaan is die detail terselfdertyd vereenvoudig en verhef om 'n minder eklektiese stelling te maak.

Die sandsteendetail, lyswerk, houtwerk, soos veral die noordehek, en die verskeidenheid vensters is uitstaande argitektoniese kenmerke van hierdie, nou onmisbare, landmerk. Bron: Allen (1971), Greig (1970), UP Dokumentasie.

ADRES — Kerkplein 38
ERFNOMMER — 3025
HUIDIGE GEBRUIK — Reserwebank: Die Ou Mutual-gebou

BESKRYWING



Vyfverdieping gebou met 'n verdere verdieping teruggesit van die Pleinfasade. Dit is soos die Reserwebank (q.v.) en die aanbouings aan die Reserwebank om 'n binnehof gebou. Die afdak val na die binnehof en is versteek agter 'n gelede borsweringmuur. Slegs die spits wolwe-ent teëldak oor die sentrale gedeelte en die kleiner dakkies oor die twee projekterende hoekpawiljoene aan weerskante van 'n groot sentrale ingang is vanaf die straatvlak sigbaar.

Die eerste twee verdiepings vorm 'n stewige basis vir die verdiepings daarbo en word afgerond met 'n balustrademuur.

Hierbo is die mure van gladder sandsteen. Die hooffasade is ryklik geartikuleer met behulp van projekterende balkonne voor geboogde deure op die pawiljoene en 'n teruggesette sentrale portiek agter dubbelverdiepingkolomme. Die dakrand van die laer gedeelte is ewe-eens versier met 'n balustrademuur, verhoog in die middel om die horlosie te huisves. Die kronende sentrale dak rus op 'n netjies gelede dakrand.

BELANG

Die gebou is in omstreke 1926 opgerig (Beeld) en was reeds voltooi toe daar in 1929 'n aanvang met die Reserwebank gemaak is. Dit is gebou na die ontwerp van F. M. Glennie, toe nog 'n jong en onbekende Kaapse argitek nadat hy die prysvraag vir die ontwerp van die gebou gewen

het. Volgens Kuijers het hy dit in samewerking met L. E. McConnell gedoen. Dit is sedert 1954 gedeeltelik en later in geheel deur die Reserwebank oorgeneem, wat die gebou in die vroeë jare sewentig gekoop het.



*1950

Die gebou vorm saam met die Reserwebank en die Paleis van Justisie, die volkome noordfasade van die Plein. Van al die fadsades is hierdie die mees ewewigtige en geboue vul mekaar aan, nie alleen wat hoogte betref nie, maar ook in die konsepvorm, die hoekbehandeling, die muurartikulasie en in die geval van die Reserwebank en die Mutualgebou, selfs in die eenvormige hoogtes van basis en lyswerk - asof Baker dit doelbewus gedoen het. Die gebou is eintlik eenvoudiger as die Reserwebank en weerspieël die meer kommersiële benadering in die ontwerp van 'n kantoorgebou teenoor die staatsgebou daarnaas. Dit is nogtans 'n sterk, selfs dramatiese landmerk, wat geensins vir sy buurman terugstaan nie. Bron: Beeld (6/2/78), Kuijers (1985), UP Dokumentasie.

BLOK 4

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkplein 23, h/v Mutuallaan |
| ERFNOMMER | 279/1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore vir Reserwebank: Ons Eerste Volksbank |

BESKRYWING

Langwerpige dubbelverdiepinggebou met kort fasade na die straat op die noordoostehoek van Kerkplein teenoor die Mutualgebou. Na diè kant is die steil kleiteëldak vasgevat tussen twee eenvoudige gewels. Die vlak dakrand hang op gevormde kapbene oor 'n gepleisterde dakrandlys. Die res van die mure is van klein rooi Kirkness-stene gebou. Stene projekteer vlak rande om die reghoekige vensters bo en die geboë vensters op straatvlak. Die hoofingang is op die suidelike kant van die straatfasade en bestaan uit 'n dubbel houtdeur en bolig tussen pilasters waarop 'n argitraaf rus. Die gebou is van die straat gelig om die helling te akkommodeer en rus op 'n klip fondamentmuur. Beide die entvakke is effens uitgebou. Vensters is van Oregon-den, die trapreling van kiaat.



Geelkoper is beskadig, maar nog in 'n goeie toestand. Binnemure is gepleister en geverf bo 'n dado wat uit houtpaneelwerk van Djati bestaan. Die gebou is in 'n goeie toestand.

BELANG

Die gebou wat in 1930 opgerig is na die ontwerp van ene Collett (Kuijers, 1985) of Gordon Ellis (UP Dokumentasie) en dus tydgenote van die Reserwebank en die Mutualgebou is, is tipologies in dieselfde kader as die Ou Nederlandse Bank (q.v.). Ook hier is die ingang na die hoofsaal en die trap na bo, nie sentraal nie, maar in die regterhoek van die straatsy.

Die bankgebou het sy ontstaan te danke aan die stigting van Ons Eerste Volksbank, een van die stappe wat in die laat jare twintig geneem is om die Afrikaner ekonomie en kultuur op 'n gesonder grondslag te plaas. Dit het nou saamgeval met die bedrywighede van die Arm Blanke Verbond. In 1934 is Volkskas uit die Eerste Volksbank gebore. Die Volksbank, wat meer algemeen as die Rooigebou bekend staan, was een van die baie banke wat sedert Kruger se tyd om die Plein, eens die die hart van die Transvaalse Bankwese, opgerig is. Ander banke wat reeds verdwyn het was die Natal Bank en die ou Standardbank.

Die argitektoniese kenmerke van die gebou is een van besadigde oorspronklikheid. Die Kirkness-stene, sommige doelgemaak, is op treffende wyse aangewend om 'n straatfasade te vorm wat eerder van goeie smaak as pretensie getuig. Hier op die noordoostehoek van die Plein is daar 'n groepie geboue wat nie alleen die argitektoniese strewes van 'n spesifieke tydperk verduidelik nie, maar ook die uiteenlopende realiteite van 'n samelewing in die depressietye. Dit is 'n klein landmerk, wat steeds sy plek langs sy groter bure volstaan. Nou met die verskuiwing van die kantore van die Reserwebank, kan hierdie klein gebou in gevaar staan om in onbruik te verval of gesloop te word. Dit behoort verhoed te word. Bron: Beeld (13/2/78), Kuijers (1985), UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkplein 28 |
| ERFNOMMER | 323 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore: Prudential Assuransie |



Agtverdieping gebou met smal simmetriese fasade na die plein. Die buitemure bestaan uit poleerde graniet op grondvlak met terrazzo op ander vlakke bo die straatdak.

Die grootste belang van die netjiese, strak en amper onopmerklike gebou is die pleinwand wat dit om die noordoostelike hoek voortsit. Alhoewel die sterk artikulasie wat kenmerkend van die meeste geboue om die plein is, hier ontbreek, doen die gebou min afbreuk daaraan. Die oordrewe nadruk op die vertikale is egter uit pas.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 206, h/v Kerkplein |
| ERFNOMMER | 3077/R |
| HUIPIGE GEBRUIK | Bankgebou: Eerste Nasionale Bank |
| BESKRYWING | Agtverdieping gebou. Die grondverdieping dien as podium tot die ander vloere. Mure bestaan uit graniet en sandsteen, met diep voeg tussen sandsteenlyne op die grondvloer. Sandsteen vou in oor klein vensters onder sluitstene. Die sentrale gedeeltes van die wes- en suidfasades is tussen meer soliede hoekpawiljoene uitgesny en teruggedruk agter reuse Ioniese kolomme. Hierdie deel van die gebou word afgesluit met 'n diep lys waarbo die ander vloere terugtrap en eenvoudig funksioneel behandel word. Die platdak is agter 'n borsweringmuur versteek. |



Die gebou is later aan die pleinkant vergroot in presies dieselfde styl, materiaal en detail.

BELANG

Die Eerste Nasionale Bank, toe Barclays, is in 1939 voltooi. Die argitek was Gordon Leith. Hoewel Leith Modernisme in sy Pretoria geboue skynbaar verwerp het ten gunste van 'n veel meer eklektiese herlewingstyl, toon die gebou tog kenmerke van die rasionele funksionalisme. Veral interessant is die vervlegting van die twee tale: tot op vierde verdieping die taal van herlewing, daarbo die taal, van die twintigste eeu.



Die gebou vorm 'n stewige hoek tot die plein en eggo veel van die argitektoniese wobrdeskat toe reeds in gebruik: die reuse orde vir kolomme bo die grondvloer, die hoekpawiljoene, die materiaalgebruik, die 'voetstuk' waarop ander verdiepings verrys.

Dit vorm deel van die tradisionele groep bankgeboue om die plein.

ADRES Vermeulenstraat 239
ERFNOMMER 281/3
HUIDIGE GEBRUIK Staatsbiblioteek

BESKRYWING

Drieverdieping gebou teruggesit vanaf die straatlyn, kleiteëldak, siersteenmure en sandsteenplint en -dekorasie, veral om die hoofingang en venster, pleisteromrandings en -pedimente tot sommige vensters, hout skuifraamvensters en gepleisterde binnemure, vloermateriaal wissel van houtblokkies en strookhout tot grano, plafonne is gepleisterde beton.



Klassisisties simmetriese gebou wat in 1918/9 deur die PWD opgerig is en met eklektiese detail versier is. Belangrik as landmerk en in konteks met die ander biblioteekgeboue op die hoek van Andries- en Vermeulenstraat. Bron: Eybers (1958), Kuijers (1985).

ADRES Vermeulenstraat, h/v Andries
ERFNOMMER 282/R
HUIDIGE GEBRUIK Openbare Biblioteek

BESKRYWING

Vierverdieping hoekgebou met platdak agter borsweringmuur, vlakgladde mure met effense lysprojeksies op die boonste verdieping, rustieke sandsteenplint en sandsteenversiering om boogingange, boogvensters op grondvloer en reghoekige vensters, almal met halwe hortjies, op ander vloere.



Netjiese en sobere deel van hoekgroep. Bron: Aschenborn (1965), Eybers (1958), Planne beskikbaar by Stadsraad.

ADRES — Andriesstraat 163
ERFNOMMER — 282/2
HUIDIGE GEBRUIK — Openbare Biblioteek

BESKRYWING

Klein dubbelverdieping gebou, kleiteëldak, simmetriese en hoogsgelede fasade met hoek en tussenpilasters, vensteromrandings en pedimente - alles van pleisterwerk, sandsteenplint en sandsteenwerk om deur, kleinruitvensters en ovaal vensters in die dakrand, onder teëls.



Prettige en teatrale klein geboutjie, vol ryk en onnodige detail, moontlik omdat dit eens op 'n tyd die Vaudetteteater was, die oorspronklike plan waarvan steeds gelees kan word. Van histotiese en argitektoniese belang.

ADRES — Andriesstraat 165
ERFNOMMER — 282/4
HUIDIGE GEBRUIK — Staatsbiblioteek, bindery

BESKRYWING

Dubbelverdieping gebou met geronde sentrale gewel, stewige pilasters op eerste verdieping, kolomme en afdak oor sypaadjie, dak agter borswering, gepleisterde en geverfde muur met gelede omrandings tot venster en gewellyn, linoleum oor houtvloere binne.

BELANG



Die gebou was eens die Baptistekerk, hoeksteen in 1899 gelê, maar na die oorlog het die gemeente verbrokkel. Na 'n oplewing het die gameente 'n groter terrein in 1920 bekom en is die kerk verkoop aan die Full Gospel Church wat dit aan die Bourke Trust verkoop, voordat dit in 1933 in die hande van die Regering beland. Die gebou beskik oor ouderdomswaarde,

argitektoniese sowel as kantekstuele meriete. Bronne: Allen (1971), Eeufeesalbum.

BLOK 5

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkplein |
| ERFNOMMER | 2991 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en kantore: Cafe Riche |
| BESKRYWING | Drieverdieping gebou onder spits sinkdak met soldervensters in gewels; mure gepleister en geverf met sandsteen dekorasie tot die fasade; veranda op kolomme oor sypaadjie saam met fasade om hoek geneem. Hout skuifraamvensters en houtdeure. Word restoureer. |
| BELANG | Gebou in die neo-Queen Ann-node, met botone van die Art Nouveau, opgerig in 1904-5 met aksent op die grillige daklyn en die a-simetriese fasadekomposisie wat vanuit die interieur ontwerp is. Die min of meer ewe groot kantoorruimes lei tot 'n rasionele roosterindeling, effens verbloem deur die gewelbehandeling van die daklyn. Dit is een van die min oorblywende geboue van Francois Soff en vorm 'n belangrike en siapatieke landmerk op hierdie hoek van die plein, wat dit dan ook erken deur die meesta detailaandag aan die draaipunt te skenk. Groeps- en skaalwaarde. Van groot belang is die uilbeeld en die reliëfbeeld van 'Commerce' op die hoekgewel, die interieur wat goed behoue gebly het en veral die meublement in die apteek. Bron: Meiring (1980), UP Dokumentasie. |



| | |
|---|---|
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore: Law Chambers |
| BESKRYWING | Dubbelverdieping gebou onder sinkdak waarin drie dakvensters in muurgewels voorkom. Voorfasade van sandsteen, ander buitemure van Kirkness-stene. Sentrale geboogde ingang tussen gepaarde pilasters op hoë plint, reghoekige houtraam skuifvensters, diè op eerste vloer onder gelede en geboogde glastimpana. Die fasade is ryklik versier met pleisterwerk en gewelvorm. |

BELANG



Die oudste gebou op die Wesfasade (1890-93) is ontwerp deur Marshall Philip van die firma Philip, Carmichael & Murray. Die gebou vorm 'n histories en argitektonies kontekstuele geheel met die geboue aan weerskante en beskik oor een van die ryks versierde fasades van die geboue om die plein. Vlaamse en Duitse Rennaisence ding mee met Art Nouveau versiering om 'n wuf en tog stewige stedelike muur daar te stel. Bron: Allen (1971), Dunston (1975), Meiring (1980), UP Dokumentasie.

HUIDIGE GEBRUIK — Kantore: Ou Nederlandse Bankgebou

BESKRYWING

Dubbelverdieping gebou met 'n verdere verdieping binne die steil dak tussen twee trapgewels. Hierdie ruimtes word verlig deur dak- en gewelvensters. Die hooffasade is in vyf verdeel met die ingang in die heel regterkantse vak, moontlik om toe te laat vir die dubbel funksie waarvoor die gebou beplan was, dit is die banksaal op die grondvloer en verhuurbare kantore hierbo. Die voorfasade is van sandsteen, ander buitemure van baksteen. Smeeysterwerk tot die ingangshek en die trapreling. Die gebou word tans gerestoureer.




Kontekstueel met die geboue daarnaas; hulle vorm een van die belangrikste groepbeelde in die stad. Die gebou van Willem de Zwaan is in 1897 voltooi en volg die Nederlandsche of Vlaamsche Renaissence, waartoe Wierda en die PWD hulle veral gekeer het. Dit vorm gevolglik 'n oorgang na die Raadsaal (q.v.) oorkant Parlementstraat. Veral belangrik is die ryk versiering en die pragtige binnewerk, wat nie alleen herroepbaar is nie, maar moontlik selfs restoureerbaar. Bron: Dunston (1975), Fransen (1981), Meiring (1980). Picton-Seymour (1977), UP Dokumentasie.

ADRES — Parlementstraat, Kerkplein
ERFNOMMER — 2991
HUIDIGE GEBRUIK — Parkeergarage: Capitol Teater

BESKRYWING



*1955




Aan die buitekant spog die gebou met 'n nuwe fasade wat uit die sestigerjare dateer toe dit moes inpas by die moderne Provinsiale gebou langsaan. Dit is 'n eenvoudige, direkte en netjiese fasade wat die funksie van ingang verklap, maar nie die ontdekking daaragter nie.

Dit is die binnekant van die gebou wat, in 1931 ingewy is, wat vandag van onvervangbare waarde is. Dit is een van die laaste oorblyfsels van die sogenaamde atmosfeerteaters, geinspireer deur John Eberson van Kalifornië. Dit was ook die tweede teater van hierdie konsep wat in Suid-Afrika opgerig is (na die Alhambra met sy Spaans-Moorse styl in Kaapstad). Die Capitol se inspirasie was die Italiaanse Renaissence, die argitek P Roger Cooke met interieurs deur Konya. Hoewel veel van die verwyderbare versierings in 1975 verkoop is, mag dit moontlik wees om hulle terug te vind of te herskep. Die orrel is reeds deur mnr Willem Punt opgespoor.

Die ingangsportaal is feitlik in bruikbare toestand. Pretoria het hier 'n kleinnood, van internasionale argitektoniese en kultuurhistoriese waarde. Bron: Meiring (1980), UP Dokumentasie, oorspronklike inwydingsprogram.

| | |
|---|---|
| ADRES | Pretoriusstraat |
| ERFNOMMER | 2991 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantoorgebou: TPA-gebou |

BESKRYWING



Groot kantoorgebou wat omtrent die helfte van die hele blok beslaan en na drie strate - Pretorius, Bosman en Kerk - front en die volle blokwand van eersgenoemde twee vorm. Dit bestaan uit vier blokke in die oos-weslengte en gesnoer deur 'n noord-suidverbinding. Die gebou is agt verdiepings hoog in Pretoriusstraat, met direk daaragter 'n dertienverdieping gedeelte, drie verdiepings direk langs Bosmanstraat en weer agt verdiepings langs Kerkstraat en van al die strate geskei deur middel van òf straatmure, òf 'n podium van graniet. Graniet is ook die materiaal wat gebruik is op die dooie ente van die blokke. Parkeeringange vanaf Bosmanstraat en Pretoriusstraat. Die noordelike fasades



bestaan uit diep aluminium-en-glas gordynmure, wat ook sonhortjies insluit binne 'n volverdiepingraam terwyl suidelike wande uit vlak gordynmure bestaan. Vertikale hortjies keer sonindringing op die westekant van die lae blok langs Bosmanstraat. Die hoofblok is gelig op tweeverdiepingkolomme wat met brons afgewerk is, waaronder groot portale binne glaswande. Die dak is plat waarbo hysermotorkamers sterk aksentueer is. Die gebou is in 'n goeie toestand.

BELANG

Die gebou wat ca 1963 opgerig is, was toe die hoogste kantoorgebou in die stad en dit het eintlik die pad oopgemaak vir die latere toringblokke wat Pretoria se voorkoms subiet en drasties verander het. Dit is, saam met die gebou van die Ontvanger (q. v.), die beste voorbeeld van die Internasionale Modernisme soos beinvloed deur die werk van le Corbusier en Niemeyer, in Brasilië. Dit vorm verder 'n belangrike wand agter die kleiner en ryker gelede geboue van die wesfasade van Kerkplein.

BLOK 6

ADRES Kerkplein
ERFNOMMER 411 & 412
HUIDIGE GEBRUIK Staatskantore: Ou Raadsaal

BESKRYWING

Drieverdiepinggebou met sentrale corps avant en twee pavillons op die hoeke. Mure is van sandsteen en sigbare dakke van plaatmetaal skubbe, nou geverf. Die groot hoof-'koepel' oor die ingangsportaal word gekroon met 'n lantern, waarin die 'Afrikaanse' horlosie en 'n beeld van Minerva (?). Pas gerestoureer.



*1955

Die gebou is op die hoogste gedeelte van die plein opgerig. Dit oorheers dit en skep terselfdertyd 'n gepaste skaal vir die wande van die oop ruimte. Dit was die eerste belangrike gebou wat Wierda en die PWD vir die nuwe Republiek opgerig het (1887-90), en is in, soos Wierda self gestel het, die "Italiaansche-Renaissence as voor deze Republiek gepaste stijl". Dit is deur John Kirkness gebou. Afgesien hiervan is die gebou van groot kultuurhistoriese

waarde en in 'n uitstekende toestand na restourasie, waartydens die interieurs weer tot volle glorie herstel is. Bron: Fransen (1981), Holm & Holm (1984), Meiring (1980), Picton-Seymour (1977), Rex (1955), UP Dokumentasie.

BLOK 7

| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat 238, h/v Kerkplein |
| ERFNOMMER | 2801/R |
| HUIDIGE GEBRUIK | Bank: Standard Bank |

BESKRYWING

Seweverdieping gebou op die straathoek oorkant die Raadsaal (q. v.). Die gebou is van sandsteen op 'n lae granietplint. Die horisontale voeë tussen sandsteenblokke is duidelike geaksentueer op die onderste drie verdiepings en knak oor dubbelverdieping boogvensters in om sluitstene te vorm. Swaar lyswerk skei die derde verdieping met sy ritmiese geplaasde reghoekige vensters van die verdiepings weerskante. 'n Geboogde ingangsportiek strek deur tot op die sesde verdieping waar die sterk projekterende en gelede 'dak'-randlys daaroor vou.



Reuse orde Ioniese kolomme dra hierdie lys waaragter die fasade oor drie verdiepings teruggesit is. Die kolomme word op die ronde straathoek herhaal en as pilasters op die westelike fasade voortgesit. Die sewende verdieping en die daklyn van die plat betondak is weereens eenvoudig. Die hysermotorkamer en bokant van die trapskag troon 'n verder verdieping hierbo. Soos ander groot geboue om die plein is die gebou om 'n binnehof (of 'light court') ontwerp. Dieselfde moeite is met die detaillering van die binneruimtes, en veral die banksaal geneem.

BELANG

Die gebou wat in 1934 op die terrein van die beroemde President (later Grand) Hotel voltooi is, is ontwerp deur die firma Stuckey en Harrison en gebou deur die boufirma van W Pattison.

Dit is 'n monumentale voorbeeld van die Engelse eklektiese klassisisme - onaangeraak deur die strewe na 'n 'vooruitgangstyl' van die

Art Deco of die 'funksionele' van die Modernisme wat omtrent dieselfde tyd kop in die voorstede soos Brooklyn begin uitsteek. Dit is 'n swaar, soliede, sekere bankgebou wat van sekuriteit en geloof, eerder as die vervlietende 'prosperity' spreek. Basiese vorm en artikulasie is met dieselfde sekere hand gedoen en die gebou is 'n stewige teenvoeter vir die Raadsaal aan die oorkant van Paul Krugerstraat, 'n waardige en noodsaaklike deel van die pleinwand. Bron: Dunston (1975), Kuijers (1985), Meiring (1980), UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkplein 13, h/v Banklaan |
| ERFNOMMER | 2801/1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Bouverenigingkantore: Saambou |
| BESKRYWING | Sesverdieping blok, met dakwoonstel, op dubbelverdieping piloti (oos) en reghoekige kolomme (noord) gelig. Glasmure agter kolomme en piloti vorm twee kante van die banksaal. |

Die pleinfasade is simmetries hoewel die ingang aan die noordoostehoek is. Die mure is vlak geartikuleer met 'n strewe na vertikaliteit verkry deur 'pilasters' wat deur vyf verdiepings strek. Bokant die sewende verdieping is 'n lys wat poog om by die swaar lyswerk van die Standardbank aan te skakel en die agste verdieping is, soos in die geval van die bankgebou, anders as die res van die fasade behandel.

Kleiner aluminiumvensters aan die ooste kant is eenvoudig ritmies, in horisontale bande, waardeur die 'pilasters' sny, geplaas. Die gebou is in 'n goeie toestand.




Die Saambou-Nasionale gebou is in 1961 voltooi. Die argitek was Hendrik Vermooten. Die gebou dra min by tot die kwaliteit van die plein. Dit soek vae verband met sy bure, maar slaag nie daarin om die andersins ryk geartikuleerde pleinwand enigsins te verhef nie. Dit verteenwoordig egter 'n volgende geslag van bankgeboue op die plein en dui op die onvermoë van die Modernisme om goeie buurskap na te streef. Bron: UP Dokumentasie.

ADRES Pretoriusstraat 214, h/v Paul Kruger, ook Banklaan
ERFNOMMER 3190
HUIDIGE GEBRUIK Bankgebou: SA Permanente Bouvereniging

BESKRYWING Groot gebou wat die hele oos-weslengte van die kleinblok volstaan. Die simmetriese hooffasade is na Pretoriusstraat gerig met die hoofingang in die middel. Endflanke projekteer verby die effens teruggesette sentrale gedeelte. Die ingang is omraam in rooi poleerde graniet wat terselfdertyd 'n voetstuk vir 'n beeldgroep daaroor vorm. Dieselfde omraming is ook om die hoofvensters van die flanke aangebring.



Die onderste twee verdiepings vorm 'n definitiewe podium tot die gebou. Voeë is diep teruggesit tussen die kliplae. Hierbo is vensters vertikaal groepeer en afgesluit met 'n stewige lys op die sewende verdieping om aan te sluit by diè van die Standardbank daarnaas. Hierbo is die agste verdieping onder 'n spits teëlstaandak.

BELANG Netjiese stelling wat die geboutipe, kenmerkend aan die plein, voortsit en die suidoostelike hoek daarvan verstewig. Die fasade is ryklik versier deur die gebruik van verskillende materiale, pilasters tot op die tweede verdieping en sluitstene oor klein vensters. Twee reuse vlagpale verduidelik die ingang deur groot bronsdeure. Hoewel die artikulasie minder seker is as diè van ander geboue om die plein, is die poging daartoe nogtans van so 'n aard dat dit, gekoppel met die groter skaal van die gebou, nie hoef terug te staan vir die Raadsaal oorkant Paul Krugerstraat nie. Dit is 'n sterk landmerk tot die sloot van Pretoriusstraat en kondig die pleintoegang saam met die Raadsaal aan.

BLOK 8

ADRES Kerkstraat 229, h/v Kerkplein
ERFNOMMER 367/3
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel en kantore: Tudor Chambers

BESKRYWING Drieverdieping gebou met straatgewels daarbo en 'n vyfverdieping hoekpawiljoen tussen 'n verdere twee gewels. Dak is van sink op







*1906 - 1910

houtkappe. Hulle is steil en dra by tot die vertikale strewe wat oral op die aansigte sigbaar is ten spyte van die horisontale gelede buitemure. Die stewige pilasters en gewelbastione verdeel die fasade van sandsteen in vertikale dele bo die sink straatdak wat op gepaarde gietysterkolomme rus.

Die meeste aandag is aan die hoek gegee. Hier ding spitsgewels, gebroke pedimente, projekterende balkonne en 'n groot verskeidenheid vensters van verskillende vorms en groottes almal mee om aandag. Ander vensters is netjies reghoekig. Deure en kosyne is ook van hout. Plafonne is persstaal, vloere, uitgesondered die grondvloer, is van hout. 'n Ryk versameling loodglasvensters kom nog voor.

Hierdie gebou was met sy oprigting in 1904 die grootste kantoorgebou in Pretoria. Dit is deur George Heys (van Melrosehuis) laat bou.

Saam met die geboue van die suidwesfasade, die tydgenootlike Afrik- (q. v.) en Gundle=fingergebou en die Leendert te Groen Sigaretfabriek, is Tudor Chambers van die min onvervangbare geboue van die middestad. Dit is tipologies en argietektonies feitlik uniek van die tydperk net na die oorlog waarvan die intergiteit in beginsel ongeskonde is, ten spyte van ernstige verwering en die verlies van die metaal(?)toring en koepeltjie wat eens op die hoek die gebou gekroon het. Dit is in ca 1960 verwyder.

Van uitsonderlike kwaliteit is die gietysterwerk (sleg verweer of verlore), die smeeysterhek en die pragtige winkelvensters in hulle geelkoperrame, vervaardig deur Drew & Co Ltd London, Cape Town & Johannesburg. Die houtdeure met hulle boligte, houtsnywerk van die trap en houtpilasters binne bestaan omtrent net hier nog in een gebou van die stad. Die mees kosbare elemente is egter die loodglasvensters. Hierdie gebou hou 'n hele era in pag. Dit vereis dringende aandag, nie alleen om dit nou van agteruitgang te red nie, maar om dit vir die toekoms te bewaar. Bron: Dunston (1975), Kuijers (1985), Meiring (19801, Picton-Seymour (1977), UP Dokumentasie.

ADRES Bureaulaan 14, h/v Kerkplein
ERFNOMMER 2745
HUIDIGE GEBRUIK Winkels en kantore: Rentbelgobou



Agtverdieping hoofblok met die negende verdieping teruggesit onder 'n plat dak. Die beton kolon-en-blad stuktuur is aan die buitekant afgewerk met graniet (op grondvlak) en terrazzo verder op. Die onderste twee verdiepings vorm 'n definitiewe plint: kleur is anders en muurmateriaal is duideliker geleed. Aan die pleinkant is daar 'n strewe tot vertikaliteit terwyl die suidfasade na Bureaulaan plat is met venstergate ingepons.

Deel van die wand van die plein, doen dit saam met die ander eenvoudiger geboue op hierdie hoek min afbreuk.

ADRES Bureaulaan 20
ERFNOMMER 368
HUIDIGE GEBRUIK Winkels en kantore: Velrahuis

BESKRYWING Seweverdiepinggebou vlak teen die nou straat. Die dak is plat en agter 'n borswering versteek. Horisontaliteit word sterk benadruk deur die siersteen- en terrazzobande wat oor die volle lengte van die straatfasade strek. Kolomme, in teëls gehul, is eweneens teruggesit van hierdie fasade om die effek te versterk. Hulle is slegs sigbaar waar hulle die andersins aaneenlopende vensterlyne breek. Die ingang druk die fasade effens terug op die grondvlak. Dubbel geelkoper glasdeur lei na die klein portaal.



Hierdie is nog 'n gebou van Burg se firma en vertoon die argitek se strewes en die tydsgees. Die strak en beheersde fasade, al wat sigbaar is vanaf die straat, word verhef deur Art Deco detail soos die letters van die gebounaam, die skielike kurwe na die ingang en die pragtige winkelvensters getuig. Dit vorm 'n stewige wand tot die straat sonder om dit te oorheers.

ADRES Bureaulaan 36
ERFNOMMER 369/8
HUIDIGE GEBRUIK Kantore

BESKRYWING




Klein dubbelverdieping gebou teen die straat. Dit het 'n spits geknakte sinkdak versteek agter 'n borswering. Op die straatvlak is daar 'n sentrale ingang tussen winkelvensters en onder 'n smal straatdak oor die sypaadjie. Hierbo is die fasade in twee verdeel met swaar omlyste vensters weerskante van 'n buitedeur na 'n klein balkon. Die deur is ook omlys en onder 'n pleisterpediment.

Hierdie skielike strewe na klassisisme tussen die funksioneel lykende bure is verfrissend en maak van die plek 'n landmerk. Dit is heel in pas met die skaal van die straat en omtrent al gebou waarvan 'n geheelbeeld gevorm kan word. Benodig dokumentasie.

ADRES Bureaulaan 48, h/v Andries
ERFNOMMER 370
HUIDIGE GEBRUIK Winkels en kantore: Hamilton House

BESKRYWING



Die gebou beslaan die hele oostesy van die blok en front gevolglik na drie strate. Dit bestaan uit 'n vyfverdiepingblok van siersteen na Bureaulaan, gelig bo die gepleisterde dubbelverdieping gedeelte wat omloop na Kerkstraat. Die siersteenblok word gebreek deur gepleisterde gedeeltes waarin al die vensters voorkom. Projekterende sonbeheerblaaie versterk die horisontaliteit en is selfs aan die suidekant aangewend. 'n Swaar straatdak (nie oorspronklik) loop om die volle lengte van die oos- en noordfasades.

Die gebou slaag daarin om die skaal van Kerkstraat af te breek, en vorm 'n netjiese wand tot die strate.

ADRES Kerkstraat 235
ERFNOMMER 369/R
HUIDIGE GEBRUIK Winkels en kantore: Burlington House

## BESKRYWING



Vierverdieping gebou onder 'n kleiteëldak op houtkappe. Die strewe is simmetrie hoewel die arkade op grondvlak na die een kant van die hooffasade geplaas is. Die hoofingang tot die gebou is vanaf hierdie arkade.

Die ingang tot die arkade word sterk aangedui deur 'n verspringende straatdak. Staalvensters in horisontale bande word vertikaal groepeer tussen drieverdieping pilasters wat heelbo korbeel na stutte om die dakoorhang te dra. Mure is gepleister en geverf met marmer en graniet op grondvlak. 'n Balkon projekteer vanaf die deur op die boonste vloer en hang oor twee vlagpale weerskante en gemonteer op ramskoppe.

## BELANG



Burlington House vertoon 'n kombinasie van Art Deco, Art Noveau en die Modernisme met eersgenoemde minstens uiterlik die sterkste. Dit is in 1934 voltooi en was een van die eerste kommersiële gebou wat deur Gordon Ellis in Pretoria opgerig is. Hy was die argitek van onder andere die Court Chambers, (moontlik) Ons Eerste Volksbank (q. v.), Cuthberts (q. v.), St. Paul's en van Riebeeckgebou (q. v.).

Sy werk word gekenmerk deur die tradisionele en Burlington House en Van Riebeeckgebou is uitsonderings. Deur die Amerikaanse Art Deco met sy verbeelding van 'prosperity' as maatstaf te gebruik, het hy gepoog om ook op 'n stilistiese manier uitdrukking aan die funksie van die gebou te gee. Die winkelfronte, gemaak deur Frederick Sage & Co van Johannesburg, is 'n goeie voorbeeld van die vakmanskap en kommersiële strewes van die jare dertig.




Die gebou is opgerig vir Bourke Trust, toe die grootste eiendomsmaatskappy in die hoofstad: marmer en koper spreek van welvaart, graniet verbeeld permanensie en die netjiese fasade verleen 'n statigheid aan die gebou wat begin meeding, ook in skaal, met die oorvloed staatsargitektuur in sy omgewing. Die Klassieke en Modernisme is egter ook te bespeur in die detail.

Die grootste bydrae wat die gebou tot die argitektuur en stedelikheid van die middestad

maak is egter die arkade. Dit is beplan om die voetganger bewus te maak van die ingang wat nie na die straat front nie. Dit is simmetries uitgelê, maar is oor die jare deur die gebruikers ontwikkel tot 'n spontaan menslike ruimte. Binne die arkade is die 'hooffasade' van die gebou eintlik verskuil. Dit is die begin van die arkadestelsel wat aan die een kant deur Koedoearkade (q. v.) en aan die ander deur die Noord Deurloop voortgesit word.

Die gevormde detail op die fasade is meer verfynd as enigiets soortgelyk in Pretoria. Bron: Kuijers (1985), UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 233 |
| ERFNOMMER | 367 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Winkels: (Saxon Chambers) Dion |

BESKRYWING

Dubbelverdieping winkel- en kantoorgebou met twee spits gewels na die straat en 'n sinkstaandak, die fasade waarvan vandag feitlik geheel en al versteek agter 'n reuse naambord. Mure is gepleister en geverf. Die gebou is op grondvlak en aan die binnekant heeltemaal verander behalwe vir die swaar straatdak op kolomme - wat egter ook 'n latere toevoeging moes wees.

BELANG

Ouer foto's dui daarop dat daar agter die naambord 'n subtielmooi fasade versteek is. Bokant die straatdak is 'n reeks groot platboogvensters onder projekterende geronde pedimente. Die twee gewelpunte ontspring vanaf die dakrand en is vol fyn pleisterversierings om die klein vensters. Die gewels word vanaf die straatdak benadruk deur middel van bere. Die geweldatum is 1905.



Saam met Tudor Chambers (q. v.) en Burlington House (q. v.) aan weerskante daarvan skep hierdie gebou 'n stewige groep van argitektoniese en tipologiese belang. Die fasade behoort oopgemaak te word, die gebou verdien herstelling. Bron: Dunston (1975), Meiring (1980), UP Dokumentasie.

BLOK 9

| | |
|---|---|
| ADRES | Bureaulaan 23, h/v Kerkplein |
| ERFNOMMER | 368 R/1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Winkels en kantore: Centenary Building |

BESKRYWING

Lang en smal agtverdieping gebou op die hoek van Bureaulaan en Banklaan op die suidoostehoek van die plein. Die betonraam konstruksie is eenvoudig ingevul - aan die noordekant met gegroefde siersteen en staalvensters en aan die westekant na die plein met staaldeure wat op balkonne uitloop. Hier en om die hoek in Bureaulaan is die afwerking terrazzo. Die ingang aan die noordekant word omraam deur poleerde graniet.



Die gebou is ontwerp deur Burg, Lodge en Burg, is teen die einde van 1955 voltooi. Dit staan op die perseel van die eerste Natal Bank. Dit is 'n eenvoudige gebou wat die pleinwand voortsit sonder om soos die meeste ander geboue om die plein aanspraak op eie identiteit te maak, tog is dit 'n sterker stelling as die Saambougebou skuins oorkant. Dit spreek van rasionalisme en funksie. Bron: Burg, Doherty & Bryant, UP Dokmentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Fretorlusstraat 222, hJv Banklaan |
| ERFNOMMER | 415 R/3 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantore: Metropolitan Life |

BESKRYWING

Seweverdieping gebou met 'n plat dak en mure van terrazzo. 'n Swaar straatdak/balkon op pilare loop regom die hoek bo die winkel- en ingangsvloer. Na Pretoriusstraat wys die gebou 'n smal simstriese fasade met die ingang na die een kant. Gangvensters is vertikaal saamgroepeer met kantoorvensters aan weerskante in pare gerangskik waaroor twee vlagpale bo die daklyn steek. Die wesfasade bestaan uit ritmies geplaasde venstêrs afgwisel slegs met die balkon op die tweede en vyf brons muurspreilligte op die derde verdieping. Vensters is elkeen afsonderlik geraam.

BELANG

Die gebou wat min uiterlike veradering ondergaan het sedert die oprigting daarvan in 1939, is deur Aubrey Nunn ontwerp. Hy is bygestaan deur Helmuth Stauch. Dit is 'n eenvoudige gebou waarvan die styl tussen die laatklassieke herlewing en die Modernisme wyfel. Die afwerking en detail spreek van netheid - van konsep en van uitvoering. Dit is belangrik as een van die vroeë groot middestad geboue waar die Modernisme begin kop uitgesteek - dit terwyl dit reeds hoogty in die ontwerp van huise in die voorstede gevier het - en terselfdertyd is dit net voor die Tweede Wêreldoorlog, waarna Modernisme in sy volle krag na vore kom, gebou.



Dit vorm saam met die SA Permanente gebou oorkant Banklaan, 'n stewige syingang tot Kerkplein. Bron: Stauch Vorster, UP Dokumentasie.

ADRES: Pretoriusstraat 417
ERFNOMMER: 417/R
HUIDIGE GEBRUIK: Winkels en kantore: Koedoearkade

BESKRYWING

Seweverdieping fasade na Pretoriusstraat tussen ander geboue. Dit is simmetries met benadrukte horisontale pleister- en vensterbande weerskante van die sentrale deel wat teen 45 grade uit die fasade projekteer. Hieronder is die sentrale ingang na die arkade. Die straatdak word ook hier gebreek en effens oor die ingang verhoog. Die *uiterlike fasade* is min verander, die binnekant van die arkade egter heelwat.



Een van die eerste (1934) en grootste handelsgeboue wat deur Burg in Pretoria opgerig is, het die gebou sy onmiskenbare stylgesig na die straat behou. Die realiteit is weereens die funksionele van die *Modernisme*; die strewe laat egter nie die kurwes, winkelvensters en sierletters van Art Deco los nie. Stewige fasade, van dieselfde kwaliteit as feitlik al Burg se geboue van die jare dertig en veertig.

Die arkade self, wat direk by Burlington arkade, oor Bureaulaan, aansluit, Sit die stelsel oor Pretoriusstraat voort deur die Polley's Arcade.

Dit is geheel en al verander om eerder 'n winkelsentrum, as 'n loopstraat te verteenwoordig, die skaal daarvan het onmenslik geword, maar dit is van groot belang as een van die *hoofarkades* van die stad. Bron: Burg, Doherty & Bryant.

BLOK 10

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 251 |
| ERFNOMMER | 371/10 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel : Cuthberts Chambers |

BESKRYWING

Opvallende drieverdieping met oktagonale toring op straathoek. Hierdie toring strek 'n verdieping hoër, met die boonste vlak as 'n oop 'lantern' agter balustrade, kolomme en pilare. Die kenmerkende projekterende veranda rus op vierkantige *voorafvervaardigde kolomme*, met teruggesette winkelfronte daaragter.



Buitemure op straatvlak is grootliks glas, andersins bekleë met sandsteen; verder gepleister en geverf. Die staandak na die straat en toringdak is met teëlwerk bedek, met 'n verskuilde golfplaat platdak daaragter. Portaal is uitgelê met dieselfde materiaal as winkelfront voor, met die oorspronklike hysbakdeure en -toebehore (die hyserskag beskik oor nuwer toerusting), Trapskag met geronde hoeke en vloerteëls ten dele. Die oorspronklike vensterrame is van staal met gesmede ruitbalkies; gedeeltes word gebruik as kantore: hier is nou hangplafonne, aluminium-en-glaspaneel afskortings en mat.

BELANG

Cuthberts Chambers is 'n baken in die omgewing met groep- en skaalverband. Die belangrike straathoek naby die plein word gekenmerk deur die toring, die sypaadjie met die afgeskuinsde hoek. Die gebou is in 1931 voltooi en was die werk van Gordon Ellis. Die ooglopende eklektisisme is ongebonde, terselfdertyd onderbeklemtoon. Hierdie is tipologies en argitektonies 'n belangrike gebou en vorm deel van een van die beste bewaringswaardige groepe in die middestad - saam met OK Bazaars (q. v.) en Salisbury House

(q. v.). Onlangse opknapping het tot gevolg dat die toestand daarvan goed is. Bron: UP Dokumentasie.

ADRES Andriesstraat 210
ERFNOMMER 371/9
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel: OK Bazaars

BESKRYWING

Vyfverdieping, L-vormige gebou met eklaktiese fasades na beide Kerk- en Andriesstraat; hierdie is die oudste gebou op die terrein en vou om Cuthberts Chambers (q. v.) op die straathoek. Die simmetriese, artikuleerde f asades projekteer 'n breë veranda/balkon op voorafvervaardigde kolomme oor die sypaadjie, met vensters in halfronde boë op die eerste verdieping reghoekig op die tweede verdieping en teruggesit tusssn pilasters en geprofileerde lyswerk op die derde en vierde verdiepings. Fasades word gekroon met projekterende pedimente en sentrale vlagpale. Op die breër Andriesstraatfasade is oktagonale vorms op die aansig bygewerk as oorgang na die aangrensende geboue. Suid hiervan is 'n aanbouing oor drie verdiepings wat ook 'n projekterende veranda en simmetriese aansig het, asook twee vlagpale op halfronde stutte op die verste hoeke van die straatmuur.



Die struktuur bestaan uit 'n kolom-balken-bladstelsel en geverfde buitemure wat met vals voeë gepleister is. Die dak is saamgestel uit talle platdakke agter borsweringmure. Buitemure op straatvlak bestaan uit glas uitstalvensters in verchroomde rame met 'n latere mosaïekbekleding net bo grondvlak. Vloere is houtblokkies en 'n houtroltrap vervaardig deur Waygood-Otis is nog in gebruik.

BELANG

Die huidige gebruik as supermark noodsaak oop ruimtes, sodat die gebou struktureel en andersins in 'n redelike toestand is, hoewel die toegeverfde glasvensters op die boonste vlakke die beeld bederf. Belangrik as voorbeeld van kommersiële argitektuur en met besliste groepsbelang by die fasade-aanloop tot die plein in Kerkstraat en die artikuleerde muur van geboue teen Andriesstraat.

ADRES Andriesstraat 222
ERFNOMMER 419/1
HUIDIGE GEBRUIK Winkels en kantore: Salisbury House

BESKRYWING




Seweverdieping gebou op straatgrens met projekterende veranda/balkon en 'n simmetriese, artikuleerde fasade met hoërliggende middelblok. Buitemure is gepleister en geverf met geverfde lyswerk tussen sentrale venstervlakke en 'n enkelry teruggesette balkonne weerskante hiervan. Balkonrelings is van pypwerk, vensters en balkondeure het staalrame. Die vloere is met linoliumstroke bedek. Twee hysbakke (oorspronklik) in werking sowel as wasgeriewe. Alle houtdeure nog met paneelwerk, die deurhandvatsels op sirkelplate; 'n granoliettrap met saamgestelde handreling. Tiperende letterwerk op fasade wat teen die lug afgewerk word met sentrale dakkroon en twee vlagpale.

BELANG



*GESLOOP 1989/90

Met oprigtingsdatum 1937 toon Salisbury House uitstekende kenmerke van Art Deco en 'n onderliggende Internasionale invloed, soos vergestalt in die werk van die argitek Burg, Lodge & Burg. Die kenmerkende, geordende detail is veral vanaf Andriesstraat sigbaar, waar dit deel vorm van 'n wisselende straatmuur wat saamgebing word deur die voorplasing met *winkelfronte onder* veranda. Besliste en belangrike groepsverband. Die gebou verkeer in 'n goeie toestand, hoewel dit kleiner herstelwerk vereis.

Bedreig deur aangrensende ontwikkeling is Salisbury House se toekoms onseker. Dokumenteer. Bron: Burg, Doherty 8 Bryant.

ADRES Sentraalstraat 223, h/v Pretorius
ERFNOMMER 422
HUIDIGE GEBRUIK Winkels en kantore : Central House

BESKRYWING Vierverdieping, platdak gebou met geverfde beton kantelbalk-veranda oor die sypaadjie en winkels op straatfront. Hierbo is drie kantoorvloere, gebou van ligsandkleurige siersteen na beide strate. Die veranda en die

boonste vlakke is gerond om die straathoek. Projekterende kantelblaaie kom sentraal tussen die boonste vloere voor; in Pretoriusstraat is die geverfde borsweringmuur daarbo effens gelig en versier met 'n vlagpaal en letterwerk. Binnemure is hoofsaaklik gepleister en geverf, met dado van travertyn op die portaalvlak en tekstuurpleistewerk andersins. Alle buitevensters het staalrame, met binnedeure van hout, kompleet met boligte, glas en paneelwerk.



Die trapreling en hysbaktoebehore blyk oorspronklik te wees. Inlegwerk met die letters CH verskyn op die aantrede tot die teruggesette portaal in Pretoriusstraat, maar aluminiumraam afskortings is oor die helfte hiervan aangebring om 'n bykomende winkel te akkommodeer.

BELANG

Die gebou is stilisties gebonde aan die Internasionale beweging en Art Deeo, met laasgenoemde veral in detail soos letterwerk, geronde vlagpaalstutte en simetriese aksent op fasade. Die simpatieke ronding van die hoek met die vensters op die kurwe geplaas herinner sterk aan die stoomboot-idioom. Die ooglopende gemak waarmee diè gebou op die straat front lewer 'n bydrae tot die direkte omgewing en die muur van geboue langs Pretoriusstraat. Die gebou is teen 1985 opgeknap en is gevolglik in 'n goeie toestand.

ADRES Sentraalstraat 222
ERFNOMMER 2601
HUIDIGE GEBRUIK Winkels en kantore: Pieter Neethlinggebou



Vyfverdieping gebou met sentrale gang tussen winkels op grondvloer, diep teruggeplaasde hyser- en trapskag. Buitemure van siersteen met geribte oppervlak, vensters in staalrame, op straatkant onder breë projekterende en deurlopende latei. Binnemure is gepleister en geverf, met granoliet- en teëvloere, asook mat op betonvloere in kantore. Kleedkamers kom plek-plek op die tussenvloere voor. Opsigterskwartiere heel bo op ooste-vleuel met lae helling sinkdak agter 'n borsweringmuur.

Die gebou is in 1939'deur Louw & Louw van Kaapstad as 'n hawe vir werkende jongnense uit

die platteland ontwerp. Dit word steeds deur die Pieter Neethlingtrustfonds beheer, maar is intussen as kantore ingerig. Die enkelkamers met kommunale toilet- en wasgeriewe is met gemak in kantoorsuites omskep. Ten spyte van die funkeionele verandering is die gebou in 'n goeie toestand. Bron: Pieter Neethlingtrustfonds (oorspronklike dokumente).

ADRES — Pretoriusstraat 296, Andriesstraat 227 & 229
ERFNOMMER — 3341
HUIDIGE GEBRUIK — Streekkantoor & Strijdomplein poskantoor

BESKRYWING



Agtverdieping kantoorgebou met poleerde rooi granietplint oor hoogte van die grondvlak; gerond om die straathoek van Pretorius- en Andriesstraat geneem. Twee groot ingange is teruggesny in beide die fasades. Die verdiepings hierbo is geklee in wit graniet waaroor - bo ingange en op hoek - pilasters van grys graniet. Vensters van anodiseerde aluminium is hiertussen teruggesit in horisontale bande, andersins is hulle enkel. Vlagpale projekteer bo die daklyn op die hoek. Groot bronsdeure en traliewerk op grondverdieping. 'n Ligte struktuur, meestal van glas, is op die noordoostelike deel van die gebou aangebring.

Die gebou daarnaas in Andriesstraat is simmetries met die sentrale ingang tussen twee sy-ingange. Dit is vyf verdiepings hoog: die grondverdieping vorm 'n basis en bestaan uit liggrys en rooi poleerde graniet wat as 'n raam om die hoofingang geneem is. Die sentrale venstervlak van die twee verdiepings daarbo is teruggesit agter gepaarde Korintiese kolomme en word afgerond met 'n stewige muurlys. Die dak- of 'kop' -deel bestaan uit 'n verdere twee verdiepings onder 'n steil sinkdak wat diep oor 'n daklys druk. Dit trap effe terug na agter en vanaf die kante.



Beide geboue is vroeër as banke gebruik en het min verandering benodig om dit vir die gebruik van die poskantoor in te rig. Andriesstraat 227 het verwysings na die neo-klassieke, terwyl die hoekgebou die rykheid onder laat Art Deco-invloed verder voer - veral die oënskynlike pilasters in kontraskleur en simmetriese plasing.

As gebouepaar, netjiese hoekbehandeling en landmerke van belang, asook die skaalverband met die res van die blok en veral Pretoriusstraat. Herstelwerk in 1989 onderneem en toestand goed.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 275 |
| ERFNOMMER | 373/3 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel : John Orr's |
| BESKRYWING | |




Moderne seweverdieping gebou met kelder, grondvlak met winkelingang effens teruggesit. Die noordemuur teen Kerkstraat bestaan uit reflekterende glas in staalrame en geverfde staalpanele, alles gehul in die betonstruktuur wat oor al die verdiepings strek en in 'n plat dak eindig. Binneafwerkings soos hangplafonne, mat, teëls en buiteafwerkings soos mosaïek kolombekleding is aanpasbaar by die kommersiële funksie.

Die hoë, plat fasade na Kerkstraat, vorm met naasliggende geboue 'n muur teen die straat. Veral die verband met die aangrensende Kerkadesentrum (q. v.) en die arkade tussen die twee geboue is opvallende. Hoewel die gebou enkele kere moes aanpas by 'n spesifieke kommersiële behoefte, is dit nie sonder integriteit nie en in 'n goeie toestand.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 267 |
| ERFNOMMER | 2784 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel : Kerkadesentrum |




Seweverdieping gebou met dieselfde ooglopende glasfasade in betonraam en kolom-en-bladstruktuur as die buurgebou op erf 373. Die grondvlak maak voorsiening vir winkelruimte en die Kerkade deurloop. Teen Kerkstraat strek 'n projekterende veranda met golwende soffiet oor die sypaadjie.

As deel van die muur suid van Kerkstraat lê die belang in die groepsverband, veral met die vele arkade-aansluitings na Pretoriusstraat.

ADRES Kerkstraat 259
ERFNOMMER 971/6
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel: Foschini




Die oorspronklike trapgewel en golfplaat staandak van die dubbelverdieping gebou word tans verskuil agter 'n vals fasade van geribte metaalplaat. Die simmetrie van twee voorafvervaardigde kolomme waarop die projekterende veranda rus, word van agter die versteekte gewelmuur herhaal met vergete vlaggale. Die interieur is aangepas by spesifieke behoeftes van die handelaar, met uitstalvensters in aluminiumrame op grondvlak.

Die gebou dateer moontlik uit die eeuwenteling toe daar in die omgewing van die plein talle soortgelyke geboue was en ten spyte van die huidige veranderings is die gebou van kultuurhistoriese belang en genoeg van die gewel is behoue om volkome te herstel.


BLOK 11


ADRES Kerkstraat 301 & Pretoriusstraat 310
ERFNOMMERS 2909 & N/A
HUIDIGE GEBRUIK Staatsteater, Strijdomplein. Volkskas hoofkantoor

BESKRYWING



Die oostelike deel van die blok tussen Kerk- , Pretorius- en Prinsloostrate word beset deur vyf teaters in die Staatsteater kompleks, met 'n plein op die hoek van Kerk- en Prinsloostraat. Die hoofstruktuur bestaan uit kolomme en balke in sigbeton, platdakke en verhoogskagte wat deurbreek om saam met die F.H. Odendaalgebou (Administratiewe blok : TRUK) die hoogste punte in die kompleks te vorm. Die gebou staan afsydig tot die stad waarheen dit drie feitlik ondeurdringbare fasades draai. Stilisties vewys dit disparaat na die Japannese Metabolisme soos vervat in die werk van onder andere Kenzo Tange.





Strijdomplein op die hoek van Kerk- en Van der Waltstraat beslaan omtrent een kwart van die blok en is meestal plavei met groot opgeboude planthouers, veral na die oostekant teen die staatsteater. Die hoofelement is die Strijdomonument, 'n vervormde betonhalfkoepel wat later met koperplate bedek is. Die halfkoepel beskerm die reuse kopbeeld. Die monument word voltooi deur 'n verdere beeld van ras perde op 'n kolom in die middel van 'n fontein.

Die Volkskasgebou op die suidwestelike hoek van Strijdomplein, langs Pretorius- en Van der Waltstraat is 'n kantoorblok van 38 verdiepings met sterk benadrukte struktuur en dienste in die gees van die vooruitgang en optimism soos deur die Brutalistiese sytak van die Modernisme beskou. Die buitekant is beklee met liggrys mosaïek tiggelsteentjies, waaruit groot meerverdieping glasbokse projekteer. Dit is teen die einde van die jare sestig opgerig en het 'n merietetoekenning van die ISAA ontvang. Die argitek was Samuel Pauw.

Die vier keldervloere onder die hele blok dien as parkeervlakke.

BELANG

Die elemente op die blok is elkeen 'n landmerk in die omgewing. Kultuurhistories is hierdie groep seker een van die beste voorbeelde van die Afrikaner se selfvertroue en pretensie teen die einde van die jare sestig - hoewel die Staatsteater eers later voltooi is, is dit in hierdie tyd ontwerp.

ADRES — Pretoriusstraat 388 & 400, h/v du Toit
ERFNOMMER — 436/R & 435
HUIDIGE GEBRUIK — Kommersieel

BESKRYWING



Twee enkelverdieping geboue, beide onder sinkdakke tussen entgewels en met straatdakke op kolomme. Die hoekgebou is nou van 'n vals fasade voorsien wat die dak verberg, maar die sterk lyswerk en wyd gepaarde kolomme het behoue gebly.

Tipologies: voorbeelde van die eenvoudige enkelverdieping kommersiële geboue wat volop

in hierdie deel van die stad was, maar grootliks verdwyn het. Dokumenteer.

ADRES du Toitstraat 219
ERFNOMMER 388/l
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel & woonstelle: Orpheum Mansions

BESKRYWING Vyfverdieping woonstelgebou onder 'n plat dak agter borswering. Die straatmuur is van siersteen waaruit gepleisterde en geverfde balkonne (maar nou toegebou) projekteer. Die balkonne op die noordehoek is nog oop. Die lateie bo staalvensters is gepleister en geverf, soos ook ander mure. Marmerpanele op die grondvloer en in die ingangsportaal aan die suidekant en groot winkelvensters is diep onder die straatdak teruggesit. Die gebou is in 'n redelike toestand.



Die waarde van hierdie gebou lê weereens in die groep wat dit met die hotel daarnaas, Eland House (q. v.) om die draai en die NHG-gebou oorkant Kerkstraat vorm. Daar is sterk ooreenkomste in die materiale, detail en styl en die geboue is moontlik kort na mekaar opgerig, maar dit kan slegs na verdere ondersoek bepaal word. Almal toon tekens van die eenvoudige funksionele, effens versag deur Art Decodetail.

ADRES Kerkstraat 399, h/v du Toit
ERFNOMMER 388/R
HUIDIGE GEBRUIK Hotel: Swiss Inn

BESKRYWING Vierverdieping hoekgebou met straatdak oor volle lengte van twee straataansigte. Die dak is agter 'n borsweringmuur versteek. Mure bo straatdak is van siersteen waarin staalvensters in vertikale en horisontale bande binne gepleisterde omrandings. Mannerpanele en groot winkelvensters wissel af op die grondvloer. Die toestand is redelik.




Netjiese hoekgebou wat met die geboue aan weerskante daarvan en die NHG-gebou 'n besondere stedelike groep vorm. Die gebou kort aandag om die ware kontekstuele kwaliteit terug te wen.

ADRES Kerkstraat 387
ERFNOMMER 387
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel & woonstelle: Eland House

BESKRYWING Vyfverdieping woonstelgebou met winkels onder. Die dak hel platterig weg van die straat en is agter 'n getrapte borsweringmuur versteek. Muurafwerkings is geverfde pleister en siersteen met lang horisontale siersteen balkonmure wat weg van die fasade projekteer. Vensters is staal en sit meestal diep terug, beskerm van die direkte son. Die ingangsportaal is met paneelde terrazzo afgewerk en die woonstelle word langs oop loopgange aan die suidekant bereik, vanuit 'n trapportaal wat deur houtglaadeure daarvan afgesluit is. Die parkeergebied agter word aan die oostekant onder deur die gebou bereik. Gedeeltes van die oorspronklike hout winkelfronte is nog in 'n herstelbare toestand.



BELANG 'n Verdere voorbeeld van die Pretoria Internasionale Styl met *vae Decospore*. Die gebou skakel goed met sy buurman sowel as die NHG-gebou oorkant Kerkstraat. Dit is 'n besonder eenvoudige stelling wat eerder tot die straatbeeld bydrae as om homself te verheerlik. Dit is moontlik nog 'n gebou van Burg se kantoor, en behoort verder ondersoek te word.

ADRES Kerkstraat 381
ERFNOMMER 3081
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel

BESKRYWING Tweeverdieping gebou teruggesit van die straat tussen twee projekterende enkelverdieping vleuels, onder 'n swaar wolfent-teëldak. Die fasade is oor die jare heelwat verander, maar die oorspronklike kolomme op grondvloer, die pleister- en steenbande, waarin die boonste vensterlyn, en die balkonne tussen kort kolomme, waarvan een toegebou, verklap steeds die oorspronklike tweeledige woon- en kommersiële funksie. Die gebou is in 'n swak toestand.



BELANG Tipologies soos die gebou op erf 2731/2 hierna, maar verder interessant weens die ongewone simmetrie en dak losgemaak van die

buurgeboue. Dokumenteer, bepaal datum van oprigting en fotografeer.

| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 373 |
| ERFNOMMER | 2731/2 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel |
| BESKRYWING | Drieverdieping gebou met versteekte dak agter borswering. Geelrooi siersteenmure op boonste twee vloere is uitgebou om drie deurlopende erkers, waarin staalvensters, te vorm. Die vensters van die boonste vloer, wat duidelik nie meer vir die oorspronklike funksie van bewoning gebruik word nie, is toegemaak. Die straatdak rus op vierkantige pilare. Houtglasdeure aan die een kant lei na die woonsteltrap. Sommige winkelfronte en deure is nog die oorspronklike hout en glas en herstelbaar, soos ook die houtvensters en -deure na die suidekant. |
| BELANG | Tipologies: kommersiële en woonfunksies kombineer. Dokumenteer die gebou minstens fotografies. |




| | |
|---|---|
| ADRES | Kerkstraat 361 |
| ERFNOMMER | 384/1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel |
| BESKRYWING | Dubbelverdieping kommersiële gebou met woonstelle bo winkels. Staansinkdak tussen entgewels en balkon straatdak op gepaarde betonkolome. Twee erkers projekteer uit die woonstelle op die balkon wat soos die dakrand met swaar lyswerk versier is. Mure is *gepleister en geverf* en die oorspronklike winkelfronte is vervang, 'n proses waartydens ook die ingang na die eerste vloer moontlik van die straatfront verdwyn het. Alle vensters en deure bo is nou staal. Die gebou is in 'n redelike toestand. |
| BELANG | Moeite werd om te dokumenteer as 'n verdwynende tipe binne die stadsweefsel van Pretoria. |



BLOK 13

ADRES: Edwardstraat
ERFNOMMER: 748/2
HUIDIGE GEBRUIK: Woonstelle: Palmview Mansions

BESKRYWING: Klein *L-vormige dubbelverdieping* gebou tussen Edwardstraat en die Apiesrivier. Mure is van siersteen tot op eerste verdieping langs die straat en tot heuphoogte op ander aansigte. Die res is gepleister en word beskerm deur 'n staansinkdak wat redelik ver oorhang. Vensters en deure was oorspronklik van hout en is nog op sommige plekke bewaar, maar die meeste vensters is vervang met staal. Balkonne op die ente van die vleuels is toegebou. Die ry ingange tot woonstelle op grond- sowel as eerste vloer, in plaas van die *meer algemene* enkele ingang, is ongewoon. Aan die straatkant is daar 'n smal tuin agter 'n straatheining met hekke, en aan die kant van die rivier is daar 'n groter tuin in die mik van die gebouvorm. Die gebou kort aandag.



BELANG: Die gebou, wat in konsep en stylbenadering eerder na plekke soos Tiny Town en Constantia Court (q.v.).as na sy nadere bure verwys, is moontlik 'n belangrike voorbeeld van vroeëre woonstelblokke in die middestad wat as deel van 'n verdigtingstudie van Pretoria aangepak behoort te word. Die naam, sowel as die vom, dui daarop dat die Apiesrivier en die palmlaning daarlangs, eens 'n gesogde omgewing was.

ADRES: Paul Krugerstraat 252, h/v Pretorius
ERFNOMMER: 461/1
HUIDIGE GEBRUIK: Kommersieel en kantore: Savelkoul

BESKRYWING: Vyfverdieping gebou met plat dak agter borsweringmuur, bruin siersteemure waartussen die voeë diep uitgekrap en 'n straatdak om die hoek oor groot winkelvensters. Vensters loop aaneen in bande onder vlak betonprojeksies op die noordekant terwyl die smaller wesfasade in ewe groot raamblokke verdeel is, hierbinne is venster- en siersteenpanele. 'n Paar vlagpale wat bo die gebou uitsteek, is aangebring in die effe teruggesette gedeelte by die aansluiting van die twee bene van die L-vormige gebou. Dit is in 'n goeie toestand.



BELANG

Hierdie pretensielose gebou is 'n goeie buurman en vorm 'n netjiese straathoek teenoor die Permanente Bouvereniginggebou (q. v.) oorkant en die Raadsaal (q. v.) skuins oorkant die straat. Dit skep eerder 'n wand tot die straat as om op 'n eie argitektoniese erkenning aanspraak te maak. Tog is dit 'n deeglike voorbeeld van die getemperde argitektuur van die jare veertig soos veral verbeeld in die baie voorbeelde van die werk van die argitek Burg. Verdere ondersoek word benodig.

ADRES: Paul Krugerstraat 262
ERFNOMMER: 461/2
HUIDIGE GEBRUIK: Kommersieel & Woonstelle: Fatti's

BESKRYWING




Drie verdieping gebou bestaande uit 'n winkelvlak op grondvloer wat teen die elemente beskerm word deur 'n swaar straatdak op pilare; hierbo is daar twee woonstelvloere met geronde projekterende balkonne na die straat onder die diep oorhang van 'n steil kleiteëldak (wat teen 'n laer helling met sinkplaat bedek is na agter). Mure is gepleister en geverf, vensters is van staal. Geute, watervangers en afleipype word prominent vertoon. Die toestand is redelik.

'n Verdere voorbeeld van die 'mak' Deco soos opvallend in die stad voorkom, die tema waarvan 'n deeglike studie vereis. Sterk kenmerke is die geronde balkonne en die geronde vensters wat van die fasade af terughuig om deeglik bruikbare buiteruimtes te vorm.

ADRES: Paul Krugerstraat 268
ERFNOMMER: 461/6 (gedeelte van)
HUIDIGE GEBRUIK: Winkel & dansateljee: Afrik House

BESKRYWING

Smal gegewelde dubbelverdieping gebou oor die hele diepte van die erf onder 'n staansinkdak met ventilator. Mure is gepleister en geverf met sterk benadrukte pilasters en lyswerk, laasgenoemde ook om vensters en die deur na die balkon oor die straatdak. 'n Ronde houtventilator versier die bopunt van die 'halsgewel' wat tussen twee sykrulle bo die daklyn verbysteek. Die binnekant is drasties verander, maar die buitekant is in 'n herstelbare toestand.




* ca 1905 OORSPRONKLIKE SAVELKOUL MET AFRIK HOUSE SIGBAAR OP DIE AGTERGROND

Die gebou wat in ca 1902 opgerig is en in 1905 vir die eerste keer op foto's van Markstraat (nou Paul Kruger) verskyn, is een van die min goeie voorbeelde van handelsargitektuur wat uit diè laat- Victoriaanse tydperk in die hoofstad oorgebly het. Amperse tydgenote is Gundlefinger in Kerkstraat-oos (1903), die fontein van Sammy Marks (1905), Tudorgebou (q. v.) op Kerkplein (1904), die nou versteekte Saxon Chambers (q. v.) in Kerkstraat (1905) en die ouer Panagosgebou op die suidwestelike hoek van Paul Kruger en Strubenstraat . Die oorblywende gietysterkolomms van die balkon is in die gietery van MacFarlane & Co in Glasgow vervaardig.




Dit is opgerig deur ene Carlis en die African Bread Company was vir jare in die gebou gehuisves.

Die gebou is nie in 'n goeie toestand nie, maar dit is belangrik genoeg om minstens die geheel, of die fasade in te werk in enige toekomstige beplanning. 'n Interessante moontlikheid is om die gebou tot 'n arkade te omskep wat maklik met die arkadestelsel binne hierdie blok kan skakel. Bron: Dunston (1975), Kuijers (1985), Meiring (1980), UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Schoemanstraat 246, h/v Andries |
| ERFNOMMER | 3088/1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en kantore: Constantiagebou |



U-vormige agtverdieping gebou onder plat dak. Gordynmure, suid en oos, word tussen verdiepings met projekterende vloervlakke verdeel. 'n Straatdak loop om die hoek wat deur middel van 'n kort hoekarkade vermy kan word.

Netjiese Modernisme en belang as hoek- en straatwand.

BLOK 15

| | |
|---|---|
| ADRES | Schoemanstraat 286-294 |
| ERFNOMMER | 2824 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kerk & saal: St Andrew's Presbyterian Church - Pretoria |

BESKRYWING — Rooikleiteëldak oor mure van gekapte klip met ru voorkante en gladgekapte sandsteenwerk tot borswerings en bokante van klipbere asook tot omrandings van vensters en deure. Loodglasvensters en houtdeure met ekspressiewe smeeysterbeslag en -skarniere. Rooi siersteenwerk in Vlaamse verband met effe uitgedrukte voeë. Houtblokkiesvloere in visgraatpatroon en gepleisterde gefassetteerde boogplafon deur kappe.

BELANG — St Andrew's was die eerste Presbiteriaanse kerk in Pretoria en een van die oudste in die Transvaal. Die hoeksteen is in 1906 deur die Earl of Selborne gelê en die kerk is die volgende jaar ingewy. Dit is saam met St Alban's, een van die enigste geboue in hierdie middestad gedeelte van Schoemanstraat wat voor 1910 opgerig is. Dit is die werk van die argitek John Ralston wat in 1902/3 na Suid-Afrika gekom het nadat hy die oop prysvraag vir die (ou) Pretoriase stadsaal gewen het. Hy het hom later in Johannesburg gevestig nadat hy in nog verdere kompetisies suksesvol was.



Die kerk is 'n stedelike, argitektonieee en kultuurhistoriese landmerk en herinner daaraan dat diè deel van Pretoria nie uit die jare dertig dateer nie. Die RNG beskou dit as 'n onvervangbare gebou. Bron: Meiring (1980), UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | van der Waltstraat 275 |
| ERFNOMMER | 520 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Komersieel |

BESKRYWING — Simetriese drieverdieping gebou met platdak agter borswering versteek, geverfde baksteenmure met pleistewerk om vensters en tot geronde pilasters wat vensters in panele verenig. Teruggesette balkongedeelte oor twee verdiepings agter twee stewige kolomme. Afdak oor straat. Toestand is redelik, maar gebou kort aandag.




'Funksionele' Art Deco met Egiptiese pretensie, verhef die gebou tot 'n dramatiese stelling ten

spyte van die eenvoud van materiaal-, vorm- en dekorasiegebruik.

ADRES — Pretoriusstraat 281
ERFNOMMER — 3336
HUIDIGE GEBRUIK — Kommersieel: Wimpy & Universitas

BESKRYWING

Tweeverdieping kommersiële gebou met winkels onder en woonplek bo. Platdak agter borswering en hoogsgelede eerstevloer met projekterende lyswerk en erkers. Balkon / straatdak rus op groepeerde kolomme van baksteen, nou gepleister, met reënwaterbakke en -afvoerpype openlik vertoon. In goeie toestand, hoewel latere afwerklaag die netheid van die gebou skaad. Langs 'n moontlike oorspronklike soortgelyke gebou (Bradlows), wat nou van 'n vals fasade voorsien is.



*1985

Kultuurhistories en tipologies as een van die min oorblyfsels van winkelgeboue wat vroeër ooral in die middestad voorgekom het. Kontekstueel uit sy plek.


BLOK 16

ADRES — van der Waltstraat 288, h/v Schoeman
ERFNOMMER — 521 - 524
HUIDIGE GEBRUIK — Elektrisiteitsafdeling: Stadsraad

BESKRYWING

'n Groep geboue waarvan die belangrikste die stedelike Tramsheds en die klein kantoorgeboutjie op die hoek van van der Walt- en Schoemanstraat is. Die naam 'tramsheds' beskryf die voorkoms en die gebruik goed. Die gebou bestaan uit drie lang skure met gewelente na van der Waltstraat. Die dak is sinkplaat op staalkappe wat 'n aaneenlopende daklig toelaat. Die mure is van Kirkness-stene en sandsteen. Die kantoorgebou is van dieselfde stene gebou, maar is minder funksioneel behandel. Die ingang is sentraal in 'n *effense* corps avant, onder 'n geboogde venster en tussen twee kolomme- alles benadruk deur pleister- en *verfwerk* teen die baksteen. Pleisterbande op eerstevloervlak en om vensters eggo hierdie behandeling wat op die hoeke deur





baksteenpilasters gebreek word. Twee boogvensters van hout voltooi die ingangsfasade. Die behandeling loop om die gebou langs Schoemanstraat waar die fasade weereens simmetries behandel word deur middel van 'n geheel onfunksionele borsweringgewel in die middel daarvan.

BELANG

Die geboue dateer uit 1912 en is van die weinig oorblywende groot en stedelike Post-Victoriaanse geboue wat sterk flirtasies met die Art Nouveau toon en Baker se vooringenomendheid met 'n Suid-Afrikaanse argitektuur uitbou. Hulle is van kultuurhistoriese belang en van 'n skaal wat hergebruik moontlik maak. Bron: Genootskap Oud-Pretoria, UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Prinsloostraat 28 |
| ERFNOMMER | 526/1 (nou deel van 3359) |
| HUIDIGE GEBRUIK | Winkels en woonstelle: E & T-gebou |

BESKRYWING

Vyfverdieping gebou, L-vormig, maar met simmetriese fasade na Prinsloostraat, bestaande uit een winkelvloer en vier vloere woonstelle bereikbaar vanaf ongeverfde pleister-en-betongange aan die agterkant daarvan. Die eenvoudige siersteenblok word verbreek deur middel van streng horisontale balkonlyne, versterk deur die diep skadu van teruggesette balkonne self. Die ingang en trapportaal word vertikaal benadruk deur 'n reeks gepleisterde en projekterende 'pilasters' om vensters. Pypwerk van die woonetelle word sonder omhaal oop deur gangvlakke geneem; al verligting van die funksionele grys loopgange is die kleiteëlvloere. Die trapportaal spog met 'n stewige hout-en-staaltrapreling en aanwysbordjies met die beste van Art Decoskrif.



BELANG

Die gebou vorm 'n belangrike eenheid met die Impalagebou oorkant Schoemanstraat en is feitlik seker nog 'n gebou van Burg, soos die vlagpaal bo die ingang, die sterk simmetrie en die Art Decodekorasies wys. Dit is egter veel meer in die Moderne idioom as laasgenoemde en 'n duidelike stap in die rigting van funksionele realisme. Dit is 'n onopsigtelike gebou totdat daarna gekyk word en hou

belangrike lesse in vir enigiemand wat die menslike omgewing bo vertonige individualiteit stel. Bron: Burg, Doherty & Bryant.

ADRES Prinsloostraat 271
ERFNOMMER 526/R
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel & Woonstelle: Marlynn Court





Dubbelverdieping gebou met skuins dak wat agter hoë borswering weg van die straat val. Mure is gepleister en geverf met versiering beperk tot die naam self, eenvoudige lyswerk en vlak sierstrepe op eerste verdieping. 'n Betonstraatdak projekteer oor sypaadjie. Diep balkonne is nou toegebou. In redelike toestand.

Kultuurhistories en tipologies, kan moontlik in toekomstige ontwikkeling geïnkorporeer word.

BLOK 17

ADRES Pretoriusstraat 351 & Prinsloostraat 270-4
ERFNOMMER 479
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel





Twee enkelverdieping winkels onder staandakke tussen entgewels. Die dak van die hoekwinkel is vervang deur betonteëls en versteek agter 'n plat fasade. Beide straatdakke oor sypaadjie rus op kolomme. Uitstalvensters en ingangsdeure is nog die oorspronklike fyn houtkonstruksies in die hoekwinkel, met (nou) toegeverfde loodglasvensters in die bopanele, maar is met aluminium vervang by die ander.

Twee voorbeelde van kommersiële geboue wat in 'n mate die hernuwing en 'verbetering' van die jare sestig vrygespring het. Van die min oorblyfsels van 'n tipologie waaraan die *strate van Pretoria* voor diè jare gekenmerk is, is hulle kans op oorlewing skraal en behoort hulle gedokumenteer te word.

ADRES Pretoriusstraat 359
ERFNOMMER 479
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel & woonstelle: Scrooge



Dubbelverdieping kommersiële gebou met winkels op straatvlak asook 'n deur aan die een kant na vier woonstelle op die eerste vloer. Mure is gepleister en geverf met diepbruin glasuurteëls (maar nou ook geverf) om die hout winkelfronte en vensters. 'n Straatdak op kolomme dien ook as balkon vir die woonstelle. 'n Sinkdak tussen entgewels en diep oorhang rond die gebou af. Toestand is swak, maar herstelbaar.

BELANG

Tipiese voorbeeld van dubbelverdieping kommersiële gebou met woonplek oor en een van die min wat in hierdie deel van die stad oorgebly het.

BLOK 18

ADRES Schoemanstraat 410
ERFNOMMER 48/1
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel & woonstelle: Colluseum



Ronde sesverdieping woonsteltoring op hoë dubbelverdieping podium met losstaande trap- en hyserskag aan die een kant. Vensterlyne en soliede lyne van terrazo loop rondom die hele fasade wat gekroon word met 'n ringveranda op die dakvlak. Die toestand is goed.

Landmerk nadat die Apiesrivier vanaf die ooste oorgesteek is. 'n Voorbeeld van die werk van Voutsas wat gedurende die jare sestig en vroeë jare sewentig, veral in Sunnyside, 'n eie stempel op Pretoria se woonstelargitektuur afgedruk het. Dit is ook, as groot woonplek, belangrik binne die toekomstige beplanning van Pretoria as mensgerigte stad en 1ê op die kruispunt van die lewendige Sunnyside en die hopelik toekomstige ewe lewendige binnestad.

BLOK 19

| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat, h/v Schoeman |
| ERFNOMMER | 557 - 559 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Staatskantore: Laboriagebou |



Sesverdieping siersteengebou op 'n granolietplint en pleisterwerk by dakrande. Steil plaatmetaaldak oor hoofgedeelte na Paul Krugerstraat en platdakke agter borswerings oor die projekterende syvleuels, een langs Schoemanstraat. Klein staalvensters op afgemete ritme horisontaal en vertikaal. Hoofingang projekteer na die straat en daar is 'n sekondere ingang na Schoeman.

BELANG

'n Stewige en soliede staatsgebou wat deel uitmaak van soortgelyke geboue in Paul Krugerstraat, funksioneel klassisisties met klein romantiese detail soos balkonne en versierings, later (?) uitgebrei na die oostekant (Mannekraggebou) in dieselfde styl en matriaal, maar met eie ingang. Landmerk in goeie toestand.

| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat 336 |
| ERFNOMMER | 2727 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantoorgebou en winkel: Edward Chambers |

BESKRYWING




Vierverdieping gebou waarvan die baksteenfasade in vyf dele verdeel is deur middel van pilasters en afgerond is met pleisterwerk op die hoeke. Die dak is plat en versteek agter 'n projekterende sierdakrand. Vensters en mure op grondvlak buig skerp in na die ingange, vensters van staal.

Nog 'n goeie voorbeeld van die eenvoudige Pretoriase sintese tussen Art Decostrewe en Modernistiese realiteit. Die praktiese blokvorm, word, waar moontlik, gedekoreer en grilneer met skynbaar onfunksionele Art Decodetail, die belangrikste waarvan die projeksie by die dakrand, die gebounaam, die simmetrie, die pilasters, die straatdak, maar veral die grondvloerfasade met die skerp geronde vorms na deure en die indeling van die vensters. 'n Netjiese en belangrike klein landmerk van

belang vir die geskiedenis van veral Paul Krugerstraat.

| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat 340 |
| ERFNOMMER | 2697 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle, winkel en store: Goodwood House |

Klein gebou met winkel onder, 6 woonstelle op eerste verdieping en store en werkswinkels agter. Die platdak is versteek agter 'n borswering, die mure is gepleister en geverf en vensters is standaard staal. Die gebou kort onderhoud.



Die geboutjie het 'n netjiese en Modernisties funksionele fasade na die straat, verdeel in drie horisontale bande, waarvan een die balkon en venstervlak bo die winkelfronte en ewe funksionele syingang na die eerste verdieping. Die klein skaal inhibeer die bewaringsmoontlikhede, behalwe as toekomstige ontwikkeling teruggesit kan word om die voorste gedeelte as 'n podium te benut.

| | |
|---|---|
| ADRES | Skinnerstraat 230 |
| ERFNOMMER | 607, 608 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kleuterskool: Wonderland |

BESKRYWING

Twee enkelverdieping, blokvormige huise aangrensend tot Harmonieklub. ERF 607: Woonhuis met gepleisterde baksteenmure op kapklipplint, saamgestelde dakvorms bedek met gegolfde- en platplaat, nokentruiters en sierdetail. Persstaalplafonne en oorspronklike houtraamvensters meestal vervang met staal. Oorspronklike oop stoep toegebou. Toestand redelik en herstelbaar. ERF 608: Woonhuis met aanbouing, gepleisterde baksteenmure op siersteen en klipplint; geverfde golfplaat staandak, hout en staalvensterrame. Voorstoep met voorafvervaardigde kolomme oor breedte van straataansig. Gevormde steunarmpare in hout onder dakoorhang.



BELANG

Groepsbelang tussen erne 607, 608 en 609. Goeie, hoewel veranderde, voorbeeld van Victoriaanse huisargitektuur van voor (?) 1910

op 607. Vera1 van belang is die ryk versameling van dakvorms, die artikuleerde gewelent en die toring op suidwestelike hoek. Beide geboue benodig sorg en herstel.

ADRES — Skinnerstraat 238
ERFNOMMER — 609
HUIDIGE GEBRUIK — Sorgsentrum vir bejaardes: Harmonieklub



Dubbelverdieping gebou onder sinksaaldak met feitlik geen oorhange; gepleisterde baksteenmure op siersteenplint met pleisteromrandings tot vensters en deure, windveer en "Tudor"-houtwerk op agtergewel; voor op die erf gebou. Hout- en staalvensters en houtdeure. Benodig onderhoud.

BELANG — Deel van klein groep saam met woonhuise op erwe nommers 607 en 608.

ADRES — Schoemanstraat 245, h/v Andries
ERFNOMMER — 3095
HUIDIGE GEBRUIK — Winkels en woonstelle: Amanda Centre



Drieverdieping L-vormige gebou met winkels op grondvlak, gevou om binnehof onder gewelfde sinkdak. Gepleisterde baksteenmure met siersteenpanele, versiering hoofsaaklik beperk tot die buitekant en die trapskag. Balkonne, sommige met geronde hoeke geartikuleer met terra cotta teëlwerk, simmetries om geronde hoek en ingang geplaas. Goed bewaarde ingang en trapskag asook hyser. Staalvensters en houtdeure. In goeie toestand.

BELANG — Die gebou wat in die jare dertig opgerig is, is 'n verdere voorbeeld van die Pretoriase Art Deco, soos veral geïmplimenteer deur die argitekte Burg, Lodge & Burg. Die sterkste kenmerke van die strewe is in die geronde straathoek, die balkonne, ingangs- en trapdetails, erkervenster, hysbak, deure, deurbeslag en die vlagpaal. Die gebou is 'n landmerk in Andriesstraat. Bron: Burg, Doherty & Bryant.

| | |
|---|---|
| ADRES | Schoemanstraat 327 |
| ERFNOMMER | 3094 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kerk: St Albans Katedraal |

BESKRYWING

Klipgebou, oorspronklik konstrueer uit die klip van die Pretoriarandjies (dofblou, grys, groen met terra cotta detail) met golwende buitemuur onder leiklipdak, betonglasvensters; effe teruggesit van die straat met klein tuin voor en groot tuin agter.



Anglikaanse katedraal, oorspronklik ontwerp deur Herbert Baker & Masey (ca 1905) nadat die Royal Engineers die eerste gebou in 1878 op die terrein opgerig het. Dit is later verwerk deur Mallows (1965) wat beton en klip vermeng het om met die Bakergedeelte saam te praat. 'n Belangrike en stewige landmerk wat die eenvormigheid van die straat breek deur die sterk materiaalgebruik, styl en terugsetting. Uitstaande kenmerke is die klipwerk en die vensters. Bron: Dunston (1975). Fransen (1981), Greig (1971), miring (lWO), Picton-Seymour (1977), UP Dokumentasie.

BLOK 20

| | |
|---|---|
| ADRES | Andriesstraat 330 |
| ERFNOMMER | 611 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Losieshuis: Munro Chambers |

BESKRYWING

Lang dubbelverdieping gebou wat direk op die straat front, gegalvaniseerde plaatmetaaldak, veranda met smeeysterwerk, baksteen buitemure en baksteen, gepleister en geverfde binnemure, houtraamvensters en -deure, persstaalplafonne, houtplankvloere en (oorspronklike) stoepe.

BELANG



Die qebou staan algemeen as Munro Chambers bekend en is in ca 1911 moontlik deur die bekende Pretoriase bouer, John Munro, gebou (die bouer van oa die Paleis van Justisie), veral omdat hyself die eerste eienaar was. Dit is moontlik die enigste oorblywende voorbeeld van 'n hoogversierde laat Victoriaanse gebou wat opgerig is met kamers vir verhuring aan enkellopende mans en dus 'n voorloper van die latere verdigtingskonsep waar hierdie kamers as



annekse tot huise in veral Arcadia en die middestad gevoeg is.

Uitstaande argitektoniese kenmerke is die rasionele en funksionele eenvoud van die ontwerp, die gebruik van kontemporêre materiale en veral die pragtige en goedbewaarde Patroonboek smeeysterwerk van die veranda.

Die toestand van die gebou is redelik en dit kan sonder veel moeite herstel word. Bron: UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Andriesstraat, h/v skinner |
| ERFNOMMER | 611 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Sher Court |



Woonstelgebou van vier verdiepings, gegolfde plaatmetaaldak agter borsvering versteek, gepleisterde en geverfde buitemure asook gepleisterde en geverfde binnemure, geverfde beton- en sagtsbordplafonne, standaard staalraamvensters, houtplankvloere oor betonblaaie.

Die gebou is in 1935 opgerig. Die argitekte was Geers en Geers van Johannesburg. Dit is een van die skaars voorbeelde van die 'vaartbelynde' Art Deco, getemper deur die dwingende beginsels van die Internasionale styl.



Uitstaande Renmerke is die vloeiende horisontale lyne, buite sowel as binne, die groot binnehof met loopgange, die pyphandrelings met geronde hoeke op balkonne en bordesse, die ronde vensters en die verfynde detail dwarsdeur. Hierdie is 'n uitsonderlike gebou van sy era en saam met Munro Chambers op dieselfde erf, vorm dit 'n unieke historiese beeld van die plaaslike ontwikkeling van 'n tipologie van geboue opgerig vir deelwoon.

Afgesien van lekprobleme wat die dak en van die binnemure beskadig het, is die gebou in 'n goeie toestand. Bron: UP Dokumentasie, planne by die Stadsraad.

| | |
|---|---|
| ADRES | Skinnerstraat 282 en 284 |
| ERFNOMMERS | 614/R en 614/1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |

BESKRYWING



Aangrensende woonhuise met geverfde golfplaat staandakke, gepleisterde baksteenmure op rooi siersteenplint. Beide huise het vensterrame en deure van hout (vermoeidelik eikehout by nommer 282), persstaalplafonne en houtvloere. Die sentrale plasing voorop die erf veroorsaak 'n klein voortuin en groot werf agter. In beide gevalle 'n voorstoep: by 282 'n sentrale portiek met gekapte sandsteenkolomme, en 'n lang stoep met voorafvervaardigde kolomme en dubbele glasdeure wat daarop oopmaak by 284. Eersgenoemde met 'n tuinhekkie van soliede eikehout tussen sandsteenkolomme met sierente, tuinpaadjie in ruitpatrone en tuinrandstroke, asook loodglaswerk in goeie toestand.

BELANG

Groepsverband tussen huisepaar; Kaya Rosa was vermoedelik vroeër aan die westekant van hierdie huise geleë, dus kon 282 die waarskynlike woning van die rektor gewees het. Dit was wel later die pastorie van die ou Burgerspark-gemeente. Beide huise toon tiperende elemente uit die jare twintig, waaronder ruim vertrekke en oorblyfsels van 'n formele tuinuitleg. Die goeie toestand waarin die huise verkeer kan onder andere toegeskryf word aan goeie vakmanskap (gekapte sandsteen, loodglas en houtwerk) wat te vinde is in beide geboue.

| | |
|---|---|
| ADRES | Van der Waltstraat 331 |
| ERFNOMMER | 616/2 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Sentrum vir alkoholiste-vereniging |

BESKRYWING



Enkelverdieping woonhuis met kern, erkers, kaggels en veranda. Kristallyndak in golfplaat, met buite- en binnemure van gepleisterde baksteen. Binnemure met rooisand-pleister beklee met plakpapier, tans bo-oor geverf. Vensterrame en deure van hout, somige met houthortjies, asook houtvloere. Voorstoep met voorafvervaardigde kolomme en golfplaat leundak. Nokentruiters kom voor en 'n 'tudor'-tipe houtversiering op die sterk voorgewel. Persstaal- en houtplafonne, twee kaggels met

gietysteswerk en teëls asook bad en wasbak van gietyster.

BELANG

Die huis is regoor die Staats Model School geleë en toon laat Victoriaanse detail en Edwardiaanse invloed, veral in die uitdrukking van vorm en detail, waarvan die meerderheid nog in 'n goeie toestand is. Vera1 van belang is die rare toebehore soos kaggels. Hoewel herstelwerk nodig is, is dit maklik uitvoerbaar.

ADRES — Van der Waltstraat 311-323, h/v Schoeman
ERFNOMMER — 3096
HUIDIGE GEBRUIK — Mediese spreekkamers: Van Riebeeckgebou

BESKRYWING

Negeverdieping kantoorgebou, beton- en teëldak, gepleisterde en geverfde buitemure, ditto binnemure, pleister en verf op betonplafonne, staalraamvensters, houtblokkiesvloere, houtdeurrame en -balustrades.

BELANG



Die gebou staan algemeen bekend as die Van Riebeeck Mediese gebou. Dit is in 1937 opgerig en vertoon Modernistiese sowel as Art Decokenmerke. Die argitek was Gordon Ellis wat die, toe argiteksaanvaarde, Internasionale styl geignoreer het ten gunste van die meer (publiek) populêre Art Deco. Burlington House (q. v.) en Cuthberts (q. v.) is ander voorbeelde van die werk van hierdie belangrike Pretoriase argitek.

Vertikaliteit word bo 'n twee verdieping podium benadruk deur konstruksielyne en muurvlakke deur te neem en die daklyn te verspring na die hoogste sentrale gedeelte. Ander uitsonderlike detail is die pleisterwerk, die prominente ingang, skoon binneontwerp en veral die trapbalustrades. Die gebou is in 'n goeie toestand en 'n waardevolle landmerk. Bron: UP Dokumentasie, tekeninge by die Stadsraad.

BLOK 21

ADRES — Van der Waltstraat 304, h/v Schoeman
ERFNOMMER — 569-570
HUIDIGE GEBRUIK — Kantoorgebou: Ontvanger van Inkomste

BESKRYWING

Sesverdieping gebou met 'n sewende teruggesit vanaf die fasade waaroor 'n dak/pergola losweg 'dryf', aksentueerde sonbeheer binne 'n diep roosterpatroon bedek die hele fasade tussen terrazzo endmure, marmervloere met geometriese patrone in publieke gedeeltes, fyn vakmanskap tot toebehore.



Saam met die veel groter Provinsiale Administrasiegebou (q. v.) 'n uitsonderlike voorbeeld van die sogenaamde Brasiliaanse Modernisme wat teen die sestigerjare 'n groot invloed in Suid-Afrika uitgeoefen het en veral die werk van die arqitekte Brian Sandrock, Meirina & Naudè en Moerdyk & Watson kenmerk. Hierdie is 'n gebou van laasgenoemde. Sterk landmerk.

ADRES — Van der Waltstraat 348, h/v Skinner
ERFNOMMER — 617
HUIDIGE GEBRUIK — Onderwysbiblioteek: Staats Model School

BESKRYWING

Enkelverdieping H-vormige gebou met verandas tussen gegewelde bene, steil sinkdak onder 'n woud van ventilators op die nok en teen die dakhelling, ryk gelede mure van baksteen, pleister en sandsteen, veral tot gewels wat in spitselemente eindig, houtplafonne, hout- en granolietvloere. In goeie toestand.



Die gebou wat in 1896 in gebruik geneem is, vertoon al die kemerke van die argitektuur van die PWD onder Wierda: die vyfindeling van die hooffasade, die ryk vermenging van materiale, die aandag aan detail, die praktiese plan en die spesiale aandag wat aan die dak met al sy versierings gegee is. 'n Interessante feit is dat Moerdijk en Leith, wat later belangrike argitekte geword het, sowel as Pierneef hier van hulle skoling ondergaan het. Reeds 'n Nasionale Gedenkwaardigheid. Bron: Allen (1971), Meiring (1980). Oberholzer (1971), Picton-Seymour (1977), Rex (1956), RNG lêer 3/1/3/Pre/44, UP Dokurnentasie.

ADRES — Skinnerstraat 332
ERFNOMMER — 620/R & /1
HUIDIGE GEBRUIK — Stadsraad (elektrisiteitsafdeling)

BESKRYWING

Blokvormige dubbelverdieping woonhuis onder sinkdak, latere byvoegings soos afdakke; gepleisterde baksteenmure op baksteenplint, persstaalplafonne, hout-, teël- en granolietvloere, houttrap, kaggels en deure getuig van vakmanskap en is in goeie toestand soos res van die gebou. Plafonne benodig aandag.



Goeie voorbeeld van 'n stadshuis uit die begin van die eeu toe die Victoriaanse getaan het en daar veel met Art Deco eksperimenteer is. Die gebou is veral binne 'n ware versameling van bouelemente, vakmanskap en detail uit die tydperk. Uitstaande kenmerke is die teëlvloere, die trap, houtdeure en die sobere netheid van die geheelontwerp. Planne by Stadsraad.

ADRES Prinsloostraat 329, h/v Skinner
ERFNOMMER 3098
HUIDIGE GEBRUIK Woonstelle: Garforth House

BESKRYWING

Garforth House bestaan uit twee geboue: een, 'n vyfverdieping gebou onder 'n teëldak en die ander, 'n aanbouing van vier verdiepings met 'n platdak agter 'n borswering. Mure is gepleister en geverf en staalvensters is enkel omrand of in horisontale groepe verbind met rooi steenbande. Lang gange met staalhandrelings verbind woonstelle met portaal. Die muur, om eetkamer, buig sterk in om die ingang te vom, plafonne is gepleisterde beton en vloere is viniel of grano.





Die gebou(e) dateer uit die laat dertigerjare en is die werk van AK Scrooby (?). Daar is 'n definitiewe poging tot Modernistiese eenvoud, maar dit word opgehelder met aardse Decodrome: rande en bande om vensters, die dramatiese ingang, balustrades, ronde vensters. Die gebou is in 'n redelike toestand, maar kort aandag. Dit vom 'n uitsonderlike groep wat saam met die Impalagebou (q. v.) daarnaas 'n hele straatbloklengte beslaan.

ADRES Schoemanstraat 341
ERFNOMMER 2851
HUIDIGE GEBRUIK Winkels en kantore: Impalagebou

BESKRYWING






Vierverdieping gebou met 'n u-vormige simmetriese aansig na Schoemanstraat en 'n ewe simmetriese hoofaansig na Prinsloostraat. Platdak, gepleisterde en geverfde mure, betonplafonne en houtblokkiesvloer, afdak hang ver oor die sypaadjie.

Nog een van Burg, Lodge & Burg se vroeër geboue wat weifel tussen die Internasionale en Art Deco style: in konsep eersgenoemde, in gees en dekorasie is die verlangde egter Art Deco. Dit word verkry sonder uitspattigheid en het tot gevolg 'n sobere en (Pretoriase?) gebou in hierdie styl: effe geronde hoeke, fyn vensterbankdetails wat deurloop, die boonste verdiepings gelig op 'n podium van winkelfronte en daarvan geskei met 'n projeksie oor loopvlak, die aksentueerde trapskagte met glasblokke, die vlagpale ('n kenmerk van Burg), maar veral die prageenvoud van die ingang, waar die afdak en mure inbuig om dit aan te kondig en te vorm. Deel van groep saam met Garforth House (q. v.) en landmerk in goeie toestand. Bron: Burg, Doherty & Bryant.

ADRES Schoemanstraat 317
ERFNOMMER 571
HUIDIGE GEBRUIK Kantoorgebou (Ontvanger): Prospect House

BESKRYWING



Vierverdieping gebou met dak versteek agter borswering, siersteenbuitemure met sandsteenomrandings tot die hoofingang, sekondêre ingang, vensters en dakrand; sandsteen lyswerk, houtraam- en staalraamvensters.

Netjiese gebou in goeie toestand, funksionalisme verbloem agter vlak dekorasie om effe klassisisties daar uit te sien. Pragtige sandsteenwerk tot plint, vensters, muurlyste en veral om die hoofingang tussen twee Ioniese pilasters. Die eerste twee verdiepings word deur die dekorasie tot een verbind en van die ander geskei deur wyd projekterende lyste, alles verenig deur die ingangsdekorasie wat deur al die verdiepings strek. Dit verleen aan die gebou 'n grootsheid wat die skaal daarvan verloën. Die gebou is effens teruggesit vanaf die straat en

skep sodoende 'n klein, maar merkbare stedelike ruimte.

BLOK 22

| | |
|---|---|
| ADRES | Skinnerstraat 358, Prinsloostraat 326, 332 & 346 |
| ERFNOMMERS | 624/1 & 623/1, 623/2, 623/R |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise. |

BESKRYWING

Twee identiese skakelhuise in Skinnerstraat, simmetries om grenslyn met veranda op voorafvervaardigde kolomme. Rooi siersteenplint, verder gepleister en geverf. Geverfde golfplaat saaldak, houtrame vir vensters, houtdeure, staalplafonne, kaggels, 'n hoë portretlys en houtvloere is kenmerkend.



Soortgelyke skakelhuis te Prinsloostraat 326, verder twee woonhuise. Prinsloostraat 332: simmetriese straataansig met twee erkervensters met loodglaswerk weerskante van sentrale veranda wat rus op die kenmerkende voorafvervaardigde kolomme. Gepleisterde mure op rooi siersteenplint. Prinsloostraat 346: woonhuis. Soortgelyke detail, hoewel nie simmetries. Veranda breed met saamgestelde Ioniese kolommetjies op balustrademuur. Siersteenboog bo voordeur.

BELANG

Groepsbelang, met drie feitlik identiese skakelhuise naby mekaar. Die omgewing ondergaan tans nuwe ontwikkeling wat die huisegroep beslis bedreig. Toestand redelik tot swak, maar is herstelbaar.

| | |
|---|---|
| ADRES | Skinnerstraat 352 |
| ERFNOMMER | 623/3 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Skinner Flats |

BESKRYWING



Enkelverdieping, verboude gedeelte op straathoek, met drieverdieping gebou oos daarvan. Die groter gebou met gepleisterde mure op siersteenplint, met getande siersteenboog om ingang, twee woonstelle per vloer, sentrale trapskag, saaldak van geverfde golfplaat. Twee balkonne op die suisoostelike hoek intussen met aluminiumraam vensters toegemaak.

Die enkelverdieping gebou met saamgestelde saaldak in geverfde golfplaat, hout- en staalraam vensters asook enkele bewaarde persstaalplafonne.

BELANG

'n Moontlike voorbeeld van verdigting, met die hoekhuis as oorspronklike woonhuis; latere aanbouings aan die huis self en dan die klein woonstelgeboutjie. Toestand redelik tot bedenklik, maar ten volle herstelbaar. Bedreig deur ekonomiese omstandighede. Dokumenteer.

ADRES: Skinnerstraat 376, h/v van der Bijl
ERFNOMMER: 625
HUIDIGE GEBRUIK: Woonstelle: Constantia Court

BESKRYWING

Vlak U-vormige drieverdieping gebou met twee simmetriese gewels na Skinnerstraat en amper ewe belangrike simmetriese aansig na van der Bijl, projekterende hoofingang, rooi siersteenplint (grondverdieping) en -balkonne, pleistermure, (nou) toegeboude stoepe, betonplafonne en houtblokkiesvloere, kaggels en oorspronklike ligte. In redelike toestand.

BELANG



Die gebou wat in die dertigerjare (1936?) opgerig is, is die werk van JA Hofman. Dit is in die Art Deco/Arts & Crafts tradisie van argitekte wat nie die Modernisme nagejaag het nie en is saam met Orange Court en Tiny Town (beide ontwerp deur Horstmanhof) feitlik al wat van hierdie styl in Pretoria oorgebly het. Uitsonderlike kenmetke is die aandag wat die gebou aan beide strate skenk, die gemaklike vermenging van eklektiese elemente soos gewels, balkonne, stoepe en detail asook die daarstelling van 'n landmerk deur gebruik te maak van standaardmateriaal. Sou hierdie gebou in gevaar verkeer om gesloop te word, behoort dit eers tot in die fynste besonderhede gedokumenteer te word. Planne by Stadsraad.

BLOK 25

ADRES: Paul Krugerstraat 396-400
ERFNOMMER: 2939
HUIDIGE GEBRUIK: Bank en kantore: Bank van Lissabon en Suid-Afrika Sentrum



Agtienverdieping gebou wat uit twee verbinde blokke bo-op 'n tweeverdieping podium bestaan met bank, winkels en motoringang op die grondvlak. Die dak is plat waaroor 'n randpergola van beton. Die soliede mure is bedek met glasuurteëls en projekterende vensterbande aan die noorde- en suidekante is deurlopend. Die toestand is goed.

Deel van die noodsaaklike wand van Pretoriusplein wat meehelp om die Transvaal Museum as deel van die oop stedelike ruimte te bevestig.

| | |
|---|---|
| ADRES | Andriesstraat 371 |
| ERFNOMMER | 658 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Bakkery en Kantore |

BESKRYWING



Seweverdieping gebou met kort straatfasade en oor volle diepte van die erf opgerig. Die aansigbehandeling is eenvoudig en bestaan uit geaksentueerde betonvloerbande, siersteenbande en vensterbande onder projekterende betonblaaie en agter verstelbare vertikale sonhortjies. Die dak is plat. Die gebou is verander.

Een van die min oorblywende geboue van Helmuth Stauch (met Aubrey Nunn?) in hierdie gedeelte van die stad. Dit is 'n streng Modernistiese gebou met estetiese oorwegings beperk tot die skynbaar funksionele. Die terrazzoversiersels Op die fasade doen afbreuk aan 'n helder stelling. Bron: Stauch Vorster.

| | |
|---|---|
| ADRES | Skinnerstraat 241, h/v Andries |
| ERFNOMUER | 2962/R |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en kantore: Alphen |



Verneukeenvoudige sesverdieping blok om straathoek geneem met sterk horisontaal geaksentueerde en projekterende baksteenbalkonlyne. Die gebou is, behalwe vir die kafee op grondvlak, tans ongelukkig ontoeganklik.

Die pragtige eenvoud van die gebou maak dit 'n belangrike stedelike element, wat eerder die

straat as homself verhef. Dit verdien verdere studie.

ADRES: Skinnerstraat 229
ERFNOMMER: 3335
HUIDIGE GEBRUIK: Woonstelle: Glenalphine

BESKRYWING





Vyfverdieping gebou onder 'n platdak agter borswering verberg. Mure is van geelbruin siersteen met geelbruin kleiteëls in panele onder vensters en tot lang horisontale balkonne. Aan die straatkant projekteer laasgenoemde vlak weg van die fasade en gedeeltes is met glasvensters toegebou. Balkonne aan die oostevleuel is meer individueel en hang veel verder oor die fasadelyn. Vloerbande projekteer effens buite siersteenwande en sluit soms aan by pleisterbande om staalvensters. Die ingang van die L-vormige gebou is op die noordwestehoek. Dit lei deur 'n dubbele houtglasdeur tot 'n groot portaal waarvan die mure tot op omtrent 1 500mm met houtpaneelwerk uitgevoer is. Hieruit lei uitgange na die twee vleuels en die half wentelende trap in die binnehoek van die 'L'. Die vloere van die oop loopgange is met kleiteëls bedek. Die oop ruimte is opgeneem deur motorhuise en parkeerplekke agter die straatwand met 'n klein ommuurde tuintjie voor.

BELANG

Pragtige en goed opgepaste woonplek met vroeg gebruik van die materiale wat later kenmerkend van Pretoria sou word en die stad se Modernistiese argitektuur skerp van die van byvoorbeeld Johannesburg onderskei. Die gebou verdien verdere studie en dokumentasie. 'n Uitstaande kenmerk is die trap as 'skarnier' tussen die twee vleuels, hunkerend na die voorskrifte van die Internasionale styl, maar met pragmatiese erkenning van die ekonomiese werklikhede. Netjiese straatwand.

ADRES: Skinnirstraat 211
ERFNOMMER: 2859
HUIDIGE GEBRUIK: Museum, filmbiblioteek en restaurant: Didactagebou

Hoë drieverdieping gebou met onderste twee teruggesit agter 'n deurlopende glaswand en




voorafvervaardigde sonbeheerpanele aan die westepunt daarvan. Die gebou is op 'n podium gelig met deurlopende trappe na die ingange. Die dak is plat en mure is van terrazzo.

'n Netjiese, ongeinhibeerde funksionalisme kenmerk die gebou.

BLOK 26

| | |
|---|---|
| ADRES | Visagiestraat 266 |
| ERFNOMMER | 2919 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Hotel: Eaton Hall Private Hotel |

BESKRYWING




Twee parallele bloklte, waarvan die suidelike deel direk aan die sypaadjie grens en oor ses verdiepings strek, met gangverbindings na die noordelike blok, waarvan die noordoostelike deel agt verdiepings hoog en 'n latere aanbouing is. Die sentrale ingang is onder sterk projekterende balkonne van geverfde beton met pypwerktralies, en patryspoortvensters daarnaas. Mure is van rooibruin siersteen met gekrapte voeë, staalvensters kom in horisontale bane voor en die lateie is gepleister. 'n Plat dak is deurgaans gebruik (die suidelike blok se dak dien as wasgoed-droogarea), met beton op die ouer deel en geribte plaatmetaal oor die noordoostelike aanbouing. Kenmerkend van die ouer deel is houtblokkiesvloere, geprofileerde houtdeure, houtpanele op die binnemure wat nie geverf is nie en die trapskag met geronde hoeke naas die ingang. Hysbakke kom voor. Die nuwer blok verskil in afwerking van die ouer een; vinielteëls is op vloere gelê, terwyl die kamervloere van mat voorsien is.

Die enkel-, dubbelkamers en suites is weerskante van die gang, sommige met eie geriewe. Kommunale badkamergeriewe word voorsien en is langs skagte op elke vloer geleë.

BELANG

Die argitek van die oorspronklike gebou wat in 1938 voltooi is was Helmut Stauch (met Aubrey Nunn?). Die Internasionale siening is duidelik sigbaar in die fasade en in die funksionele uitleg, asook die strak vormgewing. Die vensterbane beklemtoon die strewe na horisontaliteit en gee



terselfdertyd uitdrukking aan die kolom-en-bladstruktuur. Die half versonke parkeerkelder is ook tipies. Die gebou is in redelik tot goeie toestand, en selfs na vyftig jaar se instandhouding met duidelike kenmerke van die oprigtingstyd.

Die familie Sherwood bedryf die besigheid sedert 1923, op die huidige terrein sedert die gebou se oprigting op die terrein van die ou Pretoria Konserwatorium in 1938. Die huidige eienares is 'n skoondogter van die voormalige eienaar, prof. E.T.G. Sherwood. Bron: Eienares, Stauch Vorster.

ADRES Skinnerstraat 287
ERFNOMMER 662/R
HUIDIGE GEBRUIK Teater en onderwyssentrum: TOD

BESKRYWING Dubbelverdieping klinkersteen gebou teen Skinnerstraat, met noukeurig geplaasde staalraamvensters wat afgewissel is met teëlwerk in horisontale bane; op die grondvlak 'n projekterende kantelblad as latei, en verdieping vensters onder breë dakoorhang. Die saaldak is van geverfde golfplaat. 'n Syvleuel strek ooswaarts agter die straatfasade, met teruggesette ingange op sykant.



Die teater, diep teruggesit, word bereik deur 'n baksteen-plaveide voetpaadjie met kronkelende patroonuitleg, begrens deur 'n opsteen baksteenmuur met ritmiese kronkellyn. Vormgewys is die teater die tipiese sirkelsegment, met 'n gekurfde rugkant en vernouende kantmure wat eindig in die verhoogskag. Hierdie vorm word ietwat verskuil agter die gekurfde muurvlakke op die oostekant, wat die lugreëlingstelsel en verhoogingang huisves.




Klinkerstene, soortgelyk aan diè van die Onderwyssentrum teen Skinnerstraat is op die buitemure gebruik, met enkele dramaties groot staalraamvensters in betonmramings. Deurlopende glasdeure in staalrame vorm die ingang, met daaragter die portaal met houtblokkiesvloere en geverfde paneelwerk. Die ouditorium is uitgevoer met skarlaken mat, met



stoffeerde sit-p lekke en skottelvormige ligskerms simmetries agter en kristal kandelaar in die middel van die skuins plafon. Die vloer trap terug op 'n betonblad, waarvan die soffiet sigbaar is. Swewende paneelwork verskuil ligte in die portaal en aangrensende ruimtes, met geponsde aluminium ligskerms in die gangruimtes. Ronde kolomme van wisselende deursnitte met keëlvormige kapitele met koperplaat bedekking. Teater-toebehore en verhoogskag, sowel as opsigterswoonstel op suidelike dak.

BELANG

Die Onderwyssentrum (opgerig in 1940) teen Skinnerstraat is deur Norman Eaton vir die DOW ontwerp en toon die tipiese Eaton aanslag tot detailering, wat hier sterk herinner aan die van Frank Lloyd Wright se Prairie huise. Die teater is teen 1960(?) voltooi as toevoeging tot die kultuursentrum vir onderwys, en is ook deur Eaton ontwerp. Hoewel feitlik al die toebehore en detailering binne goed behoue gebly het, is enkele buitemure later toegevoeg om dienste te akkommodeer. Dit het reeds 'n klein, maar bekende landmerk geword. As teater is dit 'n gebou van integriteit en besliste belang. Waterdigting en verfwerk (in die oorspronklike kleure) is nodig.

BLOK 27

| | |
|---|---|
| ADRES | Van der Waltstraat 360 |
| ERFNOMMER | 3104 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Biblioteek en kantore, UNISA: Samuel Pauw gebou |

BESKRYWING




Sesverdieping gebou op die hoek van van der Walt- en Skinnerstraat. Twee blokke verbind met trap- en hyserskag, toiletblok en glasverbindingsgange. Hoofingang met lae, projekterende ingangsraam in beton en glas, verhewe vloervlakke op mosaïek - oortrekte piloti. Badkamerteëls in mosaïekpatroon is op die laagste vlak van die eksterne mure aangebring, met glasbande in staal- en aluminiumrame oor al die verdiepings daarbo, maar net op die noordelike en suidelike aansig. Aluminium sonbeheer (horisontaal) kom op die

noordekant voor. By die noordoostelike straatfront (biblioteek) kom dieselfde ingangsraam van beton voor, hierdie keer met holkleiblokke en swewende trappe van terazzo op staaldraers. 'n Oop trapskag met gekurfde wandvlakke teen oostemuur. Vloervlakke binne is van teëls en gepoleerde terazzo; houtpanele kom teen sommige mure voor. Poeierblou en wit maak die sterkste kleurindruk.

BELANG

Die gebou dateer uit 1968 en toon 'n duidelike poging deur die argitekte - Meiring, Naudè en Sandrock in medewerking - om uitdrukking te gee aan Modernistiese tendense, selfs deur die gebruik van maniërismes (vergelyk met vele voorbeelde op UP-kampus). Aandag is veral gegee aan die ontwerp van detail soos ingeboude meubels en toebehore. Deur die gebou effens terug te plaas, word daarin geslaag om die hoek te omskryf en te versag met 'n tuingedeelte. Die Skinnerstraat fasade bereik egter die sypaadjie en dui dus op die diversiteit in vorm wat Modernisme binne strak massa bereik. Die gebou verkeer in 'n goeie toestand, met byna geen ooglopende veranderings nie. Dit is 'n stedelike en argitektoniese landmerk op die hoek.




ADRES Visagiestraat 328
ERFNOMMER 3345
HUIDIGE GEBRUIK Skool: Hamilton

BESKRYWING




Dubbelverdieping gebou onder 'n steil sinkdak. Twee prominente gewelvleuels projekteer vanaf die hoeke en die gebou word sentraal bereik deur 'n portiek waaroor 'n balkon. Mure is van rooi baksteen, horisontale lyswerk van sandsteen en kalfstandwerk van dieselfde materiaal, nou geverf. Die gewellaag is van hout waarvoor eenvoudige windvere. Vensters is nou staal. 'n Groot dakoorhang op houtstutte rond die gebou bo af en die geheel is effens gelig op 'n lae fondamentmuur van rugekapte klip. 'n Saal is later skuinsagter die gebou opgerig. 'n Hoë straatheining perk die gebou nou op sy erf.

Die Staats Meisjes School is in 1894 gestig. 'n Begin is met die oprigting van die skoolgebou in 1897 gemaak en dit is in 1899 voltooi. Dit was

een van die meer rustige ontwerpe van die PWD, hoewel die kenmerkende vyfindeling van die fasade en dieselfde materiaalgebruik ook hier voorkom. Tydens die oorlog is dit as 'n militêre hospitaal gebruik en in 1902 is dit eers weer as skool, die High School for Girls, hervestig. Dit is 'n Nasionale Gedenkwaardigheid en in 'n goeie toestand. Die groot oop gebied op die hoek van Prinsloo- en Visagiestraat verdien aandag. Bron: Allen (1971), Kuijers (1985), Meiring (1980), Picton-Seymour (1977), RNG-1êer 3/1/3/Pre/3.

| | |
|---|---|
| ADRES | Prinsloostraat 357, h/v Skinner |
| ERFNOMMER | 670 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Skoolkliniek: H V Bird-gebou en ander |

BESKRYWING





Kompleks van drie geboue agter 'n straatmuur wat om die hele hoeklengte van die eiendom strek. Twee van die geboue is saam in 1938 (hoekstene) opgerig en die derde is tussen hulle op 'n later datum, moontlik in die vyftiger jare, voltooi. Die ouer geboue rig een na Skinnerstraat en die ander na Prinsloo.

Eersgenoemde bestaan uit drie verdiepings onder 'n lae helling teëldak. Mure van verskillende kleure siersteen rus Op 'n donkerblou siersteen fondamentmuur. Staalvensters van verskillende groottes kom in ritmiese afwisseling of groepeerde trios voor. Die twee projekterende flanke na Skinnerstraat is elk versier met 'n erker en 'n dubbele lengte sandsteenlys projekteer bokant die vensterlyn op grondvloer. Die gebou is simmetries en in 'n goeie toestand.

Die H V Bird-gebou, wat na Prinsloostraat front, is kleiner. Dit is ewe-eens simmetries hoewel een van die vooringange later toegebou is. Twee kort gewelvleuels rig na'. die straat. Mure is van 'n hele versameling siersteen - kleur, sowel as tekstuur - en veral op die gewelente is die stene op 'n hoogs eksperimentele wyse aangewend om sterk skulpturele fasades onder die (nou?) sinkdak te vorm. Geverfde sandsteen(?) lyste loop om die deur en vensters op grondvlak en bo die vensterye van die suidelike en noordelike

fasades. Die gebou is in 'n redelike toestand, maar kort opknapping.

Die derde gebou is vyf verdiepings hoog en versigtig tussen die ander twee ingedruk. Dit strek oor die hele oos-weslengte van die erf. Dit is 'n streng blok, gebou van rooi siersteen met ritmies geplaasde staalvensters en 'n trapvenster wat deur al die verdiepings sny. Die ingang, nou in onbruik, is in Prinsloostraat waarheen die gebou, behalwe vir die groot ingangsdeur, 'n toe, amper vensterlose fasade wys. Dit is in 'n goeie toestand.

BELANG



Hierdie is 'n uitsonderlike groepie geboue wat deeglike verdere ondersoek benodig. Uitstaande kenmerke is die unieke gebruik van siersteen wat soms die indruk wil skep dat dit sonder enige beplanning gedoen is, en net daarnaas die hoogs oorspronklike en skulpturele aanwending van dieselfde materiaal. Dit is opgerig toe die Internasionale styl hoogty in Pretoria gevoer het, maar is skynbaar onbewus daarvan. Die tuingedeelte verdien aandag. Die middelste blok herhinner sterk aan die Weerkundegebou op die kampus van die Universiteit van Pretoria. Laasgenoemde is deur Fleischmann vir die DOW gedoen. Hier vind ons dieselfde Internasionale strewe en DOW materiale gekombineer in prageenvoud. Hoekgroep van waarde, ook Vera1 in verhouding tot Garforth House (q. v.) en Impalagebou (q. v.) oorkant Skinner- en langs Prinsloostraat.

BLOK 28

| | |
|---|---|
| ADRES | Du Toitstraat 375 |
| ERFNOMMER | 2943 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kerksentrum: First Church of Christ, Scientist |

BESKRYWING

Hoofsaaklik twee geboue, 'n vroeëre woonhuis en die kerkgebou met buitegeboue. Eersgenoemde bestaan uit gepleisterde baksteenmure op 'n rooi siersteenplint, met 'n projekterende veranda, alles onder 'n golfplaat saaldak. Houtraamvensters met loodglaswerk en houtdeure, kaggels, persstaalplafonne en houtvloere.



Die kerkgebou is 'n lang basilika-tipe met voorafvervaardigde kolomme wat die binneruimte verdeel; 'n mansard plafonlyn word gevorm deur gipsbord panele, hoewel die daklyn gewoon 'n staandak is. Simmetries om die ingang, met reeks boë voor, steunbere teen die lang mure met pare vensters in staalrame tussen die bere. Talle Kirkness-produkte is gebruik, soos steentjies vir die talle gemesselde sluitstene, die rooi siersteen van die plint en bere, sowel as randteëls op die steunbeer vertrappings. Die gewelente word omraam deur vertrappings van rooi siersteen in soldaatlaag. Buitegeboue sluit in sondagskool, stoor en waskamers. Dit is in 'n redelike toestand

BELANG

Kultuurhistoriese belang van die gebouegroep lê by die kerkverband, met argitektoniese waarde by die gebruik van detail en Kirkness-produkte (hoewel sommige vervang is). Die gebou is deur de Zwaan ontwerp en in 1923 deur die bouers Ramsey & Alexander opgerig. Bron: Kuijers (1985), Meiring (1980).

| | |
|---|---|
| ADRES | Du Toitstraat 365 |
| ERFNOMMER | 807/R/2 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Winkels en kantore: Berrals |

BESKRYWING

Winkels op straatvlak onder breë kantelblad, met vier verdiepings daarbo, laasgenoemde simmetries om die trap- en hysbakskag gerankskik. Tipies geartikuleerde straataansig van geverfde beton, gepleisterde baksteen en holkleiblokke in betonomramings; mosaïekteëls op onderste vlak. Staalraamvensters, houtdeure met glas, vloere van glanspoleerde terazzo- en granoliet met plat golfplaatdak versteek agter borsweringmure. 'n Staal spiraaltrap op westemuur.




Die gebou is taamlik teruggesit van die *hoofverkeersroetes*, tog binne sig van Esselenstraat. Hierdie ligging maak dit juis gesog vir kantoorgebruik, hoewel dit as 'n woonstelgebou ontwerp en gebou is. Hierdie omskepping is 'n belangrike *stedelike verskynsel.* Die fasade toon 'n duidelike samestelling van Modernistiese elemente (hoewel simmetries) en is as 'n landmerk op

hierdie amper chaotiese punt van groot belang. Die stedelike 'gat' wat hier tussen die middestad en *Sunnyside* gelaat is, behoort aandag te kry in die toekoms om diè twee belangrike gebiede hegter te verweef. Dit is in 1958 opgerig en is ontwerp deur die firma Smit & Viljoen. Toestand is redelik. Bron: UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Skinnerstraat 379 |
| ERFNOMMER | 806/1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Munitoria Kommando |

BESKRYWING

Klein woonhuis met gepleisterde mure en saaldak, veranda op voorafvervaardigde kolomme waartussen tans met steen toegebou. Dubbelverdieping aanbouing agter. Oop gange met lae balkonmure, enkelkamers. Die gebou het drastiese en onsimpatieke verandering ondergaan.

Dit is 'n verdere goeie voorbeeld van vroeë verdigting in Pretoria, vergelykbaar met diè van Hofmeyer-huis (q. v.). Toestand redelik vervalle. Dokumenteer.



*1985

BLOK 30

| | |
|---|---|
| ADRES | Du Toitstraat 388 |
| ERFNOMMER | 821/1 &/4 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle en winkels: Lievaardtgebou |

BESKRYWING

L-vormige dubbelverdieping gebou op straathoek onder 'n steil kleiteëldak. Mure op eerste verdieping van rooibruin siersteen met prominente voegwerk waarin staalvensters (oorspronklik hout soos een oorblywende aantoon) binne projekterende pleisteromrandings. Vensters word afgewissel met klein balkonne (sommige toegebou) met soortgelyke pleisterrande om openinge en balustrademuurtjies van voorafvervaardigde betonpilaartjies.




Straatdak op voorafvervaardigde kolomme oor die volle wydte van die sypaadjie wat plavei is met afwisselende swart en grys betonblokke.

| | |
|---|---|
| | Urns op straatdakrand bo elke kolom met geronde pediment op die draai van die straat. Winkelvensters van hout in mure bedek met bruin en groen glasuurteëls (sommige toegeverf, soos ook die glas). Winkeldeure van hout in klein inhamme in die winkelfront. Ingang tot die woonstelle vanaf die suidwestehoek deur klein portaal en trap - hier het houtdeure, -vensters, -handrelings en -paneelwerk goed behoue gebly. Woonstelle word bereik vanaf wye gang met siersteenbalustrade. 'n Brandtrap lei van hier na die agterplaas waarin ook die winkelstoorkamers vanaf die gebou projekteer. |
| BELANG | Die gebou waarvan die hoeksteen op 1 Desember 1925 deur mev MA Lievaardt gelê is, is 'n uitstekende voorbeeld van die kommersiële argitektuur van die tyd. Dit is feitlik onveranderd of kan maklik tot die oorspronklike toestand teruggeneem word. Dit is op 'n klein erfie en ontwikkeling behoort, met die nodige belangstelling, geen gevaar vir die voortbestaan daarvan in te hou nie. Swak gedeeltes en die onsimpatieke verfwerk behoort dadelik reggestel te word en die gebou moet gedokumenteer word. |

BLOK 31

| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat |
| ERFNOMMER | 2573 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Stadsplein: Pretoriusplein |
| BESKRYWING | Groot, oop plein tussen Stadsaal daarop, die Transvaal Museum oorkant Paul Krugerstraat en kantoorgeboue aan die suide- en noordekante. Die oop gebied is formeel uitgelê met tuine, fonteine en die ruiterbeeld van Andries Pretorius deur Coert Steynberg. |
| BELANG | Hierdie is een van die grootste pleine in Pretoria en een waarvan die potensiaal nog nie ten volle uitgebuit is nie. Die grootste gebrek is een van definisie; veral aan die suide- en noordekante en oor die suidoostehoek word die ruimte nie genoegsaam geperk om die pleinkwaliteit te verseker of te versterk nie. Die tipies gemiddelde seweverdieping gebouhoogtes |




behoort uitgebrei te word om die ruimte te definieer.

Beplanting op die plein en op die sypaadjies daarnaas verdien verdere aandag: groot bome aan die soon en 'n meer bruikbare tuinuitleg kan van die plein 'n lewendige plek maak, in stede van die oop kruispad wat dit op die oomblik is.

BLOK 32

ADRES Paul Krugerstraat 432
ERFNOMMER 713-715, 731-733
HUIDIGE GEBRUIK Museum: Transvaal Museum

BESKRYWING



Langwerpige, drieverdieping gebou met simmetriese aansig en ingang in sentrale corps avant na Paul Krugerstraat. Grondverdieping neem die val van die terrein in ag en vorm 'n eenvoudige plint met klein vierkantige vensters en ruklip tot die ander verdiepings. Geboogde vensters op eerste vloer en reghoekiges op tweede vloer is diep teruggesit agter swaar kolomme wat deur beide verdiepings strek en 'n breë dakrand ondersteun. Die hele oosfasade, ingangstrappe en opgeboude straatmuur is van sandsteen terwyl symure van siersteen en ander van gepleisterde baksteen gebou is. Smeeyster balustrades tot stoep en balkon asook tot lampe voltooi die straatfasade. Die dak is agter 'n borsweringmuur versteek.



Die interieur bestaan uit eenvoudige groot sale wat aan weerskante van 'n dubbelvolume sentrale portaalruimte wat deur die hele diepte van die gebou strek, geplaas is. Die portaal word oordek deur gewelfde plafonne wat op gelede sandsteenpylers met prominente kapitele en eenvoudige kolomme rus. Gewelfde plafonne tot die gangruimtes op eerste boonste en plat plafonne op laer verdieping om portaal. Muurvlakke is gepleister en versier deur groepeerde pilasters en omlystlngs tot vensters en deure van sandsteen. Houtpaneel-, houtpaneel met glas bopaneel- en dubbel hout-en-glas dubbeldeure wissel mekaar af. Vensterrame is staal.

| | |
|---|---|
| BELANG | Die Transvaal Museum is in 1913 voltooi na 'n ontwerp van die DOW (Cleland?). Dit is 'n grootse gebou met pragtige sandsteen detailering, stewige en eenvoudige bouelemente wat terugsit vanaf die straat en vorm saam met die Stadsaal aan die westekant 'n definitiewe en sterk wand tot Pretoriusplein.<br><br>Die tuingedeelte aan die weste- en noordekante verdien aandag. Beplanting is deurmekaar en ad-hoc en kort samevatting. Dieselfde geld vir die oop ruimte en tydelike geboue aan die agterkant. Ook die staalheining op die suidwesgedeelte doen afbreuk aan die gebou se betrokkenheid by die groot stadsplein. Bron: Bulletin van die Transvaal Museum (1972). Greig (1971), Kuijers (1985) en Pretoria Stadsraad (1962). |

| | |
|---|---|
| ADRES | Andriesstraat 445, h/v Minnaar |
| ERFNOMMER | 3279 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Stellenberg |

BESKRYWING



Drie- tot vierverdieping woonstelgebou met sentrale ingang. Die gebou bestaan eintlik uit twee aparte dele, wat op verskillende tydperke en met verskillende benaderings gebou is. Die noordekant is die oudste en bestaan uit 'n eenvoudige geelbruin siersteen blok met aaneenlopende, geverfde lateie en balkonne aan die oostekant wat gerond na die fasade terugbuig; 'n soortgelyke hantering van balkonne kom op die noordekant voor. Dele van die balkonne is toegebou. Die dak is versteek agter 'n korbeelde borsweringmuur.

Die suidekant is weer L-vormig en buig die gebou om na Minnaarstraat. Dit is vier verdiepings hoog met deurlopende vensterbande en kleiteëlvensterbanke. Die plat dakrand is ook met kleiteëls afgewerk. Die suidefasade bestaan uit 'n eenvoudige sekondere ingang en groepe ronde, en vierkantige vensters binne pleisteromrandings. Die twee flanke word verbind deur die ingangsportaal, trappe en tuinmuurtjies waaragter 'n smal en onontwikkelde tuingedeelte.

Woonstelle word agter en binne die arms van die twee 'L'e' langs oop loopgange, waarvan die

detailering verskil, bereik. Voorsiening vir verdere aanbouing is reeds met die oprigting van die tweede gedeelte gemaak . Geraamde houtdeure en staalvensters kom in albei dele voor hoewel hulle van voorkoms verskil. Motors kan in die agterplaas parkeer word. Die gebou is in 'n goeie en netjiese toestand.

BELANG

Hierdie is 'n uitsonderlike gebou wat verdere studie en ondersoek regverdig. Nie alleen is twee stadia van die Modernistiese, die stilistiese en die pragmatiese, hierin vervat nie, maar die ontwerper het met gemak geslaag om om die twee tot 'n eenheid saam te snoer. Die gebruik van steen, in plaas van die verwagte pleister, in die ouer gedeelte is 'n ander aspek wat aandag verdien. Detailering is eenvoudig, maar treffend. Dit vorm 'n stylvolle en stewige wand tot Burgerspark. Die strooktuin verdien aandag.

ADRES — Visagiestraat 235, ook Minnaarstraat 234
ERFNOMMER — 2798 & 735
HUIDIGE GEBRUIK — Verhuurbare losies: AJO-sentrum

BESKRYWING





Vyfverdieping E-vormige siersteengebou onder lae helling sinkdak met oorhange aan die sykante. Staalvensters in horisontale bande word op die hoeke beperk deur gepleisterde muurvlakke. Die ingang is op die noordoostehoek. Loopgange binne die arms van die 'E', om howe waarin bome en parkering voorkom, verbind kamers en badkamers. Houtdeure in staalrame is in pare groepeer.

Die grootte van die sentrum is later meer as verdubbel deur 'n groot aanbouing op die suidwestekant van die terrein. Hierdie aanbouing bestaan uit 'n kolom-en-balk struktuur waarbinne panele venster- en baksteenvlakke. Oop gepleisterde balkonne tot sommige kamers aan die oostekant en oop loopvlakke met staalbalustrades aan die westekant. Die ingang is op die suidwestehoek.

'n Verdere gebou kom op die terrein voor. In die suidoostehoek op erf 735 is daar 'n oorspronklike woonhuis met pleistermure, houtvensters en plankvloere waaraan later 'n dubbelverdieping siersteen gedeelte aangebou is

om die aantal kamers meer as te verdubbel. Die res van die terrein bestaan uit tuine en 'n parkeerruimte.

BELANG

Die oorspronklike gebou is deur die argitek H Vermooten ontwerp en in 1953 voltooi. Dit is 'n eenvoudige en funksionele gebou wat duidelik opgerig is met die doel om in 'n noodsaaklike behoefte te voorsien en nie om grootse argitektuur daar te stel nie. Dit is nogtans 'n uitstekende voorbeeld van die funksionalistiese moderne en vorm 'n netjiese, nodige en argitektonies onopdringerige wand tot die straat wat veral aan die museumkant slegs deur die straatmuur gedefinieer word.

BLOK 33

ADRES Visagiestraat 251
ERFNOMMER 2930
HUIDIGE GEBRUIK Kerk

BESKRYWING



Seshoekige hoofkerk, word deur konsistorie en gange verbind met die kerkkantore en Baker Hall. Dit is gebou van rooi ru-siersteen op 'n blou siersteenplint en die hoeke en vensters is sterk geartikuleer in beton brut. Koperdakvere (geute), afleipype en reënwateropvangbakke omlyn die vorm nog duideliker en die geheel word oorheers deur die groot kroonelement en kruis op die dak. Die hoeksteen is in 1970 gelê en die kerk is deur Gordon Ellis ontwerp. Dit het die pragtige ou Metodistekerk vervang wat na 1971 plek moes maak vir De Bruynpark.

Dit skep saam met die Burgerspark NG Kerk (q. v.) en ander stil geboue langs Burgersparksteeg die ideale situasie Om die straat tussen stad en park te ontwikkel met die Vrymesselaarslosie (q. v.) aan die einde daarvan.

ADRES Visagiestraat 271
ERFNOMMER 721
HUIDIGE GEBRUIK Gesondheidskeikunde laboratorium

| | |
|---|---|
| BESKRYWING | Vierkantige hoofgebou met eenvoudige simmetriese voorfasade met twee erkers; twee vleuels, een langs Visagiestraat en een langs die hele lengte van die erf na Burgersparksteeg onder staandakke met goeie oorhang. Dele is duidelik later aangebou maar verhef die oorspronklike eerder as om afbreuk daaraan te doen. Die vleuel na Burgersparksteeg eindig in 'n dubbelverdieping kothuis langs die laan. Prominente skoorstene verklap die funksie van die netjiese gebouegroep. Skuifraam houtvensters, afgewissel met swaairaam staalvensters, komplementeer mekaar in die pleistermure. Die gebou word van Visagiestraat geskei deur middel van 'n gietysterheining in goeie toestand en bereik deur 'n pragtige hek van dieselfde materiaal. |



| | |
|---|---|
| BELANG | Die gebouegroep vorm saam met die twee kerke daarnaas 'n rustige gedeelte van Visagiestraat en verhef die potensiaal om Burgetsparksteeg as oorgang tussen stad en park te ontwikkel. Die geboue getuig van goeie en onpretensieuse ontwerp wat funksie en styl op 'n onselfbewuste wyse bymekaarbring. Die gietysterheining is in 'n baie goeie toestand en heeltemal in die gees van die Burgersparkgebied waar dit ge-eggo word in ander Victoriaans-Edwardiaanse oorblyfsels soos die orkesverhoog, die opsigterswoning en Melrosehuis (q. v.). Die tuingedeelte skakel aan by die van die twee kerke en kan met groot vrug ontwikkel word om Burgerspark sonder enige groot koste tot teen Visagiestraat "uit te brei". Die oop gebied tussen die gebou en die Metodistekerk kort aandag om die parkgedagte deur te voer. |



| | |
|---|---|
| ADRES | Visagiestraat 283 |
| ERFNOMMER | 2907 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kerk |
| BESKRYWING | Ekspressiewe struktuur van beton brut met geartikuleerde rooi siersteen invulpanele en geverfde staalvensters. Die hele suidemuur is effens konsertina en bestaan uit 'n groot beton-en-glas paneel. Die swart leidakteëls word afgeneem teen die boonste gedeelte van die mure. 'n Prominente toringstruktuur - ook in rubeton - 'n dig beplante tuin en los tuinmure |



aan die Visagiestraatkant en 'n parkeerplek onder bome aan die parkkant.

Die kerkgebou is in 1969 ingewy en is ontwerp deur Daan Kesting Vennootskap. Dit is in die ekspressiewe Moderne Styl met botone van die werk van Louis Kahn. Dit is belangrik as deel van die moontlike oorgangsgebied tussen park en stad en die tuine kan maklik aangeskakel word met die van sy bure aan die westekant.

ADRES Burgersparksteeg 288 en 290
ERFNOMMERS 723/3 en 724/2
HUIDIGE GEBRUIK Woonhuise

BESKRYWING Twee wonings daterend uit die eeuwenteling met spitsdakke, gewel- en dakventilators, windvere en verandas naby aan die straat gebou en daarvan afgeskei deur middel van heinings.



724/2

As gevolg van drastiese verandering wat beide hierdie huise met die tyd ondergaan het beskik hulle oor geen merkwaardige argitektoniese belang nie en vereis nie bewaring nie. Wat wel van groot belang is, is die huishoudelike skaal wat 'n oorgang tussen die hoë geboue van die stad en die park langs Burgersparksteeg skep. Al die geboue langs die straat eerbiedig die skaal en toekomstige ontwikkeling behoort die status quo in ag te neem.

Die straat kan maklik as oorgangsgebied tussen geboue en park ontwikkel word.

BLOK 34

ADRES Van der Waltstraat 424
ERFNOMMER 2752
HUIDIGE GEBRUIK Vrymesselaarlosie

BESKRYWING Reghoekige enkelverdieping gebou. Hoë gegolfde plaatmetaaldak met prominente nokventilators word deur die voorfasade na Van der Waltstraat verberg. Die buiteafwerkings is gelede pleistermure en staalvensters. Redelike toestand alhoewel die dakmateriaal opknapping benodig.



In die Vrymesselaarslosie word direkte funksionaliteit en stilistiese pretensie verweef om 'n dramatiese en sterk stedelike stelling te maak. Die geboutjie rig na die straat 'n vername en onmisbare klassisistiese fasade wat sy grootte verloën. Dit is direk langs die sypaadjie en oorkom so die probleem dat dit vandag ingedruk is tussen 'n hotel en 'n woonstelgebou - tog is dit hierdie geboutjie wat mens na een rit in die straat verby onthou, en nie sy veel groter bure nie.

Die geboogde ingangshek word beklemtoon deur 'n gebroke geronde pediment wat op twee opvallende Ioniese kolomme rus. Hiernaas word die simmetriese fasade verder geartikuleer deur middel van rustiekwerk, klein omraamde vensters en swaar lyswerk. 'n Klein, maar belangrike landmerk wat voor 1888 (Kuijers) opgerig is. Bron: Dunston (1975), Kuijers (1985), Picton-Seymour (1977).

TUSSEN BLOKKE 34 en 37

| | |
|---|---|
| ADRES | Minnaarstraat |
| ERFNOMMER | 2977, 740, 2905 (noord) & 2754, 750/R/5, 751/R/3 & 7, 2843, 3208, 754/1 & /2 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Verskeie |
| BESKRYWING | Kort straat tussen van der Walt- en Prinsloostraat, oorheers deur reuse platane met geboue teruggesit vanaf die straatgrens. |
| BELANG | Die ruimtelike kwaliteit van hierdie straatheel is amper uniek in die stad. Dit word gevorm deur die plataanbome en die feit dat die straat ingeperk word aan beide die ente daarvan. Dit skakel verder met Burgerspark en verleng die groen oase na die ooste. |



Verskeie geboue kom langs die straat voor. Die Burgerspark hotel draai ongelukkig 'n dooie fasade na 'n pragtige uitsig en die oop parkeerterrein oorkant verbreek die gekonsentreede beeld. Ander geboue dra by om die ruimte te versterk, of hulle nou van groot belang is of nie.

Toekomstige ontwikkeling langs hierdie straat is van die grootste belang en moet met omsigtigheid en 'n duidelik gedefinieerde strategie aangepak te word. Grenseienaars behoort aangemoedig en gehelp te word om die beeld te verhef en die sypaadjies, wat tans in 'n swak toestand is, moet in die geheelbeplanning geinkorporeer word.

BLOK 35

| | |
|---|---|
| ADRES | Minnaarstraat 207, h/v Paul Kruger |
| ERFNOMMER | 743/R: op jongste kaart geruil met 743/2 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kantoorgebou: Paulhof |



Seweverdieping gebou onder 'n plat dak, siersteenrnure en diepprojekterende sonbeheer raamwerk van geverfde beton. Staalvensters is in eenvoudige ritme geplaas. Winkels op die grondverdieping aan die Paul Krugerstraatkant met straatdak oor sypaadjie. Die ingang is in Minnaarstraat.

Deel van . die straatwand tot Paul Krugerstraat en dra by om Pretoriusplein te definieer.

| | |
|---|---|
| ADRES | Paul Krugerstraat 476 |
| ERFNOMMER | 743/2: op jongste kaart geruil met 743/R |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kommersieel en woonstelle: Maryanas |

BESKRYWING

Seweverdieping gebou met sterkeenvoudige betonraamwerk van balke en kolomme na die straat gerig. Vertikale metaalhortjies en blou siersteen balustrades tot balkonne vul die ruimtes binne die raamwerk. 'n Straatdak projekteer oor die sypaadjie waarlangs winkels en die ingang deur 'n klein binnehof na die woonstelvleuel agter.



As deel van die straatmuur langs Paul Krugerstraat en 'n goeie voorbeeld van skynbaar suiwer funksionalisme lê die kwaliteit van hierdie gebou in die nadruk op verhoudings, goeie buurmanskap en ruimteskepper eerder as ruimtenemer in die stad.

ADRES Paul Krugerstraat 484, h/v Jacob Mare
ERFNOMMER 755
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel & Kantore: Generaal Pretoriusgebou

BESKRYWING Sesverdieping gebou bestaande uit vier blokke, haaks tot die straat en verbind deur gange. Siersteenmure aan straatkante met geverfde pleisterrnure tot die boonste verdieping en volledig gepleisterde mure agter gange. Staalvensters in eenvoudige ritme, maar groepeer binne vertikale omrandings op die gewelfasades na Paul Krugerstraat. Die ingang is teruggesit vanaf die straatdak agter groepeerde sandsteenkolomme. Goeie toestand.




Deel van die sterk 'muur' langs Paul Krugerstraat.

ADRES Jacob-Marestraat 218
ERFNOMMER 756
HUIDIGE GEBRUIK Kerkkantoor: Barton Keep

BESKRYWING Groot dubbelverdieping stadshuis onder 'n hoë sinkdak, wat oor die mure projekteer en deur houtstutwerk ondersteun word. 'n Hele versameling nokruiters, 'n uitgeboude daklig en fasseteerde wolfente vorm saam met die toringdak van metaalskubbe en die breë veranda, die sterkste kenmerk van die huis. Muurafwerkings is meestal van sementkleurige rupleister, maar verder versier deur middel van steen en klipbande, pleisteromrandings tot sommige vensters en die stewige klip-en-pleister toring aan die kant van Jacob Maretraat. Skoorstene, balustrademure en houtsierwerk tot die veranda voltooi die geheel. Twee oorspronklike palmbome kom nog in die tuingebied, nou plavei, voor en die gebou is van die straat afgesluit agter 'n hol staalheining.



BELANG Die huis waarvan die bouwerk in 1887 'n aanvang geneem het, is opgerig deur B P Bourke, die eerste burgemeester van Pretoria. Vir die doel het hy van Hollandse argitekte (?) en bouers gebruik gemaak, nadat hyself die land en Engeland besoek het, om onder andere materiaal aan te koop.



Die huis is 'n rare voorbeeld van die romantiese skyn-Middeleeuse styl van die tydperk, met sterk koloniale oorlegte. Dit is saam met Melrosehuis (q. v.) die enigste van die waarlik baroniale stadshuise wat in die eens baie stylvolle Jacob Marestraat oorgebly het, en verdien om tot sy volle glorie herstel te word. Alhoewel in 'n redelike toestand en steeds in gebruik, verdien die onsimpatieke behandeling van die tuingebied en die staalheining aandag. Dit behoort moontlik te wees om die tuin te herstel, en genoeg foto's van die oorspronklike straatheining bestaan, om selfs hierdie detail terug te plaas. Een van die min argitektoniese en kulturele monumente van Pretoria. Bron: Allen (1971), Kuijers (1985), Meiring (1980), Picton-Semour (1977), Pretorius (198l), RNG-lêer 3/1/3/Pre/17, UP Dokumentasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Jacob-Marestraat 232 |
| ERFNOMMER | 758 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle & Kamers: Ferol Mansions |

BESKRYWING



Vyfverdieping U-vormige gebou om tuin gevou. Mure van siersteen en geverfde pleister, met die noordelike vleuel, wat uit verhuurbare kamers bestaan, in geheel van laasgenoemde behandeling: horisontale vensters vlak in muurvlakke. Balkonne, later toegebou, projekteer buite muurvlak aan die suide- en oostekante. Die ingang aan die suidwestehoek word bereik deur 'n sterk projekterende geboë dak en die portaal word verlig deur middel van ronde vensters en glasblokke wat oor al die verdiepimngs strek. Woonstelle en kamers word langs oop loopgange bereik en die drie gedeeltes van die 'U' is van mekaar geskei deur dubbele hout swaaideure. Parkering in 'n semikelder aan die noordekant. Die toestand van die gebou is goed.

BELANG

Een van die min voorbeelde van 'n woonstelgebou kombineer met verhuurbare kamers wat nog bestaan en dui op 'n vroeëre behoefte van huisvestiging. Die gebou is verder 'n goeie voorbeeld van die Internasionale styl met al die aanvaarde detail daarvan. Behoort gedokumenteer te word.

| | |
|---|---|
| ADRES | Jacob Marestraat 238 |
| ERFNOMMER | 759/1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Verhuurbare kamers: Anneks tot Frozeno Residensie |
| BESKRYWING | Groot woonhuis onder 'n hoë sinkdak, oortrek met spitsversierings. 'n Straatgewel en veranda op voorafvervaardigde kolomme strek om twee kante van die gebou. Die lae stoep is later ingehok deur balustrademuurtjies tussen die kolomme. Die oorspronklike houtvensters is nog meestal in posisie; dubbel swaaideure maak op die veranda oop. Die voordeur is langs die gewel en lei na 'n breë gang wat deur die lengte van die huis strek. Die gewel is versier met 'n elaborate windveerkonstruksie, 'n geboë houtventilator en drie smal houtvensters saamgroepeer. Mure is gepleister en geverf op 'n lae fondamentmuur van klip. 'n Buitegebou kom agter op die erf voor. Die geheel is verwaarloos, maar herstelbaar. |





Uitstekende voorbeeld van die na-Victoriaanse stadshuis in aanvaarbare toestand om deeglik te dokumenteer en restoureer; laasgenoemde ingryping slegs moontlik indien verslappings of aanvaarbare alternatiewe aan die eienaar voorsien kan word. Veral die trotse gewel met pragtige verhoudings, die knakdak en die houtsierwerk is spesiale eienskappe. Ook tipologies, deur herbenutting, van belang.

| | |
|---|---|
| ADRES | Jacob Marestraat 240 |
| ERFNOMMER | 759/R |
| HUIDIGE GEBRUIK | Verhuurbare losies: Frozeno Residensie |

Eenvoudige vierverdieping gebou oor die hele diepte van die erf. Buitemure is van siersteen met klein houtswaaivensters onder 'n spits sinkdak. Die trapskag is effens uitgebou. Die ingangsportaal/ontvangsruimte, eetsaal, kombuis en klein kantoor is op die grondvloer. Die kamers is aan weerskante van 'n deurlopende gang met gesamentlike badkamers naby die trapportaal.





Hierdie streng eenvoudige gebou getuig van funksionaliteit wat geen aanspraak op styl of mode maak nie. Dit is 'n skaars voorbeeld van 'n ware losieshuis en verdien minstens deeglike dokumentasie en 'n kultuurhistoriese ondersoek.

| | |
|---|---|
| ADRES | Andriesstraat 471 |
| ERFNOMMER | 2758 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Jack Hill |



Sesverdiepingblok langs straat met 'n seweverdieping blok na agter, verbind deur die trap- en hyserskag. Deurlopende venster- en geverfde pleisterbande aan die straatkant met meestal bruin siersteenvlakke agter. Oop loopgange en parkering onder gebou. Tuingedeelte kort aandag.

Netjiese wand tot die straat en die park.

| | |
|---|---|
| ADRES | Andriesstraat 457, h/v Minnaar |
| ERFNOMMER | 2849 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Parkzicht |



Twee agtverdieping woonstelblokke haaks om tuin op straathoek. Mure is eenvoudig geleed deur middel van venstervlakke, vensterbande, grysgrof betonstene en geribte voorafvervaardigde betonpanele.

Woonplek in die middestad, wand tot Burgerspark.

| | |
|---|---|
| ADRES | Minnaarstraat 231 |
| ERFNOMMER | 746/1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Confido |



Sesverdieping woonstelblok op kolomme oor parkeerplek gelig, in noord-suidrigting op smal erf. Vensters aaneenlopend op die oosfasade tussen bande van siersteen en terrazzo. Woonstelle word langs oop loopgange aan die westekant bereik waar vaste horisontale sonbeheerstroke (later?) aangebring is om die westeson te bedwing. Die fasades en ingangsportaal is kleurvol versier met behulp

van glasuurteë1werk. Die gebou is in 'n uitstekende toestand.

As goeie en skaamtelose voorbeeld van die Modernistiese en funksionele styl van die jare sestig is die gebou 'n netjiese en belangrike plek van verblyf in die middestad.

BLOK 36

| | |
|---|---|
| ADRES | Burgerspark |
| ERFNOMMER | 3139 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Kweekhuis vir eksotiese plante |



Reghoekige gebou waarvan die ente in fassetteerde rondings eindig onder 'n vlerk- en konsertinadak van draadglas met haelnette daaroor gespan. Galvaniseerde staalkonstruksie met rooi rockface siersteen buite- en binnemure.

Landmerk en toeriste-aantreklikheid binne Burgerspark wat vele woonstelgeboue daarom bedien.

HUIDIGE GEBRUIK — Orkesverhoog

BESKRYWING — Oktagonale orkesverhoog met spits en gekurfde sinkdak en spitsversiering op agt gietysterkolomme op 'n verhoogde platform van sandsteen. Gietysterbalustrade en hout strookplafon wat uitwaaier vanaf die middelpunt. Die toestand is redelik, maar houtwerk verdien dringende aandag.

BELANG — Tipiese Victoriaanse en Patroonboek bandstand, voorafvervaardig by die gietery van Macfarlane & Co in Glasgow. Die dak, lantern en spitsversiering is in die gees van die leenperiode van die 19de eeuse era en verwys na die Chinese tempeldakke wat wyd oor die kolomsteune projekteer en Indiese gazebos uit Moslemtuine en paleiskomplekse. Een van die min follies in Pretoria alhoewel die vae funksie tog nog soms herroep word. Bron: Kuijers (1985), Meiring (1980), Picton-Seymour (1977), UP Dokumentasie.



HUIDIGE GEBRUIK Kioskrestaurant

BESKRYWING Dubbelverdieping agthoekige teekiosk in die middel van die park. Klip- (onder) en pleisterpilare (bo) ondersteun die hoeke met boë op kolomme en klipkapitele (onder) en kolomme op pleisterplinte (bo) tussen pilare. Spits grasdak, geboë projekterende ingang na Melrosehuis (q. v.) en prominente trap na die eerste verdieping teenoor. Die gebou bestaan eintlik uit twee klein vertrekkies bomekaar met wye verandas rondom. Goeie toestand.

BELANG In 1897 ontwerp Wierda 'n imposante agthoekige kiosk vir Burgerspark. Weens finansiële probleme en die Vryheidsoorlog is dit nooit gebou nie alhoewel dit by meer as een geleentheid die tenderstadium bereik het.



In 1909 word die gedagte weer voorgestel en in 1910 kry VS Rees-Poole opdrag om die kiosk te ontwerp. Hy had 'n vrye hand met die plasing van die gebou wat in September 1912 voltooi is. Dit is dadelik as teekiosk uitgehuur. Rees-Poole was die argitek van onder andere die heruitleg van Kerkplein in 1912.

Die kiosk inhibeer alle vistas van die park en maak aanspraak op aandag van oral. Dit is 'n onseker, eklektiese ontwerp, meer romanties as deurdag en vertoon swaar en stug eerder as lig en vriendelik. Dit is 'n gewilde bymekaarkomplek vir inwoners van die omgewing en Pretorianers in die algemeen. Bron: Picton-seymour (1977), UP Dokumentasie.

ADRES Jacob Marestraat 290 (Burgerspark)
ERFNOMMER 3139
HUIDIGE GEBRUIK Opsigterswoning

BESKRYWING 'n Ryklik versierde huis. Buitemure met groot pleistervlakke en ongepleisterde gedeeltes, klip- en pleisterlyswerk. Houtspaandak met ventilators, balkonne en verandas. Spitstoringdak bo ingang. In goeie toestand.

Die bestaande opsigterswoning in die Park is in 1904 voltooi en het 'n vroeëre 'tuinmanswoning'



(1893) vervang. Dit is deur die stadsingenieur as huis vir die kurator ontwerp. In 1954 is 'n sitkamer op die noordoostelike hoek deur die stadsargitek bygevoeg. Dit is in 1979 tot Nasionale Gedenkwaardigheid verklaar.

Hierdie laat-Victoriaans en/of vroeg-Edwardiaanse kothuis bestaan uit 'n losse samestelling van bouelemente wat hulleself loswikkel ' uit Patroonboekstandardisasie. Muurvlakke wissel van ongepleisterde rooi steen en klip tot pleisterwerk. Kalfstandwerk, waar lyswerk, houtstutwerk, erkers, oordrewe windvere, geute, houtkolomme, houtbalustrades en ventilators ding vrolik om aandag mee. Die hele klomp Victoriaanse oorblyfsels word in toom gehou deur die skielike rasionele dak en die prominente ingangstoring. Tussen hierdie deur is daar ook nog Art Nouveaudetail in sommige vensters en daksierwerk te bespeur. 'n Goeie voorbeeld van die eklektiese voorkeure van die tyd, en veral belangrik as 'n verdere voorbeeld van die styl, feitlik regoor Melrosehuis. Bron: Allen (1971), Meiring (1980), Rex (1959), RNG-1êer 3/1/3/Pre/14, UP Dokumentasie, Planne by Stadsraad.

BLOK 37 (KYK OOK BLOKKE 34 EN 40)

| | |
|---|---|
| ADRES | Van der Waltstraat 454, h/v Minnaar |
| ERFNOMMER | 2754 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Burgerhof |

BESKRYWING



Sesverdieping woonstelgebou met kort kant na die park onder 'n platterige staandak met groot omhang. Buitemure van blou siersteen tot trapblok en om parkeerarea op grondvlak; rooi siersteen en pleister tot ander vlakke.

Die noordfasade is in vloerhoë en woonstelwye reghoekige blokke ingedeel deur middel van 'n projekterende betonraamwerk, Hierbinne is staalvensters aaneenlopend bo afwisselende siersteen- en pleistervlakke. Deure skei trapportale van die oop suidelike loopgange met hulle swart sementvloere en staalhandrelings.

Die hele gebou, wat in 'n goeie toestand is, is vanaf die grond gelig op ronde piloti om motors te huisves. Toegange is vanaf beide van der Walt- en Minnaarstraat.

BELANG

Hierdie is 'n netjiese en sobere gebou wat die wand van die straat om die park help skep. Die beheerste kwaliteit van die argitektuur verdien verdere ondersoek.

ADRES: Van der Waltstraat 460
ERFNOMMER: 2589
HUIDIGE GEBRUIK: Verhuurbare kamers (YMCA): Hofmeyr House





Drieverdieping langwerpige aanbouing om binnehof met oorspronklik huis noordoos op erf. Ou woonhuis,met golfplaat staandak, houtdeure en -vensterrame asook 'n kaggel, verswelg deur die groter aanbouing. Laasgenoemde strek oor lengte tot diep in die erf, met kortkant - 'n eenvoudige simmetriese aansig met sentrale ingang - na die straat gerig. Om die buitekant is die grondverdiepingmuur die plint van rooi siersteen met gepleisterde baksteemuur tot onder die klein oorhang van die *geverfde golfplaat* staandak, Die trapportaal is direk agter die ingang met daaragter die leiklip plaveide sentrale binnehof en weerskante hiervan enkelrye kamers langs oop gange met gepoleerde granolietvloere. Die gange word gebaken deur rooi siersteenpilare, onder geverfde betonlateie. en lae muurtjies tussen die pilare op die twee boonste vlakke waar slegs die boonste gang 'n persstaalplafon en houtvloer het. Die 52 kamers (elk met 'n eie wasbak) deel gesamentlike bad en toiletgeriewe.

BELANG

Hierdie is 'n belangrike voorbeeld van vroeë verdigting in Pretoria, naamlik die aanbouing tot bestaande woonhuise. Die gebou was aanvanklik 'n privaathotel en later 'n losieshuis voordat dit deur die YMCA oorgeneem is. Die datum van oprigting is nie seker nie, maar is moontlik in die dertigerjare (geen dokumente is by die Stadsraad beskikbaar nie). Die gebou is in redelike toestand en herstelbaar. Dokumenteer.

ADRES Van der Waltstraat 472
ERFNOMMER 749
HUIDIGE GEBRUIK Werkswinkel

BESKRYWING Twee huise op een erf, huis aan die oostekant 'n eenvoudige gepleisterde huis onder sinkstaandak met entgewels na straat. Die ander huis staan direk op die sypaadjie (as gevolg van 'n latere straatverbreding?). Hierdie is 'n enkelverdieping woonhuis onder 'n sinkstaandak met gewel en erker na straat gedraai; gewel geartikuleer met behulp van 'n geboogde houtventilator, eenvoudige windveer en spitsversiering; verdere dakventilator in die dak self. Die mure was oorspronklik siersteen (?), maar is nou geverf en die pleisterrande om vensters en voordeur sowel as houthortjies voor erkervensters is in goeie toestand. 'n Veranda wat oorspronklik op houtkolomme gerus het soos die oorblyfsels aandui, word nou deur pypkolomme ondersteun.



BELANG Belangrik as voorbeeld van middelklas woonhuis in die stad en hoewel ekonomiese druk moontlik as 'n realistiese gevaar beskou kan word vir hierdie, nou skynbaar misplaaste reliek, behoort die voorkoms daarvan gedokumenteer en fotografeer te word.

ADRES Van der Waltstraat 480
ERFNOMMER 3121
HUIDIGE GEBRUIK Woonstelle: Mopalami

BESKRYWING Sesverdieping woonstelblok, tipies van die hoogte en argitektoniese benadering van ander woonstelblokke in die omgewing. Rooibruin siersteen met blou siersteen detail en pleisterbalustrades tot latere toegeboude balkonne onder 'n dak wat van straatvlak af plat voorkom. Lang loopgange aan oostekant, want gebou rig na park al is dit wes; groot Jakarandas frustreer uitsig, maar ook dis westeson. ' n Trapportaal sonder tierlantyntjies word belig deur 'n venster wat oor die hele wydte en hoogte daarvan strek. Goeie toestand. Onontwikkelde tuingedeelte tussen gebou en sypaadjie.



BELANG Grootste belang is die wand wat die gebou, saam met ander, vir die stedelike kamer (Burgerspark) help skep. Soos in die geval van ander geboue

om die park, kan die tuingedeelte ontwikkel word; ook die stowwerige en onnette parkeergedeelte tussen sypaadjie en straat verdien aandag en kan moontlik plavei word. Die ideaal kan wees om Burgerspark oor die straat 'uit te brei' om sodoende die grootte van die park, wat gevoelswaarde betref, te verhoog.

ADRES Minnaarstraat 329
ERFNOMMER 751/7
HUIDIGE GEBRUIK Verhuurbare kamers: Irene Court



Drieverrdieping gebou oor die volle lengte van die diep smal erf. Lae helling sinkdak hang oor die mure. Dit het kamers aan weerskante van 'n sentrale gang met badkamers en gemeenskaplike ruimtes op afgemete afstande. Klein sitkamer, eetkamer en kombuis op grondvloer, bereik vanaf portaal met smal trap.

Saam met Frozeno Residensie (q. v.), een van die weinige oorblywende losieshuise wat in die stad opgerig en nie deur aanpassing tot een verander is nie. Dit behoort verder ondersoek te word om die moontlike tipologiese en kultuurhistoriese belang daarvan te bepaal.

BLOK 38

ADRES Paul Krugerstraat 526
ERFNOMMER 785/1
HUIDIGE GEBRUIK Kommersieel en woonstelle: Rosandra

BESKRYWING





Tienverdieping woonstelgebou met winkels op grondvlak en parkering hier en op eerste vlak, bereik langs 'n smal ingang op die noordwestehoek en 'n hellende ryvlak. Daar is slegs vier woonstelle per vloer. Vensters, balustrades en brandtrap almal van staal. Die noordefasade kom as 'n gordynmuur voor hoewel vloerbande effens projekteer. Die materiale is meestal siersteen waarteen teëlpanele en mosaïekwerk tot kolomme en balke afgewys word. In 'n goeie toestand.

Vernuftige voorbeeld van goeie ontwerp in die Modernistiese styl uitgevoer op 'n baie knap

erfie. Bouvorm, materiaalgebruik en stylbeginsels verwys almal na die strewe van die jare sestig, met weerklanke van die Brasiliaanse Modernisme. Dit vorm verder 'n belangrike deel van die wand van Paul Krugerstraat en die 'poort' na die stasie.

| | |
|---|---|
| ADRES | Andriesstraat 509, h/v Jacob Mare |
| ERFNOMMER | 772 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Palm Villa |

BESKRYWING



Groot seweverdieping gebou op die straathoek. Dit bestaan uit twee bruin siersteen blokke, een wat noord, en een wat oos front. Die geheel is vanaf die grond gelig op piloti waartussen mure van bruin leiklip om die parkeergebied daaragter te beskerm. 'n Beton blad-en-balkonkonstruksie projekteer vanaf die blokvorms en word in twee volfasadepanele verenig deur vensters en blou siersteen binne die raamwerk. Die oorspronklik straattuin en rypad onderdeur 'n porte cochère is verwaarloos en in onbruik.

BELANG

Stewige voorbeeld van woonstelargitektuur in die hoofstad in die jare sestig, maar grootste belang is een van afsluiting van die parkruimte.

BLOK 39

| | |
|---|---|
| ADRES | Scheidingstraat 260 |
| ERFNOMMER | 3123 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle en verhuurbare kamers: E & R -gebou |

BESKRYWING



Vierverdieping gebou bestaande uit twee noord-suid vleuels met woonstelle waartussen 'n blok verhuurbare kamers. Saam vorm die dele 'n diep 'U' wat na Scheidingstraat mond en waarbinne 'n groot tuingebied omsluit word. Alternatiewe siersteen- en pleisterbande wissel mekaar reëlmatig af, die staalvensters in laasgenoemde vervat. Balkonne loop die volle lengte van Andriesstraat en is gerond op die hoeke; glasblokmure skei individuele balkongedeeltes. Balkonne nou almal toegebou. Drie afsonderlike laehelling sinkdakke met oorhange. Sirkulasie geskied binne die 'U' met behulp van lang

loopgange (wyer as gewoonlik) met alle pypwerk in skagte versteek.

Die sentrale blok bestaan uit kamers aan weerskante van 'n gang met wasgeriewe aan die einde van die gange as deel van die skakelportale tussen blokke. Elke kamer van 'n balkon voorsien, nou ook toegebou.

Hoofingang en sekondêre ingang vertikaal geaksentueer. Toestand goed buite, kort aandag aan die binnekant, veral die kamerblok.

BELANG

Uitsonderlike voorbeeld van woonstelle en kamers in dieselfde gebou (dit is moontlik dat gebou in fases opgerig is).Stewige en duidelike voorbeeld van die eenvoud van die Modernisme getemper met vervangde oorblyfsels van Art Deco. Styl, vakmanskap en menslikheid van ruimteskepping verdien aandag. Verdere ondersoek na die metode van verdigting in die middestad is noodsaaklik om te bepaal of hierdie rangskikking uniek is of deel van 'n patroon. Deeglike datering nodig om te vergelyk met die ander metodes van vroeëre verdigting soos huurkamers aan huise en skakelhuise. Nog 'n gebou van Burg se firma - met Lodge die argitek? Dokumenteer. Bron: Burg, Doherty & Bryant, UP Dokumentasie.



ADRES Scheidingstraat 271 & 280
ERFNOMMER 793 & 794
HUIDIGE GEBRUIK Museum: Melrosehuis buitegebou en parkering

Netjiese gegewelde stalle van Melrosehuis met koetsierswoning langsaan. Mure is gepleister, vensters het houtrame en die dak is van sink. Die staltoebehore is steeds teenwoordig en die gebou is in 'n goeie toestand.

Die gebou is van historiese en argitektoniese belang as die meer rasionele en eenvoudige buitegebou tot die ryk oorlaaide hoofhuis, beide uit die Victoriaanse era. .Dit is op die straatgrens en is 'n landmerk wat die straatbeeld oorheers. Dit is 'n Nasionale Gedenkwaardigheid.



Die draadheining en parkeerterrein langsaan op erf 795 doen afbreuk aan die straat en die gebou



en verdien aandag. Die straatmuur om erf 796/1 kan moontlik uitgebrei word en die terrein verdien om saam met diè van Melrosehuis ondersoek en ontwikkel te word.

| | |
|---|---|
| ADRES | Van der Waltstraat 533 |
| ERFNOMMER | 796/R |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis: Lunan |

BESKRYWING



Dubbelverdieping woonhuis van omtrent die jare dertig tot veertig. Grondverdieping van rooi siersteen vorm 'n plint tot 'n gepleisterde eerste verdieping waar siersteenversiering om vensters en sentrale boog oor balkon gebruik is. Pleisterversiering is weer tot die grondverdieping gevoeg, om ingangstoep en in 'n breë band wat oor die lengte van die gebou om die houtraamvensters strek. 'n Staandak van teëls hang ver oor die mure. Die huis is in 'n redelik goeie toestand,maar die tuin is verwaarloos.

BELANG

Hierdie is 'n mooi en stewige huis met duidelike, maar beheersde Art Deco botone, getemper deur Modernistiese beginsels. Die sterk eenvoudige simmetrie van die hooffasade staan steeds in die straatbeeld uit, ten spyte van die hoë geboue daarnaas.

Simpatieke beplanning en verslapping van regulasies sou beteken dat die huis gered kan word ten spyte van moontlike ontwikkeling op die terrein. Daar bestaan verder 'n moontlikheid dat die toekomstige landskappering van die terrein kan aanskakel by diè van Melrosehuis.

Die grensmuur van hierdie eiendom, vorm 'n duidelike historiese straatbeeld, veral saam met die pragtig gelede baksteenmuur van eiendom 796/1 op die hoek van van der Walt- en Scheidingstraat.

| | |
|---|---|
| ADRES | van der Waltstraat 509 – 513 |
| ERFNOMMER | 3122 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelle: Park Gardens |

BESKRYWING

Netjies en tipiese Pretoriase woonstelgebou, siersteen, pleister en staalvensters, in twee

blokke verdeel om die gesogte noordeson ten volle te benut.

BELANG — Tipologies en funksioneel. Die gebou help om die park te definieer.

ADRES — Jacob Marestraat 281
ERFNOMMER — 777
HUIDIGE GEBRUIK — Woonstelle: Cadrille



Seweverdieping woonstelgebou. Siersteen en geverfde beton- en pleisterbuitemure. Parkering onder met drie vlakke van duplekswoonstelle daarbo.

Netjiese en funksionele gebou wat, soos die Pendennisblok (q. v.) aan die westekant, 'n sombere wand help vorm waarbinne Melrosehuis tot sy volle reg kom.

ADRES — Jacob Marestraat 275
ERFNOMMER — 776 & 775
HUIDIGE GEBRUIK — Museum: Melrosehuis

BESKRYWING — Melrosehuis is reeds 'n Nasionale Gedenkwaardigheid en die voortbestaan daarvan is verseker. Dit is 'n tipies oordrewe Victoriaanse villa, saamgestel uit elke moontlike element en patroon toe gewild en word byeengehou deur die breë veranda en balustrademuur.

BELANG — Een van die min herehuise wat uit die einde van die l9de eeu in die Sunnyside gebied oorleef het. Dit is in 1886 deur die argitek(?) Vale vir George Heys gebou.




Afgesien van die kultuurhistoriese en argitektoniese waarde is die hele eiendom, met ander geboue daarop, van groot waarde as uitbreiding tot die oop gebied deur Burgerspark geskep. Die potensiaal van die ontwikkeling van die tuin en die afbrekende strukture, veral aan die oostekant van die eiendom, verdien aandag.

In werklikheid behoort die Stadsraad alle geboue en oop grond in die blokke om Burgerspark te ondersoek met die oog om die groen gebied,

waarvan die park die middelpunt is, uit te brei tot teen die woonstelgeboue oorkant. Eienaars van diè geboue kan aangemoedig word om hulle tuine op te knap en van kundige raad voorsien word tot optrede wat vir die hele stad tot voordeel sal strek. Bron: Allen (1971), Dunston (1975), Fransen (1981), Meiring (1980), Picton-Seymour (1977), RNG lêer 3/1/3/Pre/35, UP Dokumentasie.

ADRES Jacob Marestraat 261
ERFNOMMER 774
HUIDIGE GEBRUIK Woonstelgebou: Pendennis

BESKRYWING Drieverdieping siersteengebou met sterk geartikuleerde pleisteromrandings tot staalvensters onder sinkdak met lae helling en groot oorhange. Dit strek oor die hele noord-suidlengte van die smal terrein met gepleisterde loopgange aan die westekant. Prominente verandas projekteer onder plat betondakke na die straat en die oostekant. Art Deco-detail soos trapskag en handreling en ligarmature; in goeie toestand.

BELANG Hierdie gebou getuig van die rasionele netheid van die Moderne Beweging. Dit bestaan uit 'n eenvoudige reghoekige struktuur van siersteen waarteen elemente soos loopgange, vensters en balkonne op 'n oordrewe wyse as funksioneel afgewys word. Daar is binne die beperkings van standaardelemente steeds 'n doelbewuste strewe na die verlangde horisontale lyne en veral die balkonne (wat die hoek oopruk) en die loopgange is aangewend om 'n stewige stelling met min koste en geen oordadigheid te maak. Dit is moontlik in die vyftigerjare (?) opgerig en vorm 'n rustige, en tog stewige 'grens' langs Melrosehuis wat laasgenoemde toelaat om tot sy volle reg te kom. Dit is verder 'n belangrike tipologiese voorbeeld.



BLOK 40, 43, 44 & 45 (OOK DEEL VAN BLOK 37)

ADRES van der Waltstraat 518
ERFNOMMER 2579
HUIDIGE GEBRUIK Woonstelle: Lancaster

BESKRYWING



Vyf- tot sesverdieping woonstelgebou teen helling met effense knak in die oos-weslengte. Rooi siersteenmure waarin vensters met pleistervlakke bo vensters en tot suidelike oop gangbalustrades. Sterk en seker straatgesig met geartikuleerde vensteropeninge tot trapportale en patryspoorte in trapskagte. Goeie opgeknapte toestand.

Die beste voorbeeld van die tipe woonstelblok wat in hierdie gebied vanaf die vyftigerjare gebou is. Vorm saam met ander (esteties en argitektonies minder belangrike voorbeelde) 'n aangename en tipiese Pretoriase woonstelkonteks.

ADRES van der Waltstraat 550
ERFNOMMER 3231
HUIDIGE GEBRUIK Woonstelgebou: Berea Mansions

BESKRYWING

Klein dubbelverdieping woonstelgebou met 'n drieverdieping corps avant na van der Waltstraat. Dit is bekend as Berea Mansions en is moontlik in die dertigerjare opgerig. Na die voorkant is daar kenmerke van die Art Decostyl soos die dubbelverdieping 'poort', kurwes en die dakprojeksies. Om die draai verander die benadering eerder na die meer funksionele Modernisme, kompleet met die gebou 'gelig' van die grond (hier bereik deur 'n siersteenplint) 'n strewe tot die horisontale behandeling van die fasade en 'n versteekte plat dak. Mure is van siersteen of geverfde steen, die sigbare dak is van teëls en vensters is standaard staal swaairaam.



Die woonstelle is om 'n klein binnehof gerangskik en parkering is onder die gebou ingerig deur van die natuurlike helling gebruik te maak.

BELANG

Hierdie gebou is 'n klein landmerk tot Scheidingstraat en die ingang na die middestad. Dit is in 'n goeie toestand.

Dit is 'n trotse en opmerklike plek, ten spyte van of juis as gevolg van die eenvoud van argitektoniese besluit, die eenvoud van materiaalgebruik en die stewige plasing daarvan

ten opsigte van die straatpatroon. Die tweestryd tussen Art Deco en Modernisme is tipies van woonstelgeboue uit die tydperk en skep hier 'n ryk balans en effe teatrale stedelike stelling.

Ook tipologies is die gebou van belang as 'n voorbeeld van kleinere woonstelgeboue wat om gemeenskaplike binnehowe ontwerp is en waarvan voorbeelde veral in Arcadia nog bestaan.

ADRES — Jacob Marestraat
ERFNOMMER — Verskeie hierna gespesifiseer
HUIDIGE GEBRUIK — Woonhuise

BESKRYWING

Woonhuise, meestal in swakker toestande, kom hier en daar in groepe voor. Hierdie huise is almal van die eenvoudige en praktiese styl van die jare twintig en dertig, neig na die simmetriese en staan gesigkant straat toe. Feitlik almal is onder steil piramieddakke en spog met 'n veranda of twee. Tuinruimtes voor en langs die kante is dikwels verwaarloos.

BELANG

Sou hierdie huise in groter groepe voorgekom het, sou hulle van groot belang wees om 'n deel van Pretoria se argitektonies en sosiale geskiedenis te herroep. Verder is die toestand van die meeste van so 'n aard dat dit nie die fisiese bewaring daarvan sal regverdig nie, alhoewel papierbewaring oorweeg mag word. Sou die Stadsraad verslapping van sommige regulasies oorweeg mag dit natuurlik moontlik wees vir die kreatiewe argitekte om van die plekke te inkorporeer by toekomstige en onvermydelike hoogbou waarbinne die plekke elk geval op die oomblik verdwyn.



780/2



765

Groep van drie huise, Jacob Marestraat nommers 305 tot 309/erwe nommers 780/1 & /2 en 781:

Nommer 309 is in 'n swak toestand, baie verander en beskik oor weinige bewaringswaarde, behalwe dat dit deel van 'n groepie is. Nommers 305 en 306 is beide vierkantige en simmetriese hoofhuise onder geverfde sink skildakke met verandas na die



766/R



766/3

straat op voorafvervaardig betonkolomme en balustrademure.

Beide sit terug van die straat en word deur voorskoottuine bereik; beide beskik steeds oor die oorspronklike houtvensters en -deure. Bewaring is slegs moontlik met verslapping van regulasies en die wil om dit te doen.

Groep van vier huise op die hoek van Jacob Marestraat en Prinsloostraat, Jacob Marestraat nommers 338, 340 en 356 en Prinsloostraat 495/ erwe nommers 765 en 766/R, 766/2 & 766/3

Behalwe dat hierdie groepie huise deel vorm van die oorblywende woonhuise in die gebied begrens deur Jacob Maretraat, Rhodeslaan, van der Waltstraat, Scheidingstraat en Reidlaan en moontlik help om gebouhoogte na die Apiesrivier af te skaal is hulle van min argitektoniese belang en effe verspot binne die groter skaalkonteks van hulle nuwer bure. Nommer 338 verdien aandag; dit is in 'n redelike toestand en moontlik een van die huise waarin al die strewes van die gemiddelde huisbouer in die jare twintig en dertig opgesom word. Die huis is weg van die straat en word bereik tussen twee palmbome deur. Hierdie huis kan moontlik geïnkorporeer word in nuwe beplanning, maar dan nie as 'n relikwie nie, maar met 'n volwaardige en bruikbare funksie vir die toekoms. Dokumentering word sterk aanbeveel.

| | |
|---|---|
| ADRES | Die gebied tussen Jacob Marestraat, die Apiesrivier, Rhodeslaan en van der Waltstraat: adresse word genoem waar van belang |
| ERFNOMMER | Genoem waar van belang |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |



784/2

Verskeie bewoonde woonhuise kom steeds voor in die gebied begrens deur Jacob Marestraat, die Apiesrivier, Bereapark en van der Waltstraat.


Feitlik al hierdie huise vertoon die karaktertrekke soos beskryf onder Jacob Marestraat: eenvoudige basiese vorm, skilddak, veranda op kolomme en stoepmuurtjies, siersteen of geverfde plint, pleisterbomure, houtvensters en -deure (in sommige gevalle met



822/2



802/3



2570/12



2571/R

staal vervang), hier en daar 'n erker. Hulle sit terug vanaf die straat en tuine word deur middel van heinings van straat of buurman geskei. Hulle voortbestaan word veral vanaf die westekant deur woonstelgeboue bedreig, maar na die rivier se kant vorm hulle saam 'n duidelike gebied.

Min van hierdie huise beskik oor die argitektoniese of historiese waarde om 'n grootskaalse bewaringspoging van stapel te stuur. As ongesteurde groep is hulle egter van groot sosiale belang en hou 'n betekenisvolle gedeelte van die nou veranderende woonpatroon in die middestad van Pretoria in trust vir die toekoms.

Verslapping van regulasies mag dit moontlik maak om minstens die straatbeelde te bewaar, veral indien ontwikkeling agter huise of oor erfgrense in die middel van blokke toegelaat sal word. Die voortbestaan van die huidige karakter van hierdie gebied is slegs moontlik na deeglike studie van die potensiaal, probleme en oplossings. Hierdie studie is nodig. Die gebied behoort gedokumenteer te word - die geheel minstens fotografies en uitgesoekte voorbeelde van strate of individuele geboue deur opmeting en tekeninge. Sou bewaring (vir en met ontwikkeling) gunstig blyk, behoort aandag aan strate en tuine gegee te word om 'n waardevolle historiese en aangename omgewing daar te stel.

Die volgende huise, met hulle strate, verdien individuele ondersoek: Jacob Marestraat 343 (erf 784/2), 357 en 359 (822/2 &/3); die hele blok begrens deur Reidlaan en Rhodeslaan (erwe 801/R - /4, 802/3 - /5 & /R); die blok begrens deur Rhodeslaan, van der Waltstraat en Scheidingstraat (2570 & 2571).

BLOK 41

| | |
|---|---|
| ADRES | h/v Prinsloo- en van Lennepstraat |
| ERFNOMMER | 3129/R, op jongste kaart geruil met 3129/1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelgebou: Kangelani |

BESKRYWING

Groot L-vormige sesverdieping gebou met *kort hooffasade* na Prinsloostraat in 'n uitstekende fisiese en stilistiese toestand.



Die gebou het benadrukte horisontale vloere tussen gewelentmure. *Siersteen*, terrazzo, pleister en hol kleiblokke, standaard en doelgemaakte vensters, verfpatrone, glasuurteëls, oorspronklike ligte en detail sorg vir 'n ryk, maar oortuigende verskeidenheid wat beheersd tot 'n stewige en kleurvolle geheel saamgevoeg is.

Die hooftrapskag (met glasuurteëlpaneel en deurlopende vensters) en brandtrap word benadruk in die gees van die Internasionale styl. Aandag is aan elke detail gegee: vloerpatrone, paneelwerk, posbusse, blombakke, visdam en vensters ding in ' n verskeidenheid materiale om aandag mee sonder om die geheel te vertroebel. 'n Eenvoudige sinkstaandak rond die gebou af.

BELANG

Die gebou is 'n goeie voorbeeld van die Modernisme, verryk deur die Suid-Amerikaanse begrip daarvoor en Le Corbusier se Unitè d'Habitation, sonder die brutalistiese materiaalgebruik van laasgenoemde.

Dit vorm 'n sterk ingang tot van Lennepstraat, 'n kort straat wat teen die Apies doodloop en waarvan die potensiaal as stedelike ruimte en aangename woonstraat ten volle uitgebuit behoort te word met toekomstige verandering en ontwikkeling.

Die strewe van die Modernisme is moontlik in die gebou saamgevat, veral in die ideaal van totale ontwerp, tog is die gebou vry van die kliniese funksionele, wat later die beweging sou wurg. Veral die ryk wesfasade is 'n aanwins vir Prinsloostraat.

| | |
|---|---|
| ADRES | Visagiestraat 389 |
| ERFNOMMER | 3231 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelblok: Barryhof |

BESKRYWING

Dubbel- tot drieverdieping woonstelgebou teen helling opgerig en u-vormig om tuin gevou,

geverfde golfplaat staandak met redelike oorhange sodat dit vanaf naby soos 'n platdak voorkom, geverfde pleistermure op blou siersteen plintlaag en rooi siersteenstoepe en -trappe, groot ekspresiewe en projekterende betonbalkonne op dun ronde pypstutte, leiklippaadjies, rooi kleiteëlomrandings tot staal swaaivensters, straatmuur met blombakke.

BELANG

Die woonstelblok wat ca 1930 (?) opgerig is, vorm 'n bekende landmerk nadat die Apiesrivier vanaf Sunnyside oorgesteek is. Dit is effens skuins tot die straat gedraai en met die eerste oogopslag is die gebou simmetries. Verdere bestudering verklap egter die slim vereniging van simmetrie en funksionele realiteit. Die een flank is langer as die ander, die helling na die rivier word deeglik benut met twee verdiepings aan die weste- en drie verdiepings aan die oostekant, balkonne wat na die straat wys verskil en laat individualiteit binne die sterk konsep toe. Stilisties kombineer die gebou Internasionale styl vlakke, die romantiese funksionalisme (veral in detail) van Frank Lloyd Wright en verdere detail geïnspireer deur Art Deco.



Die gebou is 'n landmerk tot die 'poort' na die middestad en behalwe vir die dak, in 'n goeie toestand. Latere verbouings en veranderings is klein, duidelik te onderskei en maak geen afbreuk aan die geheel nie - in werklikheid word die deeglikheid, eenvoudigheid en krag van die ontwerp daarteen afgespeel en daardeur verhef.

| | |
|---|---|
| ADRES | Visagiestraat 379 |
| ERFNOMMER | 3128 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelgebou: Visagie Court |

BESKRYWING

Vyfverdieping woonstelgebou oor die hele noord-suidlengte van die terrein en met korter been na Visagiestraat gerig. Siersteen en kleiteël voorfasade met drieverdieping venster bo ingang om die groot hooftrap te verlig. Standaard staalvensters met latere toegeboude balkongedeeltes op die noordoostehoek. Lang loopgange, siersteen en gepleisterde beton langs die westelengte. Plat betondak versteek agter 'n lae borsweringmuur. Siersteen straatmuur, blombakke en 'n netjiese strooktuin langs een






kant. Enkelverdieping motorhuisblok aan die oostekant van die terrein. Die gebou is in 'n goeie toestand; die oop gebied voor die motorhuise verdien aandag.

Visagie Court is, soos Barryhof langsaan, 'n bedrieglik eenvoudige gebou met sterk Internasionale Styl kenmerke, veral soos in Pretoria begryp en toegepas na die eerste flirtasie met die Europese siening wat in die middel dertigerjare gekopieër is. Ekspressiewe funksionalisme speel die oorheersende rol. Individuele vensters reik na mekaar uit om die verlangde horisonta1iteit van venstervlakke te probeer bewaar; die trap en ingang word verheerlik deur die reuse opening wat die venster en deur in die plat fasade maak. Die ingang is gevolglik 'n vierverdieping poort, terwyl dieselfde venster die hooftrap van bo tot onder laat oorvloei met lig. Die hooftrap is 'n besondere en kragtige detail. Dit is 'n reghoekige trap, maar spiraal na bo langs 'n staal en hout handreling wat van die fynste en trotsste fabrieksvakmanskap getuig. Balkonne, nou toegebou, breek die monolitiese fasade op die noordoostehoek en maak hierdie draai van die gebou skielik lighartig in vergelyking met die serebrale realisme van die res.

Behalwe vir die motorhuise wat die kragtige stelling effe afwater, skep die gebou saam met Barryhof (q. v. ) 'n klein groep van groot argitektoniese waarde op 'n belangrike stedelike plek.

BLOK 42

| | |
|---|---|
| ADRES | Prinsloostraat 440 |
| ERFNOMMER | 3129/1: op jongste kaart geruil met 3129/R |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelgebou: Mimosa Court |
| BESKRYWING | Eenvoudige lang simmetriese gebou met geronde hoeke wat na van Lennepstraat oor 'n groot tuin front. Siersteen- en pleisterbande versterk die horisontale lyne, so ook die meer horisontale indeling van die vensters. Die vlak staandak van sink lyk plat en hang oor die mure. Die gebou is in 'n swak toestand. |



Die toestand en grootte van die gebou regverdig moontlik nie die bewaring daarvan nie en dit is eerder van belang as gevolg van die kontekstuele lesse daaruit te leer. Dit vorm saam met Kangelani (q. v.) 'n port tot van Lennepstraat en die tuin kan by 'n herontwerpte straat geïnkorporeer word.

| | |
|---|---|
| ADRES | Prinsloostraat 452 |
| ERFNOMMER | 2378/1 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonstelgebou: Kinnoull Mansions |

BBSKRYWING

Groot blok wat uit drie dele om 'n groot tuin bestaan. Die materiale is siersteen, gepleisterde vlakke, glasblokke, sink staandak met oorhang, standaard staalvensters en deure. Die gebou is in 'n goeie toestand.

BELANG



Hierdie is nog een van die amper tipies Pretoriase woonstelblokke wat die Internasionale styl nagejaag het en dit bereik het deur middel van eenvoudige beginsel, ontwerp en materiale. Die stad, eens 'n wêrelderkende voorloper in die gebruik van die belangrikste styl van die twintigste eeu, kan trots wees op die goeie voorbeelde wat steeds bewaar is.

In die ontwerp is daar 'n sterk strewe na die gestelde Internasionale beginsels: horisontaliteit deur middel van pleister- en vensterbande, lang, oop loopgange, balkonne (nou toegebou) asook benadrukte konstruksielyne; gebou 'gelig' van die grond deur middel van 'n siersteenplint; asimmetrie en direkte funksionalisme.

Die strewe word bereik sonder dramatiese gebruik van materiale of oordrewe nadruk van beginsels: dit is eenvoudig, direk en dit is net die afspeling van die hooftrapskag met sy glasblokke teen die rasionele gebou, wat die teoretiese benadering, binne die beperking van die realistiese, verraai.

Klein detail, neigend na die Art Deco, verklap verder die (ook) tipiese tweestryd en sintese van die twee kompeterende style wat in die stad taamlik algemeen workom.

ADRES Van Lennepstraat 383
ERFNOMMER 2590/9
HUIDIGE GEBRUIK Woonstelgebou: Matria Mansions



Vierverdieping gebou teen die helling na die Apiesrivier gebou, blou siersteen plintverdieping en gladde bruin siersteen boverdiepings, groot, oop balkonne (waarvan sommige toegebou), benadrukte sonbeheer projeksie langs die hele lengte en vertikale trapportaal na die een kant geplaas. Die dak is plat agter 'n borsweringmuur. Balkonbalustrades afgewerk met pypstange. Die gebou is weg van die straat waarvan dit geskei is met 'n stewige straatmuur en klein tuine.

BELANG

Die woonstelblok wat in die vyftigerjare (?) opgerig is, toon duidelike Internasionale stylkenmerke soos die dramatiese horisontaliteit, bereik deur venster- en balkonlyne en versterk deur die duidelike skadulyne van balkonne en sonprojeksies asook die harde lyn van die dak teen die lug; die trapportaal is afsonderlik behandel waarteen die horisontale vloerlyne nog duideliker uitstaan. Die trapportaal en handrelingdetails maak dit nog een van die Modernistiese woonstelblokke, waarvan heelwat in die onmiddelike omgewing voorkom, getemper met Art Decodetail.

Die gebou vorm 'n belangrike wand tot van Lennepstraat en verstewig die potensiaal om diè straat 'n aangename plek van kwalitatiewe bewoning te maak.

BLOK 46

ADRES van der Waltstraat 600
ERFNOMMER 2375
HUIDIGE GEBRUIK Klubhuis: SA Vervoerdienste Berea Park



Aangrensende vedieping geboue teen huidige van der Waltstraat, met klubhuis suid en klubsaal noord. Deel van uitgebreide sportkompleks met verwante strukture en tennishuisie na suidelike hoek.

Eerste gebou die sg. "Institute Building" of klubhuis, 'n drieverdieping gebou met ingang





vanaf straat op middelvlak. Gepleisterde baksteenmure met voorafgegote kolomme, onder (nou) toegeboude boë, aan straatkant tussen hol-bol gewelente; gepleisterde mure op klipplint aan oostekant. Projekterende verandas dien as pawiljoen na die sportgronde, met geprofileerde steunarms van hout teen houtstutte en golfplaat leundak. Hoofdak golfplaat saaldak met enkele nokentruiter. Meestal houtvensters, maar staalrame en geriffelde glas teen straat, houtvloere bo (tans met mat bedek), houtpaneelwerk en -trapreling geprofileer. Teëlvloer op middelvloer. Plafonne meestal soffiet en gipsbord, met geprofileerde kroonlys.

Loopbrug met houtvensters verbind klubhuis en klubsaal. Klubsaal in U-vorm met golfplaat saaldakke en gewels. Binneruimte bedek met platdak. Portiek as ingang na saal, met portaal daaragter. Hier is parketvloer en kaartjieskantoor met houtraam en loodglas. Hoofsaal met houtvloer, reliefpaneelwerk en pilasters, profileerde kroonlys en hoë plafon. Verhoog met hellende houtvloer sentraal, kleedkamers daaragter en in kelder. 'n Sysaal met houtblokkiesvloer, gevierde trap en balkon wat oor die saal uitkyk is later aangebou. Die onderste vlak wat teen die sportgronde grens, huisves kombuise en onthaallokale.

BELANG



Berea Klub bestaan reeds sedert die jare negentig van die vorige eeu, met die huidige klubhuis en saal onderskeidelik opgerig in 1907 en 1926, met talle aanbouings aan die saalkompleks voor 1938. Aanvanklik het die klub die enigste sportfasiliteit in jong Pretoria gebied, met die Spoorweg Klub wat ook dienste soos 'n biblioteek, musiekkamer en kroeg hier aan sy lede beskikbaar gestel het. Die kompleks bereik 'n hoogtepunt teen die veertigerjare, waarna geen noemenswaardige aanbouings plaasvind nie. Behalwe vir administratiewe kantore, word 'n groot deel van die klubhuis tans gebruik as konferensie/onthaal geriewe. Redelike toestand, maar kort tog herstelwerk. Besondere kultuurhistoriese waarde en belangrike landmerk by die suidelike ingang na die stad.

| | |
|---|---|
| ADRES | van der Waltstraat 582 & 584 |
| ERFNOMMER | 2217/1 & 2217/3 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |

BESKRYWING



Groot skakelhuis teen 'n steil helling langs Berea klub. Vlak op sypaadjie gebou met sentrale ingang tot elke eenheid. Sinkdak en veranda leun oor stoepe met balustrademure en voorafvervaardigde kolomme, wat deur pypkolomme vervang is by nommer 584. Motoringange aan weerakante na agterplaas waar gebou hoog op 'n klipplint gelig is. Toestand is swak, maar kan herstel word.

Tipologies en as deel van die konteks wat nog in die wyer buurt bewaar gebly het, help dit om die gevoel van oopte na die Apiesrivier te versterk. Dokumenteer.

BLOK 48

| | |
|---|---|
| ADRES | Loopstraat 36 – 38 |
| ERFNOMMER | 2190 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |

BESKRYWING



Skakelhuis onder sinksaaldak met wolwe-ente en borswering skeimuur; veranda oor volle lengte rus op siersteenpilare en balustrademuur; was heel moontlik oorspronklik op houtkolomme; reghoekige geboude erkers projekteer onder veranda vlak op straat gebou. In redelike toestand.

Die huis is ingedruk tussen woonstelblokke en die twee huise op erf 2191 en is heelwat verander, maar nie sodanig dat die oorspronklike vorm en detail nie minstens op papier rekonstrueer kan word nie. Belangrik as voorbeeld van skakelhuise, waarvan daar eens baie in hierdie omgewing moes gewees het na aanleiding van die groot persentasie wat in die oorblywende voorbeelde van residensiële geboue oorgebly het. Behoort minstens gedokumenteer te word.

| | |
|---|---|
| ADRES | Scheidingstraat 261 |
| ERFNOMMER | 2184 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis |



Siersteemure in Bataafse verband met uitgedrukte voeë op klipplint, met klipgewelmuur en -skoorsteen. Veranda aan twee kante, erkervenster. Golfplaat saaldak. Oorspronklik houtvensters, sommige vervang met staalrame.

Groepsverband met woonhuise in Bloem-, Loop- en Tullekenstrate asook tipologies.

BLOK 49

| | |
|---|---|
| ADRES | Railwaystraat 22 |
| ERFNOMMER | 3178 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Belgrave Hotel |

BESKRYWING



Drieverdieping gebou op straathoek met gepleisterde baksteenmure op siersteenplint (nou geverf). Projekterende veranda op voorafgegote kolomme in pare en enkelstaande, 'n sentrale ingang onder halfronde lyswerk. Boonste verdieping met geartikuleerde mure, teruggesette vensters en balkonne met voorafvervaardigde balustrade. Houtraamdeure met glas en staalraamvensters met klein ruite. Die golfplaat saaldak is versteek agter 'n borsweringmuur met teëlwerk aan straatkant. Vloere van ouer dele linolium, andersins mat. Plafonne oorspronklik persstaal, ook enkele gipsbord. "n Spesiale detail is die daklig in die eetkarner met sy profileerde windveer en houtlys. Aanbouings oos van hoofgebou.

BELANG



Geleë langs 'n toevoerroete na die middestad is die hotel 'n landmerk in die omgewing. Die gebou is in 'n goeie toestand en uiterlik onveranderd. Dit is in 1929 opgerig en ontwerp deur die argitekte Hoffman en Hoffman. Groepsbelang met stasie naasliggend. Tipologies belang met die nabygeleë Victoria Hotel. Detail herinner aan Art Deco van die twintiger jare. Bron: Meiring (1980), UP Dokumentasie.

(OOK DEEL VAN BLOK 52)

| | |
|---|---|
| ADRES | Scheidingstraat 299 |
| ERFNOMMER | 2200 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis |

BESKRYWING — Enkelverdieping woonhuis vlak teen straat. Kleiteëldak met klein ingangsveranda.

BELANG — Skaaloorgang na Melrosehuis en die hellende gedeelte na die Ooste.

| | |
|---|---|
| ADRES | Scheidingstraat 281 – 283 |
| ERFNOMMER | 2201/5 & -/R6 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |



Gegewelde skakelhuis met 'n lae sandsteenplint en -pilaartjies tot voorafvervaardigde betonkolomme; geboogde gewelventilators en netjiese windveerwerk in goeie toestand; sinkstaandak. Baie, maar nie onherstelbaar verander nie; stoepe toegebou.

Voorbeeld van vroeë verdigting in Pretoria: twee woonplekke op een erf. Min van hierdie plekke het oorgebly en die gebou verdien minstens dokumentasie. Kontekstueel en skaalsgewys in pas met omgewing oorkant straat, na die oostekant en ook die blokvormige en moderne siersteenhuis na die westekant.

| | |
|---|---|
| ADRES | Bloemstraat 6 & Bloemstraat 8 |
| ERFNOMMER | 2188/1 & 2188/R |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis & pastorie |



2188/1

Twee (oorspronklik) identiese kothuise onder steil sinkdakke met driehoekige ventilators en afdakke agter. Verandas, waarvan een toegebou; vlak teen die straat opgerig. In redelike toestand, maar kort onderhoud.

Kontekstueel. Moet gedokumenteer word.

| | |
|---|---|
| ADRES | Bloemstraat 10 |
| ERFNOMMER | 2178 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuis en kamers |

BESKRYWING — Blokvormige woonhuis met verandastoep op kolomme en balustrademuur aan die weste- en



noordekant. Aanbouing aan suidekant bestaan uit 'n U-vormige blok van verhuurbare kamers. Sinkdakke, staal- en houtvensters. In minder goeie toestand.

Moet gedokumenteer word as een van die laaste voorbeelde van hierdie metode van verdigting wat in die middestad van Pretoria oorgebly het. Kontekstueel tot Bloemstraat.

| | |
|---|---|
| ADRES | Tullekenstraat nommers 11, 15 & 17, 19, 21 & 23, 27 |
| ERFNOMMER | 2277, 2278, 2279, 2280, 2281 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |
| BESKRYWING | 'n Ry huise wat die hele suidelike lengte van die straat beslaan, meestal in goeie toestand. Elke huis is simmetries en word vanaf die straat deur 'n tuinhekkie in pallisade- of diamantdraadheinings ook sentraal betree. Huise is naby straat en opgelyn daarlangs. |



2278

Nommer 11 is 'n eenvoudige blokvormige huis, verhef deur 'n sterk projekterende sentrale veranda op voorafgegote kolomme en netjiese traliekapwerk, weerskante waarvan 'n erker. 'n Sinksaaldak voltooi die geheel. Min verander.

Nommers 15 en 17 vorm saam 'n klein skakelhuis onder 'n sinkstaandak met afdak agter en veranda voor. Oorspronklik vorm kan terug gewin word.



2279

'n Sinksaaldak loop by nommer 19 oor in die veranda wat aan die sykante terugknak na die voorfasade. Dit rus op ligte houtsteunarms, houtkolomme en eenvoudige houtbalustrade. Houterkers projekteer uit op die stoep aan weerskante van die sentrale houtvoordeur. Aan die westekant is van die houthortjies selfs behoue.

Nommers 21 en 23 was oorspronklik eenderse huise, gespieëlbeeld, met hulle smal kante na die straat gedraai. Erkervensters projekteer verby klein verandas op voorafvervaardig kolomme en fondamentmure van gekapte klip (by nommer 23 is kolomme later vervang deur 'n siersteenboog).



2289/1

Saaldakke met driehoekige ventilators (bestaan nie meer by nommer 23 nie).

Nommer 27 is 'n groter huis as die ander, maar volg nogtans die straatpatroon en neem die skaal en konteks om die hoek van Rider Haggardstraat. Kleiteëldak met uilhortjies.

Uitsonderlike groep kothuise in goeie toestand, wat nie alleen die argitektoniese van die kleiner, meestal losstaande, huis in pag gehou het nie, maar ook die historiese verband met die straat verduidelik. Kontekstueel van groot waarde nommer 19 'n uitsonderlike, moontlike unieke, voorbeeld van 'n verandahuis, nog in volle oorspronklik vorm en detail. Straat verdien argitektoniese, stedelike en kulturele ondersoek. Dokumenteer.

ADRES Rider Haggardstraat 5 - 7
ERFNOMMER 2287/1
HUIDIGE GEBRUIK Woonhuise



Klein skakelhuis feitlik op sypaadjie onder staandak en met effe teruggesette ingangsafdakke. Redelike toestand.

Kontekstueel, kultureel ten opsigte van settling- en ontwikkelingspatrone. Behoort gedokumenteer te word.

ADRES Rider Haggardstraat 10, 12, 24, 25 en Clarastraat 28
ERFNOMMER 2290, 2291, 2294, 2299 en 2287
HUIDIGE GEBRUIK Woonhuise

BESKRYWING Losstaande woonhuise, almal van dieselfde skaal en moontlik tydperk. Almal onder sinkdakke, nommers 28 Clarastraat en 24 Rider Haggardstraat met gebroke ventileerde saaldakke; meestal met siersteenplint, later geverf; afdakke aangebou en verandas tot nommers 12 &24 asook 28 Clarastraat. Nommer 24 op erf 2294 is die beste bewaar: veranda rus op Ioniese kolomme op balustrademuur; twee erkervensters aan weerskante van voordeur. Dit was moontlik geheel van siersteen gebou, maar



2294

is nou geverf. Huise meestal in redelik tot goeie toestand.

BELANG

Soos in die geval van die huise in Tullekenstraat, waarvan hierdie groepie 'n voortsetting is, lê die belang meestal in die kontekswaarde asook die kultureel historiese. Groot ekonomiese druk maak hulle toekoms onseker. Rekords moet opgestel word en beplanning behoort die uitsonderlike kwaliteit in ag te neem.

BLOK 52 (KYK OOK BLOKKE 50 & 51)

| | |
|---|---|
| ADRES | van der Waltstraat 625, 629, 632, 636, 640 |
| ERFNOMMERS | 346, 347, 348, 349, 350 |
| HUIDIGE GEBRUIK | Woonhuise |

Vyf blokvormige huise op aangrensende erwe, diep teruggesit vanaf die straat met groot voortuine en klip- of baksteen walmure om te kompenseer vir die hellende terrein. Heinings van diamantdraad of struikhegge. 'n Aantal trappe gee telkens toegang tot 'n veranda, meestal sentraal, onder 'n geverfde golfplaat leun- .of saaldak wat 'n verlenging van die hoofsaaldak is. Voorafgegote kolomme op veranda by nommers 346, 348 en 350 (by laasgenoemde twee is veranda toegebou). Nommer 349 se verandadak rus op geverfde siersteenmure met hout steunarms. Pyptralierelings by buitetrappe. Mure van geverfde, gepleisterde baksteen op rooi siersteenplint; enkele skoorstene in rooi siersteen. Houtdeure en staalraamvensters, met laasgenoemde telkens om 'n hoek gevorm. Buitegeboue is teen die westelike grens geleë en word deur van die erwe gedeel.




348



347

Hierdie redelik eenvormige huisegroep is geleë teen die heel suidelike grens van die middestad en dus by 'n belangrike ingang tot die stad vanaf Fonteinesirkel. Die geboue dateer waarskynlik uit die jare dertig en is moontlik deur die Spoorweë as personeelbehuising opgerig. As groep van belang as bewaarde voorbeelde van staatsgefinansierde behuising. Die geboue is in redelike toestand, herstelbaar.

ADRES Andriesstraat 598 - 622
ERFNOMMER 2367 & 2672
Geen



Leë erwe teen effense hoogte bokant straat.


Toekomstige ontwikkeling sal hier help skep aan een van die ingange en eerste indrukke van die middestad van Pretoria en behoort spesiaal aandag te geniet.

ADRES Nou Andriesstraat 596, maar gebou klou aan Railwaystraat 88
ERFNOMMER 3180
HUIDIGE GEBRUIK Magasyn: Suid-Afrikaanse Spoorweë Elektrisiteitsdepartement en -magasyn




Groot enkelverdieping werkswinkel-stoor vlak op die grens gebou; eerste vloer van hout onder 'n steil sinkdak met twee uitgeboude dakvensters na die straat; 'n laer dak vou om drie kante na agter. Ruklipfondamentmuur, hoekpilasters en pleisterwerk spreek van direkte funksionele eenvoud, be-aam deur die funksioneel geplaaste houtdeur- en vensteropeninge na die straat. 'n Groot groep los geboue agter op die erf.

BELANG Belangrik as landmerk by die suidelike ingang en as voortsetting van die styl kenmerkend aan die ZASM se oorblywende geboue oorkant die straat. Dokumenteer.




FIGUUR 5.3 - Noordelike gedeelte van die suid-oos kwadrant




FIGUUR 5.4 - Suidelike gedeelte van die suid-oos kwadrant

# BIBLIOGRAFIE

ALLEN, V. 1971. Kruger's Pretoria. Cape Town: Balkema.

ASCHENBORN, H.J. 1965. De Staatsbiblioteek der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1887-1900. Proefskrif. Univ. van Pretoria.

BASSETT, B. 1982 (a). Cataloguing and conservation in Pietermaritzburg. Cape Town: NMC.

BASSETT, B. 1982 (b). Die wetlike aspek van bewaring en restourasie en die huidige beleid van die Raad vir NasionaleGedenkwaardighede. Voorlegging aan Restourasiesimposium. Potchefstroom.

BASSETT, B. 1983. Norme by die lysting van bewaringswaardighede, in Nienaber, P.J. Die Vrystaat en bewaring. Roodeport: Cum-boeke.

BASSETT, B.1985. Conservation and development in Pietermaritzburg. Pietermaritzburg: NMC.

BIRD, P. 1987. Assessment forms for National Monuments Council. Draft. Johannesburg.

CAPE Provincial Institute of Architects. 1978. The buildings of central Cape Town. Vol. 2. Cape Town:

CITY of Melbourne. 1985. Urban conservation in the city of Melbourne. Melbourne:

CROSBY, T. 1970. The necessary monument. London: Studio Vista.

DOBBY, A. 1978. Conservation and planning. London: Hutchinson.

DÖLLING, R. 1974. The conservation of historical monuments in the Federal Republic of Germany. Bonn-Bad Godesberg: Inter Nationes.

DUNSTON, L. 1975. Young Pretoria 1889-1913. Pretoria:

DYROFF, H.D. 1980. Protection and cultural animation of monuments, sites and historic towns in Europe. Bonn: UNESCO.

FAWCETT, J. 1976. The future of the past. London: Thames and Hudson.

FEILDEN, B.M. 1982. Conservation of historic buildings. London: Butterworth.

FRANSEN, H. 1981. Drie eeue kuns in Suid-Afrika. Pietermaritzburg: Anreith.

FREEMAN, P., Martin, E. & Dean, J. 1985. Building conservation in Australia. Redhill: RAIA Education division.

GERNEKE, C. 1980. Building conservation a descriptive bibliography. Pretoria: University of Pretoria.

GREIG, D.E. 1970. Herbert Baker in South Africa. Cape Town: Purnell.

GREIG, D.E. 1971. A guide to architecture in South Africa. Cape Town: Timmins.

HARVEY, J. 1972. Conservation of buildings. London: John Baker.

HERHOLDT, A. & Prescura, F. 1986. Uitenhage conservation impact study. Port Elizabeth: Department of Architecture, University of Port Elizabeth. 3 vols.

HOLM, D. & Holm, A. 1984. Die Paleis van Justisie, Kerkplein, Pretoria. Restorica. nr. 15. April:9.

HONIBALL, T. 1987. Die Stadsraad en bewaring. PAV-Nuusbrief. no. 1 van 1987: 1-2.

ISM. 1977(a). Minutes of meeting of the Conservation Committee held on 15 February. Johannesburg. 5 p.

ISM. 1977(b). Minutes of meeting of the Heritage Committee held on 23 February. Johannesburg. 5 p.

ISM. 1977(c). Minutes of meeting of the Joint Provincial Committee on Conservation held on 10 May. Johannesburg. 8 P.

ISM. s.a. Listing procedure manual. Johannesburg. 12 p.

I S M Heritage Committee. s.a. List of identified Transvaal heritage buildings. Johannesburg.

JACKSON, J.N. 1968. Surveys for town and country planning. London: Hutchinson University Press.

JOOSTE, D. 1983. Die wetenskap van bewaring, in Nienaber, P.J. Die Vrystaat en bewaring. Roodepoort: Cum-boeke.

KAIN, R. 1981. Planning for conservation. London: Mansell.

KEARNEY, B. 1984(a). A revised listing of the important places and buildings in Durban. Durban: City Council.

KEARNEY, B.l984(b). Memorandum on a National Register and the importance of local significance. Report to the NMC. August. 8 p.

KERR, J.S., 1985. The conservation plan: A guide to the preparation of conservation plans for places of European cultural significance. Sydney: National Trust Australia (NSW).

KUIJERS, A. & Smit, D.M. 1985. Pretoria 'n oorsiglys van geboue in die binnestad en ander kontrolelyste. Potchefstroom: Departement Kunsgeskiedenis, PU vir CHO.

LE ROUX, S.W. 1985(a). Still Bay: a Case for conservation. Architecture SA., March/April: 35-8.

LE ROUX, S.W. 1985(b). Bewaring in Pretoria: PAV-lystingskomitee. Argitektuur SA. Sept/Okt: 16.

LE ROUX, S.W., Loubser, E., Niehaus, R., Wolmarans, G., Olivier, F. & Lotter, P. 1987. Mosques of the Western Transvaal platteland - a pilot study. Architecture SA. March/April: 26-29.

LE ROUX, S.W. 1987. 'n Stelsel om plekke van argitektoniese waarde in Pretoria vir 'n register te dokumenteer. MArch-verhandeling. Univ. van Pretoria.

LOUW, A.J. 1986. The Pretoria Architectural Society. PAS Newsletter. no. 2 of 1986: 1-2.

MARE, E.A., Gerneke, C. & le Roux, S.W. 1987. Importance of architects' views to architectural history. South African Journal of Culture and Art History. vol. 1, no 1: 76-90.

MEIRING, H. 1980. Pretoria 125. Kaapstad: Human & Rosseau.

MORTON, T.B. 1972. The people speak, in National Trust for Historic Preservation. The Washington preservation conference proceedings. Washington: National Trust.

MURTAGH, W.J. 1976. Commentary, in North American International Regional Conference. Preservation and conservation: principles and practices. Washington: Preservation Press.

NATIONAL Conservation Advisory Council. 1982. Proposal for a national institute for the preservation of cultural property. Washington:

NATIONAL Trust for Historic Preservation. 1967. Historic preservation tomorrow. Williamsburg:

NATIONAL Trust for Historic Preservation. 1976. A guide to delineating edges of historic districts. Washington: Preservation Press.

NATIONAL Trust for Historic Preservation. 1980(a). Recommended model provisions for a preservation ordinance with annotations. Washington:

NATIONAL Trust for Historic Preservation. 1980 (b). Basic preservation procedures. Information sheet no. 20. Washington: Preservation Press.

NAUDÉ, M. 1985. Die museum en die lysting van geboue in Pretoria. Museummemo, vol. 13, no. 2: 11-12.

OBERHOLSTER, J.J. 1971. Die historiese monumente van Suid-Afrika. Kaapstad: Kunsstigting Rembrandt van Rijn.

OSTROWSKI, W. s.a. Historic areas in city planning present trends. Paris: Centre de Recherche d'urbanisme.

PAPAGEORGIOU-VENETAS, A. 1981. Conservation of the architectural heritage of Greece: means, methods and policies in Kain, R. Planning for conservation. London: Mansell.

PHILLEPOT, P. 1976. Historic preservation: philosophy, criteria, guidelines, in North American International Regional Conference. Preservation and conservation: principles and practices. Washington: Preservation Press.

PICTON-SEYMOUR, D. 1977. Victorian buildings in South Africa. Cape Town: Balkema.

PIETERMARITZBURG City Council. 1986. The buildings of Pietermaritzburg. Pietermaritzburg.

RANDSE Afrikaanse Universiteit. 1975. Projek opname historiese geboue in Johannesburg. Eerste verslag. Johannesburg. 16 p plus 58 registervorms.

REYNOLDS, J. 1982. Historic properties preservation and the valuation process. Chicago: American Institute of Real Estate Appraisers.

REX, H.M. 1960. Pretoria van kerkplaas tot regeringsetel. Pretoria: HAUM.

REX, H.M. 1974. Die lewe en werk van Sytze Wierda in Nederland met verwysing na sy betekenis vir die Z.A.R. Proefskrif. Univ. van Pretoria.

ROYAL Borough of Kensington and Chelsea. 1984. Urban conservation and historic buildings a guide to the legislation. London: Architectural Press.

RUPERT, A. 1975. Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig? Pretoria: Universiteit van Pretoria.

SCHOOL of Architecture, University of Natal. 1979. Lüderitz and environs conservation study. Durban:

SNIPELISKY, H. 1981. Conservation and the law. Restorica., no. 7: 6-8.

STAATSKOERANT van die Republiek van Suid-Afrika. vol. 250, no. 10146: 111-148.

STADSRAAD van Pretoria. 1952. Eeufees-album Pretoria se eerste eeu in beeld. Pretoria: Van Schaik.

SUDDARDS, R.W. 1982. Listed buildings: the law and practice. London: Sweet & Maxwell.

UNESCO. 1972. Preserving and restoring monuments and historic buildings. Paris: .

URBAN Heritage of south Africa. 1970. Grahamstown a pilot study in conservation. Grahamstown:

VAN DEN ABEELE, A. 1975. La sauvegarde des petites villes historiques - aspects legaux, financiers et administratifs, in ICOMOS. Colloque sur la ccnservation des petites villes historiques. Mainz:

VAN DER WAAL, G-M. 1981. Enkele riglynvoorstelle vir die identifisering en lysting van betekenisvolle elemente in die mensgemaakte omgewing. Restorica, no 10: 33-34.

VAN DER WAAL, G-M. 1983(a). Opsomming van voordrag voor raadsvergadering van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. Verslag. Pretoria: RGN. 4 p.

VAN DER WAAL, G-M. 1983(b). Voorlegging aan die Raad vir die Omgewing in verband met die stand en leemtes van die bewaring van betekenisvolle elemente in die mensgemaakte omgewing. Verslag. Pretoria: RGN. 3 p.

VAN DER WAAL, G-M. 1985. Voorgestelde kriteria vir die seleksie van betekenisvolle elemente in die beboude omgewinq. Verslag. Pretoria: RGN. 4 p.

VAN SCHOOR, M.C.E. 1983. Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en bewaring, in Nienaber, P.J. Die Vrystaat en bewaring. Roodepoort: Cum-boeke.

WARD, P. 1968. Conservation and development in historic towns and cities. Newcastle upon Tyne: Oriel Press.

ZIEGLER, A.P. & Kidney, W. 1980. Historic preservation in small towns a manual of practice. Nashville: American Association for State and Local History.

KRITERIA VIR DIE IDENTIFISERING VAN BETEKENISVOLLE ELEMENT IN DIE MENSGEMAAKTE OMGEWING

1. ASSOSIASIE

1.1 Histories: kontinuiteit van karaker van "plek": identiteit.
1.2 Kultureel: gebeurtenisse
figure
leef- en werkgewoontes van 'n periode/gebied
maatskaplike/kulturele groepe.

2. VISUEEL

2.1 Intrinsieke waarde: opvallende vorm, baken
: besondere skoonheid (eksterieur/interieur)
2.2 Kontekstuele waarde : uistaande baken in gebied waarmee dit 'n eenheid vorm
: tiepiese voorbeeld van onroerende voorwerpe wat 'n besondere eenheid vorm.

3. OPVOEDKUNDIG-WETENSKAPLIK

Besondere voorbeeld van 'n bepaalde tipe (soort gebruik) volgens tyd, maatskaplike groep en gebied
" styl
" argitek/bouer
" ligging
" konstruksie.

4. BENUTTINGSPOTENSIAAL

4.1 Gunstige ligging.
4.2 Alternatiewe gebruike.
4.3 Konstruksionele stabiliteit.
4.4 Houding van eienaar.
4.5 Omvang van ver- en aanbouings.



Dr. G-M. Van der Waal
SEKUN, RGN
31 Oktober 1985

Bylae 1

RAAD VIR NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE

RNG VERWYS:

# DATAVORM

VOLTOOI TOEPASLIKE AFDELINGS

## 1. ONDERWERP

NAAM VAN GEBOU/PLAAS/GEBIED ens

HUIDIGE:

VORIGE:

### ADRES

STRAAT & NOMMER:

ERF/PLAAS Nr.

DORP/DISTRIK:

STREEK:

### EIENAAR

NAAM:

ADRES:

TEL: (H)

(W)

HUIDIGE GEBRUIK:

VORIGE GEBRUIK/E:

DATUM OF PERIODE VAN OPRIGTING:

ARGITEK/BOUER:

## 2. FOTO'S

MINSTENS EEN DUIDELIKE FOTO WAT DIE BELANGRIKSTE KENMERKE VAN DIE GEBOU AANDUI

Bylae 2-1

# 3. BESKRYWING

ALGEMENE BESKRYWING: (planvorm, aantal verdiepings, ens)

| | GOED | REDELIK | SWAK |
|---|---|---|---|
| TOESTAND | | | |

## MATERIALE & AFWERKING BESKRYF KORTLIKS

### BUITEKANT

| | GOED | REDELIK | SWAK |
|---|---|---|---|
| DAK: (sluit skoorstene, gewels, ens in) | | | |
| MURE: | | | |
| DEURE: | | | |
| VENSTERS: | | | |
| VERANDA/STOEP: | | | |
| DEKORATIEWE ELEMENTE: | | | |
| ANDER KENMERKE: | | | |

### BINNEKANT

| | GOED | REDELIK | SWAK |
|---|---|---|---|
| MURE: | | | |
| VLOERE: | | | |
| PLAFONNE: | | | |
| DEURE: | | | |
| ANDER KENMERKE: (trappe, vuurherde, muurkaste, muurskilderye, ens) | | | |

Bylae 2-2

RNG VERWYS:

INTEGRITEIT

ONVERANDERD ☐ SIMPATIEKE VERANDERINGS ☐ ONSIMPATIEKE VERANDERINGS ☐ UITBREIDINGS ☐

BESKRYF:

TERREINKENMERKE BUITEGEBOUE, TUIN, MURE, HEININGS, HEKKE, ens

VERHOUDING EN BYDRAE TOT OMGEWING (STRAATBEELD, BUURT, ens)

# 4. GESKIEDENIS

KORT BESKRYWING VAN DIE GESKIEDENIS VAN DIE EIENDOM, EIENAARS, BOUER, ens

INDIEN DIE SPASIE ONVOLDOENDE IS, BREI UIT OP APARTE VEL

BIBLIOGRAFIE EN VERWYSINGS (LITERATUUR, MONDELINGSE VERTELLINGS, KUNS, FOTO's, ens)

Bylae 2-3

# 5. BELANG MAAK 'N KRUISIE WAAR TOEPASLIK

## 1. HISTORIESE

VERBINTENIS MET 'N HISTORIESE FIGUUR/GROEP

VERBINTENIS MET 'N HISTORIESE GEBEURTENIS/WERKSAAMHEID

## 2. KULTURELE

VERBINTENIS MET GODSDIENSTIGE, SOSIALE, EKONOMIESE OF POLITIEKE AKTIWITEIT

ILLUSTREER 'N HISTORIESE TYDPERK OF LEEFWYSE

## 3. ESTETIESE/ARGITEKTONIESE

BELANGRIKE VOORBEELD VAN 'N TIPE GEBOU

BELANGRIKE/TIPIESE VOORBEELD VAN 'N STYL OF TYDPERK

FYN BESONDERHEDE/VAKMANSKAP/ESTETIES

WERK VAN 'N BELANGRIKE ARGITEK/BOUER

## 4. WETENSKAPLIKE/TEGNIESE

BELANGRIKE VOORBEELD VAN INDUSTRIELE-/TEGNIESE-/INGENEURS- ONTWIKKELING

NUWE/SELDSAME/EKSPERIMENTELE BOUTEGNIEK VIR DIE TYDPERK

WETENSKAPLIKE BELANG, ARGEOLOGIES/PALEONTOLOGIES/GEOLOGIES/DIERKUNDIG

## 5. OMGEWING

BAKEN IN DORP/STAD

LEWER BYDRAE TOT KARAKTER VAN BUURT/GEBIED

LEWER BYDRAE TOT KARAKTER VAN STRAAT/PLEIN

DEEL VAN 'N BELANGRIKE GROEP GEBOUE

# 6. BEWARINGSPOTENSIAAL

EIENAAR SE HOUDING:

HUIDIGE SONERING:

MOONTLIKE BEDREIGINGS VIR EIENDOM:

IS DIE HUIDIGE GEBRUIK TOEPASLIK?

# 7. BESKERMING AANBEVEEL

NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID

NASIONALE REGISTER

BEWARINGSGEBIED

ANDER (spesifiseer)

KOMMENTAAR:

INGEVUL DEUR: DATUM

INRIGTING: TEL:

ADRES:

## VIR RNG-GEBRUIK

NAGESIEN DEUR: DATUM:

OPMERKINGS & AANBEVELINGS:

AANBEVELING VAN STREEKKOMITEE VERGADERING VAN

JULIE 1987

Bylae 2-4



ISBN 0 620 14593 5